



**’N SEMANTIES-PRAGMATIESE STUDIE VAN TEKSVERSORGING, MET  
SPESIFIEKE FOKUS OP DIE HANTERING VAN VERMEENDE  
TAALFOUTE.**

**PIETER HENDRIK LUTTIG**

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad

**MAGISTER TECHNOLOGIAE:**

**TAALPRAKTYK**

in die

Departement Kommunikasiewetenskappe  
Fakulteit Geesteswetenskappe

aan die

Technikon Vrystaat

Studieleier: Dr. HL Esterhuizen, D.Litt., HOD

BLÔEMFONTEIN

2003

Ek, PIETER HENDRIK LUTTIG, verklaar hiermee dat die navorsingsprojek wat vir die verwerwing van die graad MAGISTER TECHNOLOGIAE: TAALPRAKTYK aan die Technikon Vrystaat deur my voorgelê word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my of enige ander persoon ter verwerwing van enige kwalifikasie voorgelê is nie.

  
.....  
HANDTEKENING VAN STUDENT

2003-03-07  
.....  
DATUM

## ERKENNINGS

Die navorser spreek eerstens sy dank uit teenoor die Skepper vir die geleentheid van verdere studies/navorsing en die vermoë om hierdie studie te voltooi.

Die navorser se opregte dank gaan uit teenoor dr. HL Esterhuizen (studieleier) vir sy hoogs gewaardeerde vakkundige leiding. Sonder sy onbaatsugtige en deurentyd positiewe kritiese insette, sou dit nie vir die navorser moontlik wees om hierdie studie te voltooi nie. Dankie ook vir Doktor se Pa- en vriend-wees deur 'n studie vol slaggate en baie nuwe insigte!

Verder spreek die navorser ook dank teenoor die volgende persone uit:

- Sy ouers en familie vir hul aanmoediging en ondersteuning in die onderneming van nagraadse studies.
- Die navorser se eertydse dosente vir die grondslag wat hulle vir hom gelê het (as vakkundige en volwassene).
- Vakkundiges op die gebied van teksversorging (en verwante studiegebiede) vir hul (waarskynlik onbewuste) leiding en inspirasie deur middel van studies/lesings/artikels/boeke deur hulle gelewer.
- Me. E Wessels, vir die vertaling van die opsomming in Engels.
- Marlesé Viljoen, vir haar ondersteuning en praktiese hulp in die afhandeling van hierdie navorsingstuk.
- Alle persone wat direk of indirek (deur middel van ondersteuning en inspirasie) bygedra het tot die voltooiing van hierdie navorsingstuk.

## OPSOMMING

Teksversorging word deur verskeie persone met verskillende opvoedkundige agtergronde gedoen. Watter universele beginsels/standaarde/norme is dan van toepassing op teksversorging? `n Kernnorm wat deur die navorser voorgestel word vir alle ander norme in die praktyk van teksversorging, is dat die teksversorger (en dus die teksversorgingsaksie) moet bydra tot die suksesvolle oordra van die bedoelde betekenis van die tekspleger aan die teksgebruiker.

`n Norm moet ook voorsiening maak vir afwykings. In die taalkunde word daar nie net tussen korrek en verkeerd onderskei nie. Uitinge/teks word ook geklassifiseer in terme van aanvaarbaar/nie-aanvaarbaar. Die teksversorger moet dus daarop bedag wees dat, alhoewel sekere tekste afwyk (taalafwykings) van die daargestelde norm (byvoorbeeld standaardtaal), sodanige teks steeds binne `n sekere konteks/situasie aanvaarbaar mag wees, omrede dit tot kommunikasie bydra.

Pragmatiek handel oor die interpretasie van uitinge in konteks. Soos blyk uit die bestudering van bedoelde, implisiete en vooronderstelde betekenis, speel konteks `n belangrike (bepalende) rol in die interpretasie van uitinge. Die teksversorger moet ook aandag skenk aan kohesie- en koherensieskakels in teks.

Semantiek is die studie van die betekenis van woorde of uitdrukkings. Betekenis word deur elke persoon geskep met inagneming en toepassing van die konvensionele aard van taal. Die konvensionele aard van taal dui daarop dat daar `n gemeenskaplike wete bestaan oor wat woorde (as tekens/simbole van betekenis) beteken. Tydens teksversorging moet toegesien word dat hierdie konvensies in taal eerbiedig word ten einde effektiewe kommunikasie te bevorder.

Deur ervaring ontwikkel die teksversorger sy vaardighede en hy doen ook kennis op wat bydraend tot sy professionele kundigheid is. Hoewel redelik beperk in Suid-Afrika, is internasionale handleidings oor die praktyk van teksversorging/proeflees geredelik beskikbaar. Verskeie modelle/stelle proeflees-/teksversorgingstekens is

beskikbaar, waaruit die teksversorger `n keuse/keuses uitoefen en sodanige model(-le) uniform toepas. In die praktyk van teksversorging is dit belangrik om na etiese norme ook te kyk. `n Teksversorger moet deur middel van, byvoorbeeld, erkenning van die tekspleger se eie skryfstyl, voortdurende professionele ontwikkeling en toepassing van streng standaarde, `n professionele bydrae lewer tot die teks wat versorg word.

**In kort behels die pligte van die teksversorger dus:**

- die versorging van teks tot die beste van sy vermoë,
- die toepassing van gepaste norme, en
- die lewering van `n bydrae tot die kommunikatiewe sukses van die teks,

**met inagneming van die tersaaklike faktore in die praktyk van teksversorging.**

## SUMMARY

Text editing is undertaken by different persons with varying educational backgrounds. Which universal principles/standards/norms are then applicable to text editing? A key norm proposed by the researcher for all norms in the practice of text editing is that the text editor (and thus the action of text editing) must contribute to the successful communication of the intended meaning between the writer of the text and the reader of the text.

A norm should also allow for deviations. Linguistics not only differentiates between right and wrong; text/utterances are also classified in terms of acceptable/unacceptable. The text editor must therefore be mindful of the fact that, although certain texts do deviate (language deviations) from the prescribed norm (for example, standard language) such text may still be acceptable within a certain context/situation, simply because it contributes to the communication process.

Pragmatics deals with the interpretation of expressions in context. As is evident from the study of intended, implicit and presupposed meaning, context plays an important (defining) role in the interpretation of expressions. The text editor must also pay attention to cohesion and coherence links within text.

Semantics is the study of the meaning of words or expressions. Meaning is created by each individual, with due consideration and application of the conventional nature of language. The conventional nature of language leads one to the conclusion that there is common knowledge as to the meaning of words (as signs/symbols of meaning). The text editor must be sure to respect these conventions in language in order to promote effective communication.

Through experience the text editor not only develops his skills, but also gains knowledge that supplements his professional expertise. Although supply is relatively limited in South Africa, international manuals on practical text editing/proofreading are quite readily available. Several different models or sets of proofreading/text

editing marks are available, from which the text editor may exercise a choice(s). The text editor will then apply his chosen model(s) in a uniform manner. Within the profession of text editing it is very important to consider ethical norms. By means of, for example, recognition of the text writer's own writing style, as well as continuous professional development and the application of strict standards, the text editor must make a professional contribution to the text he is editing.


**In short, the duties of the text editor are as follows:**

- **the editing of text to the best of his abilities,**
- **the application of relevant norms, and**
- **the making of a contribution to the communicative success of the text,**

**with due consideration of the relevant factors within the profession of text editing.**

# Inhoudsopgawe

	<i>Bladsynr.</i>
<i>Hoofstuk 1</i> .....	1
<b>Probleemstelling</b>	
<i>Hoofstuk 2</i> .....	3
<b>Konseptualisering</b>	
<i>Hoofstuk 3</i> .....	7
<b>Benaderings</b>	
<i>Hoofstuk 4</i> .....	8
<b>Inleiding tot teksversorging</b>	
4.1 Agtergrond .....	8
4.2 Doel van teksversorging .....	9
4.3 Praktyk van teksversorging .....	10
4.4 Hoofstukindeling (Hoofstukke 5 – 10) .....	10
<i>Hoofstuk 5</i> .....	12
<b>Norme vir teksversorging</b>	
5.1 Inleiding .....	12
5.2 Wat is `n norm? .....	14
5.3 Die nut van normering .....	15
5.4 Taalfoute en taalafwykings .....	24



5.5	Wie lê norme neer? – Deskriptiwiteit vs. preskriptiwiteit .....	35
5.6	Eienskappe van taalnorme .....	39
5.7	Standaardtaal .....	42
5.8	Vlakke waarop normering gedoen word .....	45
5.9	Universele, interne en eksterne norme .....	46
5.10	Die taalgebruikmoniteringsplig van die taalkundige .....	47
5.11	Normering vir hierdie studie .....	50
5.12	Adviesbronne vir taalnormering .....	50
5.13	Die hantering van taalnorme in teksversorging .....	51
5.14	Samevatting .....	52

**Hoofstuk 6** ..... 54

**Pragmatiek en teksversorging**

6.1	Inleiding .....	54
6.2	Konteks .....	55
6.3	Intensionaliteit (bedoelde betekenis) .....	58
6.4	Implisiete betekenis en vooronderstelling .....	59
6.5	Kohesie .....	61
6.6	Koherensie .....	64
6.7	Taalpurisme .....	67
6.8	Samevatting .....	68

**Hoofstuk 7** ..... 70

**Semantiek en teksversorging**

7.1	Inleiding .....	70
-----	-----------------	----

7.2	Hoe ontstaan betekenis? .....	71
7.3	Betekenis-toepassing .....	72
7.4	Denotatiewe en konnotatiewe betekenis .....	74
7.5	Homonieme en homofone .....	76
7.6	Idiomatiese taalgebruik .....	80
	7.6.1 <i>Die metafoor</i> .....	80
	7.6.2 <i>Paradoks</i> .....	80
	7.6.3 <i>Oksimoron</i> .....	81
	7.6.4 <i>Ironie</i> .....	81
	7.6.5 <i>Sarkasme</i> .....	81
	7.6.6 <i>Litotes</i> .....	81
7.7	Semantiek en die teksversorger - Samevatting .....	82
<b>Hoofstuk 8</b> .....		83
<b>Praktiese wenke</b>		
8.1	Inleiding .....	83
8.2	Teksversorgingsvaardighede .....	83
8.3	Benodighede vir die teksversorgingsaksie .....	85
8.4	Voordat met die teksversorging begin word .....	86
8.5	Sistematiese benadering tot die versorging van `n teks .....	87
8.6	Norme in teksversorging .....	88
8.7	Konteks in teksversorging .....	89
8.8	Koherensie .....	90
8.9	Vermeende foute .....	91
8.10	Gereelde foute .....	92
8.11	Etiek in teksversorging .....	96
8.12	Samevatting .....	99

<b>Hoofstuk 9</b> .....	101
-------------------------	-----

### **Teksversorgingstekens**

9.1 Inleiding .....	101
9.2 Model 1 – EP du Plessis (1979: 235-237) .....	102
9.3 Model 2 – Souder & White (1995: 5, 8, 14, 20, 26) .....	102
9.4 Model 3 – Smith & Sutton (1994: 19) .....	102
9.5 Bespreking, en ontwikkeling van eie model .....	102
9.6 Samevatting .....	104

<b>Hoofstuk 10</b> .....	106
--------------------------	-----

### **Samevatting**

### **Bylaes**

Bylaag I Gedragskode vir teksversorgers: Afskrif uit Blaauw & Boets (2000: 267) .....	109
Bylaag II Afskrifte uit EP du Plessis (1979: 235-237) .....	110
Bylaag III Afskrifte uit Souder & White (1995: 5, 8, 14, 20, 26) .....	113
Bylaag IV Afskrif uit Smith & Sutton (1994: 19) .....	118

<b>Bronnelys</b> .....	119
------------------------	-----

## **Probleemstelling**

Teksversorging word dikwels deur persone gedoen wat nie oor 'n grondige kennis daarvan en die prosesse wat daarby betrokke is, beskik nie. Du Plessis & Carstens (2000: 59) ondersteun hierdie stelling deur te meld dat daar dikwels verkeerdelik aangeneem word dat, indien 'n persoon 'n taalkursus voltooi het, hy outomaties taalversorging (en vir die doeleindes van hierdie studie, teksversorging) kan doen. 'n studie deur Du Plessis (1997: 109-110) dui aan dat werkgewers/opdraggewers geneig is om te glo dat 'n persoon in staat is om "taalversorging" te doen nadat hy 'n taalkursus deurloop het. Taalversorging/teksversorging word dwarsoor die wêreld op verskillende wyses en volgens verskillende norme gedoen, maar watter norme geld in hierdie verband in die Suid-Afrikaanse konteks?

Sover vasgestel kan word, is daar nie 'n universele norm in die Suider-Afrikaanse konteks vir wat die proses en praktyk van teksversorging presies insluit (en uitsluit) nie.<sup>1</sup> Die navorser poog met hierdie verhandeling om 'n norm vir die klassifisering en praktisering van teksversorging in die Suid-Afrikaanse konteks te ondersoek, asook om die onderliggende faktore wat die proses van teksversorging kan beïnvloed, te identifiseer en krities te beskou. Om die studie omvattend te maak, word 'n semanties-pragmatiese studie<sup>2</sup> van teksversorging uitgevoer, aangesien die semantiek en pragmatiek sentraal tot teksversorging staan. Die semantiese aspek omvat die rol van betekenis in teksversorging, terwyl die pragmatiese aspek die invloed van die konteks en die moontlike betekenisverskille wat daaruit mag voortvloei, omvat.

Aangesien daar volgens die navorser ruimte in literatuurontwikkeling rakende teksversorging bestaan, veral met betrekking tot die Suid-Afrikaanse konteks, met spesifieke verwysing na taalfoute, het die navorser die behoefte gehad om klem te plaas op 'n studie van die hantering van taalfoute in teksversorging. Die literatuur is

---

<sup>1</sup> Kyk ook Kotze (1998: 126).

<sup>2</sup> Kyk Hoofstuk 2.

nie altyd eensgesind oor of “teks” na geskrewe taal of geskrewe en gesproke taal verwys nie. Vir die doel van hierdie studie gaan daar gefokus word op teks as geskrewe taal<sup>3</sup>.

Tipografiese versorging van teks word nie misken as deel van teksversorging nie<sup>4</sup>, maar maak nie deel uit van hierdie studie nie.

Bogenoemde probleemstellings vorm gevolglik die kern van die studie:

*’n Semanties-pragmatiese studie van teksversorging, met spesifieke fokus op die hantering van vermeende taalfoute.*

---

<sup>3</sup> Kyk Hoofstuk 2: Konseptualisering

<sup>4</sup> Trouens, Kotze (1998: 107) maak die volgende stelling: “Die ontwerp van ’n teks tesame met die woorde, die inhoud, kommunikeer ’n boodskap, en tipografiese keuses sal die kommunikatiewe doel van die teks ondersteun of ondermyn.”

morfologie, semantiek, interpunksie, styl en spelling. Kan tipografiese versorging insluit. Omsluit ook alles wat met proeflees bedoel word.

- Proeflees - Die aandui van spelfoute, tikfoute, grammatikale foute op woordvlak en foutiewe spasiëring, leestekens, skryftekens, syfers, simbole.
- Semantiek - Vir die doel van hierdie studie word “semantiek” beskou as die studie van die betekenis van taaluitinge (woorde, frases, sinne, ens.). Hierdie betekenis waarna verwys word, vorm `n sentrale deel van teksversorging, aangesien teksversorging op die korrigering van foute fokus, met ander woorde, ook die korrigering van inadekwate betekenisoordrag.
- Pragmatiek - Pragmatiek verwys na die gebruik van taal in konteks. Dit dui op die beklemtoning van `n spesifieke betekenisfaset wat plaasvind deur die gebruik van taal in konteks, asook op die bedoelde betekenis van die skrywer.
- Teks - Woordinhoud, geheel van `n geskrif, rede, ens./ geskrewe materiaal. In hierdie studie word daar hoofsaaklik na teks as `n geskrewe medium (in teenstelling met die gesproke medium) van taal verwys. Carstens (1997: 5) definieer teks as “`n tegniese term wat gebruik word om die verbale weergawe van `n bepaalde taalgebeurtenis in `n besondere taalkonteks aan te dui”, asook “... `n stuk taalgebruik wat deur die betrokke teksdeelnemers as EENHEID ervaar en aanvaar word op sintaktiese, semantiese en pragmatiese gronde” (Carstens; 1997: 82). Volgens Schiffrin (1994: 378, 379) kan teks gedefinieer word as die

linguistiese inhoud van uitinge: die stabiele semantiese betekenis van woorde, uitdrukkings en sinne, maar nie die gevolgtrekkings wat deur hoorders gemaak kan word as gevolg van die konteks van die uiting waarbinne die woorde, uitdrukkings en sinne gebruik word nie. Brown & Yule (1991: 190) meld dat teks as die verbale rekord van 'n kommunikatiewe gebeurtenis beskou kan word. Die navorser omskryf teks vir die doeleindes van hierdie studie soos volg:

'n Hoofsaaklik geskrewe (maar soms ook gesproke) weergawe van 'n kommunikatiewe poging.

- Taalfout<sup>5</sup> - 'n Ontoelaatbare afwyking van die norm (Carstens, 1994: 8).
- Konteks/situasie - Konteks en situasie help met die interpretasie van die teks deurdat nie net die semantiese betekenis van die teks en sy samestellende dele (morfeme, woorde, ens.) in ag geneem word nie, maar ook in die sin dat talige elemente (in die geval van konteks) en nie-talige/buitetalige elemente (in die geval van situasie) 'n invloed uitoefen op die interpretasie van die teks. Kyk Hoofstuk 8 vir voorbeelde.
- Taalgemeenskap - Alle gebruikers van 'n spesifieke taal.

Met verwysing na die manlike (hy, sy, hom, ens.) word ook die vroulike ingesluit.

Pragmatiek is die studie van die wyse waarop 'n teks geïnterpreteer word na aanleiding van die gebruikskonteks daarvan. Dit handel dus oor “taal in praktyk”. Pragmatiek in teksversorging omvat die hantering van foute in teks met spesifieke

<sup>5</sup> Kyk 5.4 Taalfoute en taalafwykings.

verwysing na foute in die oordra van die bedoelde betekenis van die skrywer. (Vir verdere inligting, kyk paragraaf 6.1.)

Verwysings na foute, korrigering, ens. in die studie moet beskou word in die konteks van die studie, en nie in `n algemene konteks nie.

In hierdie navorsingstuk sal na uitinge sowel as teks verwys word. Die fokus sal deurgaans egter op die geskrewe medium val en beide bogenoemde terme sal die geskrewe medium impliseer.

Voorbeeldsinne wat ingekap word, sal in vetdruk genommer word met `n “T” (vir “teks”) vooraan, byvoorbeeld “T1”, “T2”, ensovoorts.

## **Benaderings**

Die navorser het 'n literatuurstudie gedoen ten einde kennis te versamel rakende die navorsingsonderwerp.

Navorsing is eerstens gedoen om antwoorde te soek op vrae soos “Waarom word teksversorging gedoen?” (kyk paragraaf 4.2) en “Wat is die oorsprong van teksversorging?” (kyk paragraaf 4.1).

Vervolgens het die navorser se literatuurfokus verskuif na die norme waarop teksversorgingsaktiwiteite gebaseer word. Die studie is uitgebrei deur navorsing oor die rol van pragmatiek en semantiek in teksversorging. Die navorser versamel praktiese wenke rakende teksversorging (saamgestel uit beskikbare literatuur) in Hoofstuk 8.

Die studie word afgesluit met 'n oorsig oor teksversorgingstekens, waarna samevattend na bevindinge uit die studie gekyk word in Hoofstuk 10.

Die literatuurstudie het behels 'n studie van boeke, handleidings, navorsingstukke, tydskrifartikels en artikels vanaf die Internet. Inligting verskaf tydens 'n praatjie gelewer by 'n kongres is ook by die navorsing geïnkorporeer.<sup>6</sup>

---

<sup>6</sup> Praatjie gelewer deur IL de Villiers tydens 'n FAK-jeugkongres in 1972 aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

## **Inleiding tot teksversorging**

### **4.1 Agtergrond**

Die oorsprong van die versorging van teks (wat gevolg is deur verskeie terme vir die beskrywing van die praktyk/proses van die versorging van teks, byvoorbeeld proeflees, kopieversorging, taalversorging, teksversorging, ens.) is nie duidelik peilbaar nie. Die Engels vir “teksversorger” en “versorging van teks”, soos vir hierdie studie gekonseptualiseer, is “editor” en “edit” onderskeidelik. Die Oxford English Dictionary (OED) toon dat “edit” ’n teruggryping van “editor” is. Die OED se eerste gebruiksaanwysing van “edit” is gedateer 1793, terwyl “editor” reeds in 1648 in die OED aangehaal is. (STET!: Tricks of the Trade for Writers and Editors; 1986: 2)

Eers sedert die agtiende eeu is teksversorgers beskou as mense wat geskrewe werk (literêre werk – “literary work”) van andere voorberei vir publisering deur ’n proses van seleksie en hersiening. Vir ongeveer 150 jaar voor dit was ’n teksversorger sinoniem met ’n uitgewer. Skrywers was blykbaar van mening dat hulle nie hulp nodig gehad het met hul skryfkuns nie. (STET!: Tricks of the Trade for Writers and Editors; 1986: 2)

Die oorsprong van die beroep van ’n teksversorger lê, volgens die bogenoemde navorsing, in die uitgewersbedryf. Soos ander beroepe, het teksversorging tot ’n baie gespesialiseerde beroep ontwikkel. Buiten in die uitgewersbedryf, is teksversorgers in verskeie instansies aktief betrokke, byvoorbeeld die uitsaaiwese, opleidingsinstansies en kommunikasiedienste, asook in die privaat sektor (waar teksversorgings gedoen word vir byvoorbeeld skrywers, studente, ens.). ’n Teksversorger se omvang van pligte en gebied van betrokkenheid het baie uitgebrei. Hy berei nou nie meer net teks voor om dit te publiseer nie, maar versorg ook teks vir verskeie ander doeleindes, bv. vir korrespondensie, voorleggings aan komitees en vir radio- en TV-uitsendings.

## 4.2 Doel van teksversorging

Soos dit uit die res van die navorsingstuk sal blyk, is die doel van teksversorging in die algemeen om teks meer verstaanbaar, meer kommunikatief, makliker leesbaar en taalkundig korrek te maak. Nadat 'n teks versorg is, behoort dit kommunikatiewe sukses tussen die tekspeler en die teksgebruiker te bevorder. Elke teks vereis 'n unieke aanslag, aangesien die doel van elke teks en die skrywer van elke teks uniek is. Verskillende tipes tekste, byvoorbeeld 'n kontrak en 'n memorandum, vereis verskillende benaderings in die teksversorging daarvan as gevolg van die eiensortigheid van die dokumente. Die doel van hierdie tekste verskil, en so ook verskil die bedoelde betekenis (pragmatiek) van die tekste.

Carstens (1997: 9) verklaar “tekswetenskap” soos volg:

*“Tekswetenskap as breë vakgebied dek gevolglik alle aspekte wat betrokke is by die produksie en interpretasie van tekste: sintaksis, semantiek, pragmatiek, sosiolinguistiek, psigolinguistiek, asook nielinguistiese eienskappe van tekste, soos narratiewe en argumentatiewe strukture, tekstipes, ensovoorts.”*

Hoewel die term “tekswetenskap” hierbo in die breë gebruik word, wil die navorser die bogenoemde omskrywing, met insluiting van 'n verwysing na die tipografiese aspekte van 'n teks, as omskrywing vir die term “tekswetenskap” laat dien. Volgens die navorser behels teksversorging gevolglik die versorging van al die aspekte van tekswetenskap waarna per bogenoemde definisie verwys word, asook die tipografiese aspekte<sup>7</sup> van die teks (skrifstipes, skrifgroottes, grafiese uitleg, ens.).

---

<sup>7</sup> Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nie op die tipografiese aspekte van teksversorging gefokus nie, soos aangedui op bl. 2.

### **4.3 Praktyk van teksversorging**

Soos in hierdie studie aangetoon sal word, is daar verskeie aspekte betrokke by die praktyk van teksversorging. Die navorser gaan fokus op die semantiek en die pragmatiek in teksversorging, asook op die rol van die normatiewe (kyk Hoofstuk 5) in teksversorgingsaksies. Norme vorm 'n sterk grondslag vir teksversorgingsaksies, en maak dus ook 'n integreerende deel van hierdie studie uit.

Buiten die teoretiese grondslag van teksversorging wat bespreek word, word ook aandag geskenk aan praktiese beginsels en vaardighede. Deur ervaring kan vaardighede ontwikkel word en sekere beginsels ingeskerp word. In Hoofstuk 8 word kortliks melding gemaak van die professionalisering van die praktyk van teksversorging en die ontwikkeling van 'n gedragskode vir teksversorgers.

### **4.4 Hoofstukindeling (Hoofstukke 5 – 10)**

In Hoofstuk 5 word die rol van norme in die praktyk van teksversorging bespreek. Daar word onder andere gekyk na wat norme is, die nut van normering, taalfoute/taalafwykings en die hantering van norme in teksversorging.

Hoofstuk 6 bespreek pragmatiek in teksversorging, waar pragmatiek beskou word as die studie van die interpretasie van uitinge in konteks. Dié hoofstuk fokus op die rol wat konteks, kohesie en koherensie vervul in die oordra van betekenis.

Semantiek (Hoofstuk 7) staan sentraal tot die kommunikasiekunde en teksversorging, aangesien dit die studie van die betekenis van woorde behels. Vraagstukke wat bespreek word, is hoe betekenis ontstaan, op watter wyses betekenis toegepas kan word, en vorme van idiomatiese taalgebruik waaraan die teksversorger aandag moet skenk.

Praktiese teksversorgingswenke word in Hoofstuk 8 weergegee. Op 'n bondige wyse word teksversorgingsvoorstelle van verskeie kundiges, asook die navorser, saamgevat. Die nastrewing van etiese norme in die praktyk van teksversorging word bepleit.

In Hoofstuk 9 word drie stelle teksversorgingstekens van drie verskillende kundiges aangehaal, en praktiese voorstelle gemaak vir die gebruik en ontwikkeling van `n universele stel tekens.

Hoofstuk 10 behels `n samevatting van die temas wat in hierdie navorsingstuk bespreek is.

## **Norme vir teksversorging**

### **5.1 Inleiding**

Taal is `n middel tot kommunikasie en gevolglik moet dit op sodanige wyse gebruik word dat dit effektiewe kommunikasie tot gevolg het. Van Schalkwyk & Viviers (1992: 4) meld die volgende:

*“Ons kommunikeer met `n doel voor oë: om inligting te verskaf, iemand te oorreed, bloot sosiaal te verkeer, of `n kombinasie van al drie. ... Ons probeer voortdurend die sukses van ons boodskappe bepaal om vas te stel of ons ons doelwit bereik het.”*

Die navorser omskryf **effektiewe kommunikasie as kommunikasie wat geslaagd is in die oordra van die tekspleger se bedoelde boodskap aan die teksgebruiker.** Die medium van kommunikasie waarop hierdie studie gebaseer is (hoewel nie uitsluitlik nie), is teks.

Carstens (1994: 16) meld dat een van die oogmerke van die suiwering van taalgebruik (en vir die doel van hierdie studie, teksversorging) “`n poging tot groter onderlinge verstaanbaarheid” kan wees. Carstens (1994: 36) merk soos volg op ten opsigte van ondubbelsinnigheid in die kommunikasieproses:

*“Dit is dus belangrik om jou woorde reg te kies en jou sinne op so `n wyse te konstrueer dat jou hoorder of leser presies sal kan verstaan wat jy probeer sê, met ander woorde wat jou presiese, ondubbelsinnige en duidelike bedoeling is.”*

Uit die bogenoemde blyk dit dat, vir die doeleindes van effektiewe kommunikasie, die teks op so `n wyse saamgestel moet word dat die boodskap wat die tekspleger wil

oordra, dieselfde is as die boodskap wat die teksgebruiker aflei uit die teks. Hoe word daar gewaak teen “oneffektiewe” teks, en hoe word sodanige tekste “gekorreer”?

Teksversorging word gedoen om foute in teks te identifiseer, te korrigeer en/of om sekere elemente in die teks (bv. styl of uitleg) te verbeter. Clouse (1992: 86) meld dat geskrewe werk wat gereelde en/of ernstige taalgebruiksfoute bevat, 'n leser kan pla en ook frustreer. Een van die gevolge van sodanige foute kan die vervreemding van die skrywer se leser wees. Wanneer daar gepoog word om teks te verbeter of te korrigeer, impliseer dit dat daar standarde bestaan waarvolgens gemeet kan word of en hoe die teks versorg moet word. Die teks word dus geëvalueer. Die vraag is: wat is die maatstaf vir die verbetering/korrigering van teks? Wanneer aangedui word dat iets in 'n teks verkeerd is ('n fout), of dat iets in 'n teks verbeter kan word, beteken dit dat daar riglyne behoort te bestaan waarvolgens die verbetering of die korrigering gedoen moet word. Hierdie riglyne of maatstawwe waarvolgens bepaal word of 'n teks verbeter/gekorreer moet word, word die **teksversorgingsnorme** genoem.

Teksversorging behoort volgens sekere norme (taalnorme/tipografiese norme/inhoudsnorme/stylnorme ens.) uitgevoer te word. Hierdie norme is die basis waarop teksversorging uitgevoer word, aangesien afwyking van die norme bepaal dat teksversorging toegepas moet word. Bestaande norme gaan krities beskou word en aandag sal geskenk word aan hoe dit van toepassing gemaak kan word op teksversorgingsaktiwiteite. Daar gaan hoofsaaklik op taalnorme (in teenstelling met tipografiese norme, inhoudsnorme, stylnorme, ens.) gefokus word.

## 5.2 Wat is `n norm?

Die term “norm” word soos volg deur die volgende woordeboeke verklaar:

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* (1994: 704)<sup>8</sup>:

“Waaraan iets getoets, gemeet word; maatstaf, standaard, rigskoer; reël, voorskrif: *Volgens `n norm beoordeel. `n Norm stel. Volgens vaste norme lewe. Nie aan die norm beantwoord nie. Norme in die taalkunde.*”

*The Concise Oxford Dictionary* (1991: 808):

“a standard or pattern or type.”

Die volgende tesourusse verskaf die volgende sinonieme vir “norm”:

*Afrikaanse Sinoniemwoordeboek met Antonieme* (1990: 255):

“standaard, maatstaf, beoordelingsnorm, kriterium, rigskoer, model, reël”

*The Collins Paperback Thesaurus in A-to-Z Form* (1992: 424):

“average, benchmark, criterion, mean, measure, model, pattern, rule, standard, type, yardstick”

Die bogenoemde definisies dui daarop dat `n taalnorm hoofsaaklik `n standaard of maatstaf is waarteen taalgebruik gemeet word. Daar is taalkundiges wat `n norm as `n toestand beskou, maar die navorser beskou `n norm as `n standaard. Die term “toestand” beskryf slegs wat die heersende stand van sake is, terwyl `n norm die

---

<sup>8</sup> Die formaat (vetdruk, skuinsdruk en onderstreping) van aanhalings in hierdie verhandeling word deur die navorser aangepas soos toepaslik.

heersende stand van sake beskryf en ook `n standaard stel vir wat die heersende stand van sake behoort te wees.

Volgens Carstens (1994: 7) handel norme oor leiding (voorskrywing oor hoe iets gebruik word) en kontrole (kyk of die gestelde norme gevolg word)<sup>9</sup>, en `n taalnorm kan nie anders as om `n soort “voorskriftelike” of “reëlmatige” karakter te hê nie. Die reëlmatige karakter van normering handel oor die konvensie van taalgebruik, terwyl die voorskriftelike karakter handel oor hoe taal gebruik behoort te word. Dit beteken nie dat taalgebruik summier voorgeskryf word nie, want `n norm self is nog nie `n voorskrif nie (vgl. Steyn, 1985: 21 en Odendal, 1989: 6). Ná die bestudering van hoe taal deur die gemeenskap gebruik word, wat op die reëlmatige karakter van normering dui, kan dié taalgebruik voorgeskryf word vir, onder andere, taalaanleerders. Hierdie voorskrywing van taalgebruik dui op die voorskriftelike karakter van normering.

### 5.3 Die nut van normering

Steyn (1985: 32) merk soos volg op:

*“Taalstandaardisering is een van die belangrikste oogmerke van taalnormering om kommunikasie te bevorder.”*

Wanneer in ag geneem word dat teksversorging effektiewe kommunikasie moet (help) bevorder, is dit duidelik dat taalnormering en teksversorging hand aan hand gaan. Norme in taalgebruik moet daargestel word as die standaard waarteen uitings gemeet word. In teksversorging word van teksversorgingsnorme gebruik gemaak in oordele van korrektheid. Ooreenkomstig Steyn se stelling hierbo, kan die inagneming/navolging van taalnorme in teksversorgingsaktiwiteite, kommunikasie help bevorder.

---

<sup>9</sup> Kyk ook Carstens (1995: 11).

Let op die volgende aanhaling uit Grundy (1995: 148):

*“As proving the relevance of an utterance is determined by the accessibility of its relevance to the addressee, understandability status should in principle be a means of characterizing language use.”*

Dit kan van die bogenoemde stelling van Grundy afgelei word dat verstaanbare taalgebruik deur die skrywer belangrik is vir die begrip van `n uiting deur die leser. Norme help om kenmerkende taalgebruik te omskryf en daar te stel vir gebruikers. Hoe meer eenvormig die taalgebruik van verskillende gebruikers of in verskillende streke, hoe meer suksesvol sal kommunikasie waarskynlik wees. Betekenisoordrag vind makliker plaas indien die inisieerder en die ontvanger van die boodskap dieselfde betekeniswaarde (semanties en pragmaties) aan `n uiting heg.

Volgens Steyn (1985: 27-42) kan normeerders onder meer die volgende spesifieke normoogmerke hê: *grammatikaliteit, pragmatiese korrektheid, standaardisering, taalsuiwerheid en versorgde taalgebruik* (met ander woorde, keurige taalgebruik).

### **Grammatikaliteit**

Taalnormeerders moet sorg dat die taalgebruik van sprekers en skrywers in ooreenstemming met die grammatikareëls van die taal is. Indien taalgebruik nie grammatikaal korrek is nie, kan dit kommunikasie benadeel. Die normering van die begrip “grammatikaal korrek” is egter moeilik, aangesien “grammaties” `n teoretiese begrip is wat baie moontlike betekenisfasette op `n gegewe oomblik in `n gegewe situasie/konteks kan aktiveer. Om duideliker te omskryf wat die navorser met “grammatikaal korrek” bedoel, kan daar na die volgende betekenis aanduidings van “grammatika” en “grammatikaal”, soos aangehaal in die *HAT* (1994: 305), gekyk word<sup>10</sup>:

<sup>10</sup> Slegs dié betekenisfasette wat op hierdie bespreking van toepassing is, word aangehaal.



grammatika: “*Wetenskap wat oor die (juiste) gebruik van `n taal handel; spraakleer*”

grammatikaal: “*Wat nie beperkings deur die taal opgelê, verbreek nie*”

`n Sin/uiting wat dus grammatikaal korrek is, voldoen aan die taalreëls oor die juiste gebruik van taal. Beskou T1 as voorbeeld van `n sin wat nie grammatikaal korrek is nie:

T1: “Die vrou koop vir *homself* `n boek.”

T1 is nie grammatikaal korrek nie, aangesien daar in die plek van die manlike voornaamwoord “homself” eerder die vroulike voornaamwoord “haarself” gebruik moet word om na die vrou terug te verwys.

`n Ongrammatikale uiting sal ook nie noodwendig kommunikasie benadeel nie. Die volgende sin (T2) is `n voorbeeld van `n ongrammatikale sin:

T2: “Toe hy gister hier *gewees het*, het hy gesê dat hy effens olik voel.”

T2 is grammatikaal onaanvaarbaar omrede `n taalfout begaan word deur van “gewees het” gebruik te maak in plaas van “was”. Tog word die betekenis nietemin oorgedra, en sal kommunikasie waarskynlik net so geslaag wees as wat dit sou wees indien “was” wel gebruik is. Gewoonlik word hierdie tipe ongrammatikaliteit om stilistiese redes (in teenstelling met kommunikasieredes) as minder gebruiklik tot onaanvaarbaar (afhangende van situasie en konteks) beskou. Carstens (1994: 15) meld dat die oortreding van grammatikareëls wel kommunikasie kan beïnvloed, en ook hinderlik vir die taalgevoel van taalgebruikers kan wees. Let op die volgende sinne: “*Peet en Janine stap die sitkamer binne. Sy sê vir sy ma dat sy vir hom iets saamgebring het.*” Die tweede sin kan met verskeie voornaamwoorde gewysig word en verskillende betekenis aktiveer:

- “*Sy sê vir haar ma dat sy vir haar iets saamgebring het.*”

- “*Sy sê vir haar ma dat sy vir hom iets saambring het.*”
- “*Sy sê vir haar ma dat hy vir haar iets saambring het.*”
- “*Sy sê vir sy ma dat sy vir haar iets saambring het.*”
- “*Hy sê vir sy ma dat hy vir haar iets saambring het.*”

Indien enige van die bogenoemde voornaamwoorde verkeerd gebruik word (geëvalueer in terme van die spreker se bedoelde betekenis), is dit `n oortreding van die grammatikareëls en sal dit waarskynlik kommunikasie beïnvloed. Die toepassing van die grammatikareëls is nie altyd maklik nie, en Steyn (1985: 27-32) dui aan dat die doelstellings van grammatikaliteit en pragmatiese korrektheid (hierna bespreek) die werk van die normeerder kan bemoeilik.<sup>11</sup>

Taalnorme verander ook met die tyd, en dit is later nie meer so duidelik wat as verkeerd en wat as korrek beskou kan word nie. Let op die volgende stelling deur Van Schoor (1983: 415):

*“Maar daar is baie taalveranderinge wat in die loop van `n taal se ontwikkeling plaasvind en wel opgeneem word in die geskrewe taal en só soms alle spore van die ontwikkelingsgang verloor.”*

Van Schoor (1983: 415) verwys byvoorbeeld na “kriewel” wat uit “kriebel” ontstaan het, en “struweling” uit “strubbeling”. In die verlede was die norme vir korrekte gebruik “kriebel” en “strubbeling”, maar vandag is die norme “kriewel” en “struweling” (vgl. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)*, 1991: 195, 282). Aanvanklik is dit as `n taalfout beskou, maar vandag word beide vorme as korrek/aanvaarbaar erken. Verskeidenheid in taal (dialekverskille en groeperings wat voorkom op grond van die taalgebruiker se sosiale posisie, leeftyd, geslag en soms ook geloof en etnisiteit) maak dit ook moeilik om `n norm vir grammatikaal korrekte taalgebruik daar te stel. Verskillende norme is van toepassing op verskillende groeperinge. `n Amerikaner sal byvoorbeeld waarskynlik eerder na `n “napkin” verwys, terwyl `n Britse persoon waarskynlik eerder van `n “serviette” sal praat wanneer hulle verwys na “a square piece of linen, paper, etc. used for wiping the lips,

---

<sup>11</sup> Kyk ook bespreking onder 5.10 **Die taalgebruikmoniteringsplig van die taalkundige.**

fingers, etc. at meals, or serving fish etc. on” (*Concise Oxford Dictionary*, 1991: 787).

### **Pragmatiese korrektheid**

Alhoewel sinne/uitinge (grammatikaal gesproke) korrek saamgestel kan word, moet sodanige uitinge ook effektiewe kommunikasie tot gevolg hê. Die konteks/situasie waarin die sin/uiting gebruik word, kan bepalend wees vir die sukses daarvan. Die pragmatiese gebruik van taal speel dus `n belangrike rol in taalnormering.

Kyk na die volgende sin:

T3: “Die koei spring oor die maan.”<sup>12</sup>

Die bogenoemde sin is grammatikaal korrek, maar pragmaties gesproke kan dit as foutief beskou word, aangesien `n koei nie werklik oor die maan kan spring nie.<sup>13</sup>

### **Taalstandaardisering**

Standaardisering van taal word hoofsaaklik gedoen om kommunikasie tussen taalgebruikers makliker en meer suksesvol te maak (kyk eerste aanhaling onder paragraaf 5.3). Indien taal nie gestandaardiseer word nie, kan daar verskillende dialekte in die besondere taal ontstaan. Aangesien elke dialek vanweë sy eie besondere behoeftes ontwikkel, kan kommunikasie tussen sprekers van die verskillende dialekte moontlik baie moeilik word. (Vgl. Yule, 1997: 239-253.) Hoe meer die verskillende dialekte ontwikkel, hoe meer kan dit kommunikasie tussen sprekers van die verskillende dialekte bemoeilik. Taalstandaardisering kan help sodat kommunikasie tussen die verskillende sprekers in `n taalgemeenskap nie bemoeilik word as gevolg van die ontwikkeling van baie uiteenlopende dialekte/dialektiese voorkomste nie. Hieruit blyk die nut van die normering van standaardtaal – die standaardvorm van taalgebruik in `n spesifieke taal.

---

<sup>12</sup> Die volgende welbekende sin van Noam Chomsky (1965: 149) kan ook as toepaslike voorbeeld in hierdie konteks gebruik word: “Colourless green ideas sleep furiously.”

<sup>13</sup> Kyk 7.6 **Idiomatiese taalgebruik**.

Wanneer 'n taalnormeerder betrokke is by die normering van standaardtaal, moet hy keuses uitoefen oor en voorskrifte gee vir die volgende:

- i) Die toelaatbaarheid van woorde, uitdrukkings, klankvorme en soms ook sintaktiese reëls/strukture;
- ii) Die spelling van toelaatbare vorme in die standaardtaal (insluitende die vas en los skryf van komposita en die gebruik van hoofletters);
- iii) Die wyse waarop die wetenskaplike en tegnologiese woordeskat ontwikkel word, bv. deur leenwoorde, leenvertalings, nuutskeppings, ens.;

Bartsch (1987: 250) meld die volgende gebiede waarop standaardisering kan plaasvind:

1. 'n Taalvariëteit kan gekies of saamgestel word as die standaardtaal.
2. Uitspraak kan genormeer word, gewoonlik in verband met punt 1.
3. Spelling kan vir die geskrewe taal genormeer word.
4. 'n Woordeboek kan saamgestel word waarin semantiese norme verklaar en in 'n mate bepaal word.
5. Tegniese en wetenskaplike woordeskat kan gestandaardiseer word.
6. Registers van taalgebruik (taalgebruik vir spesifieke situasies en doelwitte) kan gestandaardiseer word.

Sy meld verder (1987: 250) dat standaardisering gewoonlik saamval met die ontwikkeling van geskrewe taal, of nadat verskillende geskrewe variëteite van 'n taal ontwikkel is.

### **Taalsuiwerheid**

Soos reeds uit die voorafgaande besprekinge afgelei kan word, het die suiwering van niestandaardtaalgebruik die voordeel dat dit kommunikasie bevorder (kyk hierbo onder **Taalstandaardisering**). Deur die normering van korrekte/gepaste taalgebruik

kan taalgebruik suiwer gehou word. Indien verskillende kommunikeerders dieselfde waarde aan dieselfde sintaktiese en pragmatiese eenhede heg en dit volgens dieselfde grammatikale reëls besig, word effektiewe kommunikasie bewerkstellig. Normering van taalgebruik oefen 'n invloed uit op die semantiek en pragmatiek van uitinge, aangesien kennis en begrip in sekere kontekste vergemaklik word deur die standaardisering van die gebruik en betekenis van sekere taaluitinge.

Steyn (1985: 37) maak die volgende stelling in verband met taalpuriste:

*“Omdat puriste soveel oogmerke met hul pogings tot taalsuiwering het, is dit onjuis om 'n globale oordeel daaroor uit te spreek en byvoorbeeld te sê dat alle puristiese strewes reg is of almal verkeerd.”*

Hy (1985: 36-38) meld verder dat purisme in taal dikwels voorkom ter bevordering van kommunikasie, vir die versterking van 'n bedreigde taal, of om politieke redes. Dit val nie binne die raamwerk van hierdie navorsing om 'n waarde-oordeel te vel oor die etiese gronde/aanvaarbaarheid van die verskillende oogmerke van taalpurisme nie. Vir die doel van hierdie navorsing betoog die navorser dat purisme in teksversorging geregverdig kan word indien dit kommunikasie bevorder. 'n Dosent in joernalistiek sal waarskynlik baie strenger oor die geskrewe taalgebruik van sy studente wees as 'n dosent in ingenieurswese.

Carstens (1994: 266-267) meld dat daar 'n paar goeie redes is waarom daarna gestrewe moet word om taal suiwer te hou, en verskaf die volgende drie redes:

- Suiwer taalgebruik kan tot doeltreffender kommunikasie lei.
- Onnodige en slordige taalvermenging tas die taalkarakter aan.
- Suiwer taalgebruik is in die algemeen sosiaal meer aanvaarbaar.

Tale ontwikkel onder andere as gevolg van wedersydse beïnvloeding. Afrikaans besit byvoorbeeld verskeie leenwoorde (“derduiwel” en “skelm” uit Duits; “resumé” en “duet” uit Frans) en leenvertalings (“kondensmelk” uit Engels se “condensed milk”, en “poeding” uit “pudding”) uit ander tale. Die invloed van verskillende tale op

mekaar kan `n positiewe invloed op die kommunikatiewe vermoë van `n taal uitoefen (as gevolg van groter woordeskat, ekonomieser woordgebruik, ens.). (Vgl. Carstens, 1994: 267-283; Baker, 1992: 34-36; Yule, 1997: 65; Gouws, 1989: 97-98.)

Carstens (1992: 13) meld die volgende betreffende taalsuiwerheid in die konteks van vertaling:

*“Elke goeie vertaler sal weet hoe om op te tree oor taalsuiwerheidskwessies, en ook dat daar `n belangrike verskil is tussen ontlening wat ‘goed’ is vir `n taal (leenwoorde) en ontlening wat ‘sleg’ is vir `n taal (Anglisismes).”*

Uit die bogenoemde blyk dit dat ontlenings uit ander tale `n positiewe bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van `n taal. Indien taalkundiges ektrimisties puristies te werk gaan (deur byvoorbeeld die nie-aanvaarding van alle niestandaardvorme), kan dit die ontwikkeling van `n taal strem. Purisme kan `n taal positief of negatief beïnvloed.

Kyk *Hoofstuk 6* vir verdere notas oor taalpurisme.

### **Versorgde taalgebruik**

Logiese eenheid in taal (wat ook as die koherensie in teks beskou kan word) moet gehandhaaf word as norm vir versorgde taalgebruik. Steyn (1985: 42) meld dat estetiese norme daargestel kan word vir bepaalde soorte taalgebruik, byvoorbeeld versorgde geskrewe taal. Hy verwys, onder andere, na paradigmitiese skoonheid (skoonheid van die sisteem) en sintagmatiese skoonheid (skoonheid van die teks). Volgens die navorser vervul estetiese waardes in taalgebruik egter nie `n verneme rol in die normering van korrekte taalgebruik vir die doeleindes van teksversorging nie. Estetika in taalgebruik word nie geëvalueer aan die hand van die kriteria ”nie korrek nie”/”korrek” of ”nie aanvaarbaar nie”/”aanvaarbaar” nie, en vervul eerder `n rol in oordele van skryfvermoë, wat `n meer subjektiewe beoordeling behels.

Dit is belangrik om die volgende uitspraak van Odendal (1989: 6) in gedagte te hou:

*“... as ons deur ons normering of voorskrifte Afrikaans vir sommige nie meer praatbaar en veral skryfbaar gemaak het nie, het ons – met hoeveel goeie bedoelings ook al – Afrikaans `n ondiens bewys.”*

Hierdie aanhaling toon weereens dat normering vir die taalgebruiker as hulp in kommunikasie dien, en nie eksklusief vir die taalkundige vir die beoefening en bestudering van sy vakgebied bedoel is nie. Schutte (1985: 293) meld die volgende:

*“Teenoor die breë gemeenskap wat aandring op `n simplistiese skeidslyn tussen ‘reg’ en ‘verkeerd’ staan die professionele linguïste ...”*

Die taalgebruiksgemeenskap wil spesifieke riglyne (norme) hê waarop hulle hul taalgebruiksaksies kan baseer. In verband met die behoefte van die taalgemeenskap rakende taalgebruiksnorme, merk Carstens (1994: 17) die volgende op:

*“Deur sy werk voldoen veral die taalkundige in belangrike mate aan die behoefte van `n ontwikkelde taalgemeenskap dat daar wel die een of ander preskriptiewe norm of kontrolebron moet bestaan.”*

Indien daar nie norme vir taalgebruik aan taalgebruikers voorgelê word nie, voel hulle dikwels onseker oor hul kommunikasiekorrektheid. Norme help dus ook met gerusstelling by die taalgebruiker, aangesien hy deur die voldoening aan norme gronde het om op te staan vir sy kommunikasie-uitsette.

Norme word deur taalkundiges/-praktisyns gebruik in die uitvoering van hul werk: teksversorging, vertaling, kopieskryf, ens. Taalaanleerders is baie afhanklik van norme in `n taal om sodoende die taal korrek aan te leer. Indien `n taalaanleerder nie by die norme van die nuwe taal wat aangeleer word, hou nie, kan dit daardie

taalaanleerder se vermoë om suksesvol met moedertaalsprekers te kommunikeer, nadelig beïnvloed.

Steyn (1985: 39) waarsku dat daar gewaak moet word teen die gebruik van `n ander taal as norm vir taalgebruik. Die disjunkte spellingsisteem van Engels (die neiging om komposita los te skryf) kan nie noodwendig op Afrikaanse spelling toegepas word nie, aangesien die norm in Afrikaans is om die konjunkte spellingsisteem (die vas skryf van die samestellende dele van komposita) te volg.

Kennis kan van die volgende uitspraak van Steyn (1985: 26) geneem word:

*“`n Taalnormeerder kan egter ook `n tweede hoof-oogmerk hê: Taalgebruik wat op die een of ander wyse foutief is, kan, hoewel dit kommunikasie nie danig in die wiele ry nie, vir die normeerder net so `n doring in die vlees wees as wat `n sosiale wantoestand `n sosiale hervormer kan hinder.”*

Die navorser beskou die bogenoemde oogmerk as `n minder belangrike grondslag vir normering, aangesien die bogenoemde oogmerk van `n taalnormeerder, soos hierbo deur Steyn aangedui, nie in die belang van taal en die taalgebruiker is nie. Hierdie oogmerk speel wel `n rol in die orde wat in taal moet voorkom. Normering bring immers orde in taalgebruik.

#### **5.4 Taalfoute en taalafwykings**

Uit die normering van “korrekte” taalgebruik vloei die normering van wat nie korrekte taalgebruik is nie, met ander woorde, wat `n taalfout of `n taalafwyking is.

Die *HAT* (1994: 223) verklaar `n fout soos volg:

- “1 Verkeerde eienskap ...”
- “2 Afwyking van wat reg, korrek is; onjuistheid; iets wat verkeerd is ...”
- “3 Verkeerde, laakbare handeling; misstap, vergryp ...”



en verklaar `n afwyking (1994: 31) soos volg:

- “1 Handeling van afwyk, keuse van `n ander koers ...”
- “2 Iets wat van die norm, reël, tipe verskil ...”
- “3 Wat afwyk van wat goed, reg is; ontrouheid aan beginsels, gewoontes, e.d.”

Hieruit kan afgelei word dat afwyking van die reël of die norm nie noodwendig `n fout is nie. Carstens (1994: 8) onderskei tussen “toelaatbare” en “ontoelaatbare” afwykings, en meld dat, volgens hom, ontoelaatbare afwykings as taalfoute bestempel kan word. Vir die doeleindes van hierdie navorsing beskou die navorser `n taalfout as `n ontoelaatbare afwyking, en `n taalafwyking as `n toelaatbare afwyking. Indien `n taalsisteem oortree word, word dit `n taalfout genoem (Carstens, 1994: 10), byvoorbeeld die verkeerde spelling van `n woord:

kaings i.p.v. kaiings

`n Taalafwyking wat in `n sekere sosiolinguistiese konteks voorkom, kan aanvaarbaar wees as gevolg daarvan dat die taalgebruik tiperend van sodanige konteks is (vgl. Carstens, 1994: 11). **T4** en **T5** hieronder kan in die konteks van `n rekenaarklas as toelaatbare afwykings (taalafwykings) beskou word:

T4: “Het jy al die *files* gescan?”

T5: “*Copy* en *paste* sommer al die foto’s.”

## **Taalfoute**

In die literatuur oor taalgebruik bestaan daar verskillende definisies van wat `n taalfout is. Carstens (1994: 11) maak die stelling dat Webb (1985: 82) taalfoute vanuit `n sosiolinguistiese hoek beskou. Volgens die navorser sê Webb (1985: 82)

egter dat taalfoute in `n sosiolinguistiese perspektief *ook* beskou *kan* word.<sup>14</sup> Indien `n taalfout sosiolinguisties beskou word, sal die klem meer op die pragmatiese gebruik van `n taalvorm as op die grammatikale korrektheid daarvan geplaas moet word. Die sosiale konteks sal dan bepaal of die uiting “korrek”<sup>15</sup> is. Die volgende taaluiting (T6) sal in `n bepaalde sosiale groep (bv. `n rekenaarafdeling) nie noodwendig as verkeerd (t.o.v. taalsuiwerheid) beskou word nie:

T6: “Die *server* is al weer *down*.”

Webb (1985: 82) meen verder dat die “korrektheid” van `n taalvorm (bv. `n sin in `n rekenaarafdeling) kontekstueel beoordeel moet word, indien daar na taalfoute in `n sosiolinguistiese konteks verwys word. Die sosiale konteks/situasie van `n sin sal dan bepaal of die sin korrek is. Indien taaluitinge egter uit `n grammatiese sowel as `n sosiolinguistiese perspektief beskou word, kan `n uiting soos “Die *server* is al weer *down*.” in sekere kontekste/situasies (soos in `n rekenaarafdeling) as *aanvaarbaar* beskou word. As gevolg van die sosiolinguistiese konteks van die uiting behoort dit nie as verkeerd beskou te word nie, en indien dit in `n grammatikale perspektief beoordeel sou word, sal dit nie as korrek beskou word nie, aangesien dit nie grammatikaal aanvaarbaar is nie weens die gebruik van Engelse woorde in `n Afrikaanse uiting.

Moet `n taalfout dus in `n sosiolinguistiese of in `n grammatikale konteks gedefinieer word? Dit is op hierdie stadium nodig om te noem dat die navorser nie saamstem met die gebruik van die term “sosiolinguistiese konteks” soos hierbo gebruik nie. Kyk na die volgende stelling van Du Plessis (1995: 74):

*“Dat taal `n vorm van sosiale gedrag is, is geen nuwe insig nie. In die term Sosiolinguistiek is hierdie aanname eksplisiet ingebou, veral in die eintlik redundante sosio-gedeelte van die term.”*

en ook Du Plessis (1995: 75):

---

<sup>14</sup> Eie kursivering.

<sup>15</sup> “Korrek” verwys in hierdie opsig na aanvaarbaar in `n bepaalde sosiale konteks/situasie.

*“Taal is `n kommunikatiewe gebeure tussen mense in `n bepaalde sosiale verband.”*

Taal is in wese `n sosiale verskynsel, en evaluering van `n taaluiting op grammatikale vlak behoort `n uitvloeisel van die sosiolinguistiese aard van taal te wees, en nie `n alternatief nie. Die rede waarom sekere uitinge in `n grammatikale perspektief as verkeerd beskou word, maar in sekere situasies as korrek/aanvaarbaar beskou word, is nie gesetel in die sosiolinguistiese aard van taal nie, maar in die konteks/situasie van die taaluiting. Die navorser is van mening dat `n taalfout in `n situasioneel-gebonde of in `n grammatikale perspektief beskou kan word. Kyk weer na T6. In `n grammatikale perspektief, sal die sin as verkeerd beskou word, aangesien twee tale gemeng word. Indien T6 in `n situasioneel-gebonde perspektief geëvalueer word, sal die sin as aanvaarbaar bestempel word.

`n Nuwe vraag wat ontstaan, is: Wanneer word `n taaluiting tydens teksversorging in `n grammatikale perspektief beoordeel, en wanneer in `n situasionele perspektief? Die konteks/situasie van die teks (in uitbreiding op die bogenoemde konteks binne die teks) sal bepalend wees vir die keuse van `n grondslag vir evalueringsaksies. Indien T6 in `n rekenaartydskrif verskyn, sal die sin waarskynlik as `n taalfout beskou word as gevolg van die meer formele en strenger normerings-/standaard van skriftelike kommunikasie. In `n situasionele perspektief, kan die grammatikaal korrekte weergawe van T6, naamlik: “Die netwerkbediener is al weer af” (T6), in `n informele rekenaarkonteks as ongepas (`n taalafwyking of selfs `n taalfout) beskou word. Voordat `n uiting as `n taalfout al dan nie geëvalueer word, moet daar eers bepaal word of die evaluering op `n grammatikale en/of situasionele basis geskied.

Selfs waar in hierdie studie na “sosiale konteks/situasie” verwys word, kan die woord “sosiale” as oorbodig beskou word, aangesien taal (soos reeds genoem) `n sosiale verskynsel is. (Daar kan ook na die formaliteit van tekste verwys word, aangesien die tekste baie van mekaar kan verskil wat formaliteit betref. Die formaliteit word deur die konteks van die taaluiting bepaal.)

Ongeag of teks situasioneel beoordeel word of nie, moet daar `n norm heers vir korrekte taalgebruik. Daar moet `n standaard heers waarvolgens uitinge as taalfoute bestempel kan word. Die situasie van uitinge kan as `n goeie basis vir evaluering van taalgebruik dien, maar skiet dikwels tekort in konkrete “korrek-”/“verkeerd-”oordele, deurdat uitinge soms as subvariëteite beskou word. Subvariëteite is nie noodwendig verkeerd nie, maar gee soms net `n aanduiding van die gepastheid/nie-gepastheid van `n uiting in `n bepaalde situasie. **Gepastheid kan nie sinoniem aan korrek gestel word nie.** Waar subvariëteite betrokke is, is dit nóg moeiliker om die aanvaarbaarheid/korrektheid van die uiting te bepaal deur slegs op die konteks (in plaas van die konteks sowel as die situasie) van die uiting te let. In ag genome die feit dat teksversorging handel oor die verbetering/korrigering van teks, blyk dit dat variëteitsnorme in sekere kontekste/situasies dikwels tekortsiet as `n basis vir die evaluering van die korrektheid/aanvaarbaarheid van uitings.

Een moontlike oplossing vir die bogenoemde probleem is om situasioneel-gebonde norme vas te stel. Dit is nie `n eenvoudige taak om hierdie tipe norme vas te lê nie, aangesien alle moontlike situasies nie geredelik voorspel of vooraf genormeer kan word nie. Daar is wel `n vertrekpunt vanwaar hierdie probleem benader kan word en evaluering van korrektheid en situasionele/konteksinvloed op korrektheid gemaak kan word, en dit is standaard-taalgebruik – kortliks: standaardtaal. Volgens die navorser kan T6 gepas wees in `n rekenaarkonteks, maar dit maak die uiting nie taalkundig korrek nie. Taalfoute moet in `n grammatikale sowel as situasioneel-gebonde perspektief beskou word. Die navorser impliseer hierdeur dat standaardtaal as die norm vir teksversorging kan dien, maar die konteks/situasie kan bepalend wees of - en indien wel, watter - subvariëteit van standaardtaal gepas sal wees. Webb (1989: 427) meld byvoorbeeld dat “Standaard-Afrikaans” `n bowestreekse variëteit van Afrikaans is “wat sprekers gebruik wanneer hulle die hoëre kulturele funksies van die gemeenskap wil verrig, soos mense onderrig, wette maak, die regsproses bedryf, godsdiens beoefen, die wetenskap beoefen, ens.” en “... waarin die Afrikaanssprekende sy intellektuele lewe lei”. Standaardtaal en grammatikale korrektheid dien egter nie as die enigste norme vir die evaluering van die korrektheid van uitings nie – Webb (1989: 432) meld dat alle variëteite van `n taal in beginsel gelykwaardig is, en dat elke variëteit in `n spesifieke konteks as die aangewese of

gepaste gebruiksmiddel beskou moet word. Hy (1989: 432) ondersteun verder hierdie stelling deur die volgende te meld:

*“Die verskillende soorte Afrikaans simboliseer verskillende sosiokulturele identiteite en verskillende sosiale funksies, en `n spreker se keuse van taalvorm word bepaal deur die gepastheidsvoorwaardes wat met die bepaalde variëteit geassosieer is.”*

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking is die navorser van mening dat die doel van `n teks behoort te bepaal watter norm van toepassing is by die evaluering van die korrektheid/aanvaarbaarheid van `n teks. `n Regsdokument (byvoorbeeld `n kontrak) sal waarskynlik in `n grammatikale perspektief beoordeel word (waar standaardtaal as die norm heers), terwyl `n informele toespraak by `n informele braaivleisfunksie waarskynlik eerder op grond van situasioneel-gebonde (konteksgebonde) norme beoordeel sal word. Die teksversorger moet eers besluit of die teks op grond van situasioneel-gebonde norme of grammatikale norme beoordeel gaan word, voordat taalfoute in die teks geïdentifiseer kan word.

Uit die voorafgaande blyk dit dat wat in een konteks as `n taalfout bestempel kan word, nie noodwendig in `n ander konteks `n taalfout sal wees nie. Die evaluering van die korrektheid van uitings berus volgens die navorser nie op wie die tekspleger is nie, maar op die konteks self. Posthumus (1965: 75 e.v.) het 37 jaar gelede beweer dat taalfoute veral deur vreemdetaalsprekers gemaak word, en dat geen lid van `n taalgemeenskap taalfoute begaan nie. Die navorser verskil van hierdie verklaring vir taalfoute, aangesien dit nie Standaardafrikaans verreken nie en nie erken dat moedertaalgebruikers ook foute kan begaan nie. As moedertaalsprekers nie foute kan begaan nie, sou norme nie vir die algemene taalgebruiker nodig wees nie en sal taalhulpboeke (taalhandboeke, woordeboeke, spelreëls, ens.) net vir vreemdetaalsprekers bruikbaar wees, wat nie die geval is nie. Die konteks van uitinge is ook nie spesifiek afhanklik van die moedertaalspreker-/vreemdetaalspreker-identiteit van die tekspleger nie.

## Taalafwykings

Kyk weer na die verklaring van “afwyking”, soos hierbo aangegee.

Hieruit vloei dat `n taalafwyking `n uiting is wat van die taalnorm of taalreël verskil. Hierdie verskil impliseer nie noodwendig `n fout nie. Indien die verskil van die taalnorm of taalreël (vir die doel van hierdie studie: standaardtaal) onaanvaarbaar is, word die verskil as `n taalfout gesien; andersins word die verskil `n taalafwyking genoem.

Terwyl `n taalfout dikwels as `n vergryp aan die taalsisteem beskou word, word `n taalafwyking nie sodanig beskou nie. Dit beteken dat die taalreëls of -norme by `n taalafwyking nie oortree word nie, maar dat daar slegs van afgewyk word. Sleng<sup>16</sup> moet byvoorbeeld nie summier as `n taalfout beskou word nie, maar eerder as `n taalafwyking. `n Eienskap van sleng is dat dit tot die ontwikkeling van `n taal kan bydra. Van Schoor (1983: 1) maak die volgende stelling:

*“`n Afwyking in die taalgebruik word dus soms as `n ‘fout’ beskou, soms as `n ‘vonds’.”*

Hierdeur impliseer Van Schoor dat taalafwykings tot die ontwikkeling van `n taal kan bydra. Sleng kan ook tot die ontwikkeling van taal bydra. Die teksversorger moet daarteen waak om nie-standaardvorme van en afwykings in taalgebruik summier af te keur. Daar moet in gedagte gehou word dat afwykings soms `n kort lewensduur het en treffend is, waarna dit dikwels nie uit die taalsisteem verdwyn nie en `n aanvaarde taalnorm word. `n Voorbeeld van hierdie verskynsel is die Afrikaanse woord “steak”, komende van die Engelse woord “steak”. Aanvanklik is die woord “steak” in Afrikaans vertaal as “biefstuk, skyf” (*Afrikaanse-Engelse Woordeboek van die Reader’s Digest*, 1993: 1197). In die nuwe weergawe van die *HAT* (2000: 1009) word die woord “steak” aangehaal as “(Dik) stuk vleis, veral beesvleis, gesny om gebraai of gerooster te word”. In die 1965-uitgawe van die *AWS* (1965: 284) word

---

<sup>16</sup> *HAT* (1988: 1003): “Opsetlik gemeensame, ondeftige, ietwat platte (stands- of beroeps)taal; groep(s)taal”

die spelling van “te kort skiet” as drie woorde aangedui. In die 1991-uitgawe van die *AWS* (1991: 288) word twee spellingmoontlikhede erken: “te kort skiet” of “tekortskiet”. Hierdie erkenning van (voorheen) taalafwykings (“steak” en “tekortskiet”) het moontlik plaasgevind as gevolg van die gebruiksfrekwensie van die terme. Dieselfde geld ook vir neologismes. Aanvanklik word neologismes soms nie as die standaard (dus norm) in taalgebruik beskou nie. Namate die frekwensie van gebruik en aanvaarbaarheid onder die taalgemeenskap toeneem, word dit mettertyd dikwels as die norm beskou en gebruik. Op hierdie manier kan die (standaard-) taal ook verryk word.

Carstens (1994: 11-12) meld die volgende oorsake vir “swak/slordige/onvanpaste taalgebruik”, gelys onder “Taalafwykings”:

- i. Sosiale en maatskaplike aspekte. Dit behels die oormatige gebruik van barbarismes en sleng in sekere situasies, bv. formele skryfsituasies. Beskou die volgende sin in `n sakebrief:

T7: “Neem kennis dat ons hom sal *gas gee* totdat hy onder die druk vou en self bedank.”

Die bogenoemde sin bevat sleng en is nie geskik vir die konteks waarin dit gebruik word nie, en word dus as `n taalafwyking beskou.

- ii. Begripsfoute. Soms heg die taalgebruiker `n foutiewe/onkonvensionele betekenis aan `n woord en word sodanige woord verkeerd gebruik. Byvoorbeeld:

T8: “Ek wil nie meer `n klerk wees nie – dis nie lekker om heeldag *klerikale* werk te doen nie.”

“Klerikale” verwys na “geestelike/kerklike”, en die konteks dui daarop dat die spreker/skrywer heel moontlik eerder die volgende bedoel het:

**T9:** “Ek wil nie meer `n klerk wees nie – dis nie lekker om heeldag *klerklike* werk te doen nie.”

iii. Die doellose herhaling van gedagtes in `n sin:

**T10:** “Trek asseblief vir my `n *ronde sirkel*<sup>17</sup>.”

iv. Die gebruik van lang sinne. Indien sinne te lank is, kan dit die boodskap wat aan die leser/hoorder oorgedra moet word, vervaag of laat verdwyn. Die volgende sin is te lank en mag die leser/hoorder moontlik verwar:

**T11:** “Die gemeenskap word versoek om asseblief, met inagneming van al die voornoemde bepalinge, nieteenstaande enige reëls soos uiteengesit in Klousule 6.3.2.9, ongeag of dit reeds gewysig is of onder hersiening is, gehoor te gee aan enige versoeke wat in dié verband aan u gerig mag word deur die Raad, soos van tyd tot tyd herverkiesbaar is in terme van Reëls 15.6 tot 15.11.”

v. Swak sinsformulering. Voorbeeld:

**T12:** “Ons het koek en koffie gedrink.” in plaas van: “Ons het koek geëet en koffie gedrink.”

Soos Carstens tereg aangedui het (deur middel van die aanhalingstekens om “Taalafwykings”), is dit soms moelik om te onderskei tussen taalfoute en taalafwykings. Sommige van die bogenoemde “taalafwykings” is grammatikaal verkeerd (bv. punt [v]), en kan op grond daarvan as taalfoute beskou word. Die navorser stel voor dat daar na “vermeende taalafwykings” en “vermeende taalfoute” verwys moet word, om sodoende onsekerheid oor die presiese grens tussen taalfout en taalafwyking uit te skakel. Dit is egter belangrik om erkenning te verleen aan die bestaan van taalfoute sowel as taalafwykings, aangesien hierdie twee taalverskynsels verskillend deur die teksversorger gehanteer behoort te word. Die teksversorger

---

<sup>17</sup> Hierdie tipe verskynsel waar meer woorde gebruik word as wat nodig is om `n gedagte oor te dra, aangesien die betekenis van die een woord/woorde reeds in `n ander woord/woorde ingesluit/geïmpliseer word, word `n *pleonasme* genoem.

behoort `n taalfout in teks reg te maak deur bv. die verwydering van ongrammatikale eenhede (voorbeeld: skrap “ronde” uit T10) of die vervanging van die vermeende taalfout deur `n grammatikaal korrekte vorm/uiting (voorbeeld: vervang “klerikale” in T8 met “klerklike”). Taalafwykings moet nie sonder meer uit teks verwyder word nie. Indien die konteks/situasie `n taalafwyking regverdig, ten spyte van ongrammatikale elemente in die teks (sien *supra*), moet die taalafwyking nie deur grammatikaal korrekte elemente vervang word nie.

Die doel van taal is kommunikasie (vgl. aanhalings uit Van Schalkwyk & Viviers [bladsy 12] en Du Plessis [bladsy 27]), en taal is dus `n hulpmiddel in die diens van die leser/skrywer. Die potensiële leser is baie belangrik, aangesien inagneming van die leser (gehoor) van die teks bepalend sal wees vir die samestelling en inkleding van die teks. Die teksversorger tree tussen die skrywer en leser op met die doel om te help om die bedoelde betekenis van die teks so effektief moontlik aan die potensiële leser oor te dra. Die teksversorger tree as skakel tussen die idee/gedagte van die skrywer en die begrip van die leser op. Kotze & Verhoef (2001: 82) verwys na hierdie tussentrede van die teksversorger as die mediëringsproses, waartydens “die bedoeling van `n oorspronklike teks geoptimaliseer word”. As gevolg van hierdie mediëringsaksie word na die teksversorger as `n spookskrywer verwys (2001: 80). Carstens (2000: 12-13) sê die “teksversorger is derhalwe *fasiliteerder* in die volle sin van die woord, want hy moet hom kan inleef in die rol van sowel produseerder as ontvanger en sorg dra dat hier *geslaagde inligtingsoordrag* plaasvind.” Hy meld verder (2000: 13) dat die teksversorger in alle kommunikasiesituasies wyer moet kyk as net die struktuur van die taal. Indien `n taalafwyking in `n sekere konteks/situasie effektiewer kommunikasie bewerkstellig, behoort daardie taalafwyking bestaansreg in daardie konteks/situasie te hê. Dit moet egter steeds as `n taalafwyking beskou word, tot tyd en wyl dit deur die taalgemeenskap aanvaar of verwerp word. Dit kan dus later as `n taalfout (indien dit deur die taalgemeenskap verwerp word) of `n taalnorm (indien dit deur die taalgemeenskap aanvaar word) beskou word.

Carstens (1994: 287) meld die volgende in verband met -ismes:

“Alle *-ismes* wat in `n taal voorkom, kan saamgevat word onder die naam *barbarismes*. `n Barbarisme is `n woord wat *na die*

*uiterlike inheems lyk* (en dus nie maklik herkenbaar is nie), maar in betekenis of vorming *bots met die taaleie*. Hierdie woorde is in stryd met die Afrikaanse taaleie omdat dit eie Afrikaanse woorde verdring en Afrikaans daarom nie die geleentheid tot volle ontwikkeling bied nie. ... Die rede waarom die stryd in Afrikaans hoofsaaklik en eerder teen Anglisismes aangeknoop word as byvoorbeeld teen Germanismes, Gallisismes of Nederlandismes, is omdat Duits, Frans en Nederlands, in vergelyking met Engels, baie min wedersydse aanraking met Afrikaans het.”

Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat -ismes tot die groei van `n taal kan bydra, indien dit tot die woordeskat van taal bydra of leemtes in die terminologie van `n taal vul.<sup>18</sup> Wanneer nuwe tegnologie byvoorbeeld ontwikkel word, wat gevolglik nuwe terminologie benodig, word daar dikwels gelet op die terminologie wat vir daardie spesifieke ontwikkelde tegnologie in `n ander taal bestaan. Kyk ook die bespreking oor “as volg” onder “Grammatikaliteit” (paragraaf 5.3). In verband met die suiwerheid van taal en die invloed van -ismes daarop, kan op die volgende gelet word:

*“...onthou dat geen kultuurtaal sonder ismes (sic) is nie.”*

- Le Roux (1968: 174)

Alhoewel daar gelet moet word op die suiwerheid van taal, moet in gedagte gehou word dat -ismes nie noodwendig die taaleie verdring nie, maar tot die rykheid van `n taal kan bydra.

Vir die doel van hierdie studie onderskei die navorser soos volg tussen `n taalfout en `n taalafwyking:

---

<sup>18</sup> Kyk bespreking en verwysings onder **Taalsuiwerheid** op bl. 20.

*Taalafwyking:* `n Afwyking van die norm van taalgebruik/standaardtaal. Nie `n taalfout nie. Minder gebruiklike vorm van taalgebruik. Soms swak taalgebruik.

*Taalfout:* `n Vergryp aan die taalsisteem. Verkeerde taalgebruik. Ongrammatikale taalgebruik. `n Fout. Onvoldoening aan die taalnorme.

### 5.5 Wie lê norme neer? – Deskriptiwiteit vs. preskriptiwiteit

Dit is nie altyd moontlik om tussen `n taalafwyking en `n taalfout te onderskei nie. (Vgl. bespreking hierbo.) Normering spreek hierdie probleem in `n groot mate aan, maar los dit nie heeltemal op nie. Die stryd tussen *beskrywing* (deskriptiwiteit) en *voorskrywing* (preskriptiwiteit) van norme het ook `n invloed op die kategorisering van taalfoute en taalafwykings, aangesien die perspektief waarin die normering gedoen word, bepalend is vir die kategorisering. Hierdie stryd tussen *beskrywing* en *voorskrywing* kan moontlik as die grootste probleemgebied in normering beskou word, aangesien normering nie maklik op hierdie gebied toegepas en aanvaar word nie. In die literatuur (vgl. Odendal, 1989: 1; Steyn, 1985: 17-23; Webb, 1985: 70-108; Schutte, 1985: 292-316; Heiberg, 1985: 392-416; Carstens, 1994: 4, 18-19) is taalkundiges dikwels nie daaroor eens of norme voorgeskryf of beskryf moet word nie. Normeringuitbreiding/-verdieping kan mettertyd moontlik meer duidelikheid oor probleemgevalle verskaf.

*“Want norm is nog lank nie voorskrif nie, is slegs `n riglyn, `n vingerwysing ...”*

- Odendal (1989: 6)

In die taalkundige wêreld word daar dikwels twee opinies gehuldig betreffende die wyse van normering (kyk outeurs hierbo na verwys). Die een opinie is dat norme voorgeskryf moet word, terwyl `n ander opinie bepaal dat norme deur die sprekers van `n taal daargestel moet word. Volgens hierdie menings word norme óf deur die gebruikers van `n taal bepaal (waartydens normering beskrywend – deur die taalkundige - sou wees), óf deur taalkundiges (waartydens normering voorskrywend

sou wees). Dit is die taalkundige wat in die literatuur (gewoonlik op skrif, soos in taalhandboeke) hierdie norme aanteken. Soos reeds genoem, kan hierdie aantekening voorskrywend of beskrywend wees. Odendal (1989: 1) merk tereg op:

*“Daar was natuurlik altyd uiteenlopende opinies tussen die groepe wat ruweg aangedui kan word as (1) ‘die voorskrywers’, en (2) ‘die sprekers-bepaal-die-gebruik’, maar dit was volgens my in baie opsigte `n skynteëstelling: die sprekers wat kwansuis die gebruik bepaal het, moes ook maar sorg dra dat hulle die taalgebruik handhaaf wat hulle voorstaanders as korrek beskou het.”*

Die twee skynbaar teenstrydige maniere van normering kan hand-aan-hand geskied, deurdat die taalgebruiker die norm bepaal wat deur die taalkundige waargeneem, beskryf en uiteindelik voorgeskryf word (waarskynlik in taalhandboeke). Taalkundiges en taalgebruikers verskil nie in die algemeen oor die taalreëls nie, maar wel oor *sommige* taalreëls (in Afrikaans). Derhalwe heers daar in `n groot mate eenvormigheid oor die normering van (Afrikaanse) taalreëls. Op dié gebiede waar daar nie eenvormigheid heers nie, moet daar normering plaasvind, aangesien taalgebruikers norme wil hê waarvolgens hulle hul taal kan besig. Hier moet daar dan `n werkswyse vir die normering bepaal word: gaan die taalgebruiker se gebruik die norm word, of gaan die taalkundige die norm neerlê? Carstens (1994: 17), soos ook reeds aangehaal onder paragraaf 5.3, dui aan dat die taalkundige aan die taalgemeenskap se behoefte aan `n preskriptiewe norm voldoen. Die taalkundige (1994: 19) beskryf gewoonlik hoe taal deur `n taalgemeenskap gebesig word. Carstens (1994: 19) vat hierdie normontwikkelingsproses soos volg saam: “So `n deskriptiewe analise word uiteindelik wel preskriptief aangewend omdat die beskryping van `n verskynsel (gebaseer op empiriese ondersoek) die *voorkeur* in `n gemeenskap toon en gevolglik as preskriptiewe vorm daargestel word.” Vir die doeleindes van hierdie studie word die norme wat reeds neergelê is (in byvoorbeeld taalhandboeke, vaktydskrifte en woordeboeke), as standaard vir teksversorgingsaksies beskou.

Volgens Odendal (1989: 2) is daar 'n leemte in normebeskrywing rakende die verwysing na sosiolinguistiese norme<sup>19</sup>. Joubert (1985: 1) sê dat die betekenis van 'n woord nie slegs deur vakkundiges bepaal word nie. Die betekenis wat “gewone” mense aan 'n woord heg, moet deur die sosiologiese konsepie van norme gerespekteer word: “gewone taal moet erken word as die substansie van menslike optrede en opvatting; nie slegs as die toevallige of konvensionele vormgewing daarvan nie.” Dit impliseer dat die daadwerklike invloed van die taalgebruiker op die normering van taal erken moet word, aangesien die buitetalige konsepie van die algemene taalgebruiker 'n rol speel in die interpretasie van 'n uiting. Dit verwys weer na normering deur die beskrywing van taalgebruik. Hierdeur vervul taalgebruikers 'n groot rol in normering.

Taalgebruikers wil egter ook voorskrifte (norme) vir taalgebruik hê, soos hierbo en onder paragraaf 5.3 aangedui. Hierdie norme moet egter nie willekeurig bepaal word nie. Volgens De Villiers (1977: 2) moet die basis vir normatiewe uitsprake objektiewe waarneming (soos hierbo genoem) van bepaalde taalverskynsels wees, en wel waarneming deur teoreties geskoolde taalkundiges.

Carstens (1994: 18) meld dat dit die normeerder se plig is om 'n waarde-oordeel te vel oor wat korrekte taalgebruik, foutiewe taalgebruik en 'n afwyking in taalgebruik is. Dit moet 'n objektiewe oordeel wees, gebaseer op kundigheid en waarneming. Die normvassteller moet dus die taalteorie verstaan en ken, die pragmatiek van die taal verstaan en weet hoe om die ingewinde data (wat verkry is uit waarneming en genormeer moet word) objektief te verwerk. Volgens die navorser word norme sodoende nie net vasgestel nie, maar daar word ook redes vir die normering verskaf. Die uitvloeisel daarvan is dikwels nuwe of gewysigde taalreëls. Deurdat daar redes bestaan vir die vasstelling van nuwe norme/wysiging van ou norme, maak dit nog meer sin om norme daar te stel en in teksversorgingsaktiwiteite toe te pas (soos ook op baie ander gebiede, bv. taalonderrig en praktiese kommunikasie).

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns is byvoorbeeld 'n liggaam wat norme neerlê vir die gebruik en ontwikkeling van Afrikaans deur middel van die

---

<sup>19</sup> Vgl. bespreking onder **Taalfoute** op bl. 25.

Taalkommissie. Die Taalkommissie gee die *AWS* uit en beantwoord taalnavrae. Die Taalkommissie is die amptelike normerende liggaam oor Afrikaanse spelling.

Gouws (2001) meld dat Afrikaanse taalgebruik tot onlangs hoofsaaklik puristies suiwer gehou is as gevolg van die vrees dat die nabye kontak met Engels in Suid-Afrika 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van suiwer Afrikaans sou uitoefen. Volgens hom moet daar egter erkenning aan die kontaksituasie (sosiolinguistiese aspek) verleen word, deurdat die invloed van die een taal op die ander erkenning moet geniet. Daar moet ook erken word dat hierdie wedersydse invloed, voortspruitend uit die taalkontaksituasie, tot die ontwikkeling van beide tale kan bydra. Die erkenning van taalgebruik moet 'n ware weerspieëling wees van die sosiolinguistiese werklikheid.

Volgens Gouws (2001) lei die puristiese vooroordeel wat in Afrikaanse verklarende handwoordeboeke voorkom, tot 'n "oordrewe preskriptiewe en sterk normatiewe benadering". Hy is van mening dat die tradisionele suiwering van taalgebruik deur die voorskrywing van slegs standaardtaalgebruik in taaladviesbronne 'n uitgediende praktyk is (en behoort te wees). Meer erkenning moet (en word reeds) verleen aan die ontwikkeling wat in taal plaasvind (kyk byvoorbeeld Webb, 1989: 412-435). Die navorser stem saam dat daar in die verlede moontlik te min erkenning verleen is aan ander vorme van (minder erkende, dog nie onaanvaarbare nie) taalgebruik. Tog is die navorser van mening dat taalbronne 'n voorskriftelike karakter betreffende aanvaarbare/nie-aanvaarbare taalgebruik moet behou, ten einde standaardisering in die kommunikasieproses te fasiliteer en in die behoefte van die taalgemeenskap (aan riglyne) te voorsien.

Gouws (2001) meld in sy slot die volgende:

*"Die ontwikkeling in die Afrikaanse leksikografie het 'n punt bereik waar woordeboeke begin om verslag te doen van die linguistiese, sosiolinguistiese en kulturele werklikheid. Dit word onder meer bereik deur die insluiting en behandeling van leksikale items wat die voortdurende wisselwerking in 'n meertalige en multikulturele omgewing verteenwoordig. So 'n benadering*

*verhoog die gehalte van woordeboeke en dra by tot hulle status as gesaghebbende bronne van inligting.”*

Die bogenoemde aanhaling is baie belangrik in die Suid-Afrikaanse situasie, aangesien 11 amptelike (en verskeie ander) tale gebesig word en taalgebruikers hulle in 'n multi-taalkontaksituasie bevind. Normeringsbronne moet hierdie situasie in gedagte hou in die normering (beskrywing en voorskrywing) van die taalwerklikheid sowel as die geïdealiseerde taalwerklikheid.

## **5.6 Eienskappe van taalnorme**

Vir elke norm kan ons onder andere die volgende vrae vra:

- Dien hierdie norm die doel waarvoor dit voorgestel word?
- Sal hierdie norm kommunikasie tussen taalgebruikers bevorder?
- Sal hierdie norm die aanleer van die taal bevorder?

Om hierdie vrae te beantwoord, kan ons na die volgende eienskappe van norme kyk:

### **i) Norminhoud en normkarakter**

Volgens Bartsch (1982: 62) bestaan 'n norm uit 'n norminhoud (wat die reëlmatigheid stel) en die normkarakter (wat dui op verpligting of opsionaliteit van gebruik). Hierdie stelling is 20 jaar gelede gemaak, maar is steeds toepaslik, wat blyk uit die volgende twee paragrawe.

Die norminhoud kan baie duidelik of vaag gestel word. Die volgende norm is baie duidelik:

*“Na 'n vokaal met 'n kappie aan die einde van 'n sillabe kry die vokaalletter aan die begin van die volgende sillabe geen deelteken nie, bv. lêer”*

- AWS (1991: 33)

Hier heers nie verwarring oor wat as norm gestel word nie. Neem egter die volgende geval:

*“Die spelling van Afrikaans is gebaseer op die klankstelsel van Standaardafrikaans.”*

- AWS (1991: 11)

Hierdie norm is vaag, aangesien dit moeilik is om te bepaal wat Standaardafrikaans presies omvat. Beide norme het tog bestaansreg, aangesien `n maatstaf vir taalgebruik gebied word.

Die karakter van `n norm kan verpligtend (`n voorskrif) of opsioneel (`n aanbeveling) wees. Verpligtende norme is byvoorbeeld die skryf van “kompartementvenster” as een woord (AWS, 1991: 187), terwyl “weereens” ook as “weer eens” geskryf kan word (AWS, 1991: 319). Opsionaliteit in voorgeskrewe norme, soos gevind word in die AWS, het dikwels te doen met die groei van die taal. Waar voorheen slegs een vorm erken is, kan twee vorme nou erken word as norm as gevolg van die gebruiksfrekwensie van beide vorme.

ii) Die navolgbaarheid van norme

Norme het, volgens Steyn (1985: 55), die belangrike eienskap dat dit aangeleer kan word. Dit kan voorgeskryf word (bv. in `n klaskamer) of dit kan waargeneem word (bv. deur `n babatjie wat leer om te praat). Daar moet reëlmatigheid en relevansie in hierdie norme wees, aangesien reëlmatigheid en relevansie van norme “orde in taalgebruik” teweegbring, en navolgbaarheid van norme (byvoorbeeld by die aanleer van `n taal) verhoog. Indien `n norm nie konsekwent is nie, kan dit die reëlmatige karakter van taalgebruik skaad (en dit byvoorbeeld vir `n vreemdetaalspreker moeiliker maak om `n taal aan te leer).

iii) Die geldigheid van norme

Dit is baie belangrik dat `n norm die doel moet bereik waarvoor dit geformuleer is. Indien `n taalnormeerder die verkeerde siening huldig rakende grammatiese,

pragmatiese, suiwer taalgebruik en standaardtaal, kan dit die geldigheid van die normering beïnvloed. Hierdie taalnormeerder kan moontlik 'n meer puristiese voorskrif daarstel wat nie die mees gepaste taalgebruik weerspieël nie. Indien die taalnormeerder 'n norm daarstel wat kommunikasie negatief kan beïnvloed (byvoorbeeld 'n verkeerde grammatiese norm), gaan die norm moontlik nie sy doel<sup>20</sup> bereik nie. In so 'n geval kan die geldigheid van die daargestelde norm in twyfel getrek word.

iv) Doeltreffendheid van norme

Soms word die norme wat neergelê word, nie nagevolg nie. Hoekom gebeur dit? Moontlike oorsake is ondoeltreffende of onrealistiese normering.

Ondoeltreffende normering kan plaasvind wanneer die normeerder die norm op só 'n wyse formuleer dat dit nie suksesvol deur die taalgebruiker/taalkundige gevolg kan word nie. Kyk na die volgende twee normstellings:

1. Die Afrikaanse spellingsstelsel moet nagevolg word.
2. Die konjunkte spellingsstelsel van Afrikaans (komposita word as een woord geskryf) moet sover moontlik nagevolg word.

Alhoewel beide stellings dieselfde norm beskryf, is stelling 2 baie doeltreffer, aangesien die norm duideliker uiteengesit word en dus makliker nagevolg kan word.

Onrealistiese normering dui op normering wat nie voldoende rekening hou met die taaltoestand nie, in teenstelling met normering wat glad nie rekening hou met die taaltoestand nie. Die norm in Afrikaans was om “tot siens” as twee woorde te spel (*AWS*, 1965: 291). Die taalgebruiker het egter al meer die vorm “totsiens” (een woord) begin gebruik. Standaardgebruik behels nou “tot siens” sowel as “totsiens” (*AWS*, 1991: 293). Dit sou gevolglik onrealisties wees om slegs die gebruik van “tot siens” as norm te aanvaar en te beskryf. Soos 'n taal groei en ontwikkel, moet die

---

<sup>20</sup> Kyk paragraaf 5.3 Die nut van normering.

normering van die taalgebruik ook groei en ontwikkel. Sodoende hou die norme tred met die taalgebruik en word die geldigheid en die navolgbaarheid daarvan verhoog. Carstens (1994: 264-287) dui die volgende aan: “Hierdie strewe [om taal te suiwer] is egter niks anders as `n *ideaal* nie; dis *kwalik realiseerbaar* in enige gegewe taal, want geen taal kan in `n lugleegte bestaan en so aan beïnvloeding van buite ontsnap nie.” Hy meld ook verder (1994: 286) dat tale mekaar positief (en negatief) kan beïnvloed, aangesien tale van mekaar leen om in sekere kommunikasiebehoefte te voorsien. Norme moet by die groei in taal aanpas en gevolglik dinamies wees.

### 5.7 Standaardtaal

Volgens Du Plessis (1995: 34) heers daar in die variasietaalkunde onenigheid oor die betekenis van die term “standaardtaal”. Die twee hoof sienings wat deur variasietaalkundiges gehuldig word, is dat standaardtaal:

- A. `n objektiewe werklikheid is,
- of
- B. `n geïdealiseerde vorm is.

Hy meld verder dat, alhoewel standaardtaal in die normatiewe taalkunde as maatstaf vir “reg” of “verkeerd” gebruik word, standaardtaal in variasietaalkunde net as nog `n vorm van taalgebruik beskou word. Watter taalkundige maatstaf word egter gebruik by die versorging van `n teks? Volgens die navorser word die beginsels van normatiewe taalkunde toegepas tydens teksversorgingsaksies in veral formele geskrewe en gesproke situasies<sup>21</sup>, aangesien die doel van die aksie impliseer dat `n waarde-oordeel oor die korrektheid van die oorspronklike uiting gevel word. Met ander woorde, `n norm moet heers (en toepaslik wees) vir die evaluering van die korrektheid/aanvaarbaarheid van `n teks. Die korrektheid/aanvaarbaarheid van `n teks kan ook aan die hand van die taalsituasie oorweeg word. In sekere situasioneel-gebonde kontekste kan tekste wat in meer formele situasies as onaanvaarbaar beskou sou word, wel aanvaar word. (Kyk T4 en T5 op bladsy 25.)

---

<sup>21</sup> Kyk Carstens (1994: 239).

In 'n doktrale studie voltooi in 2000, dui Van den Berg in breë trekke aan dat daar in die literatuur uiteenlopende menings bestaan oor wat met die konsep *standaardtaal* bedoel word. Definisies wat in die literatuur voorkom oor *standaardtaal* (2000: 16-37), *Standaardengels* (2000: 37-54) en *Standaardnederlands* (2000: 54-59) word in die bogenoemde studie aangehaal en bespreek. Die aantal definisies wat aangehaal word, en die omvangrykheid daarvan, dien as aanduiding van die uiteenlopendheid van die menings wat gehuldig word oor wat met standaardtaal geïmpliseer word. Dit val nie binne die omvang van hierdie studie om 'n waarde-oordeel te vel oor die verskillende menings wat gehuldig word nie. Die doel van hierdie paragraaf is om aan te dui dat dit nie 'n eenvoudige taak is om binne die linguistiek 'n allesomvattende definisie van wat met standaardtaal bedoel word, saam te stel nie. Ten spyte van die bogenoemde uiteenlopendheid oor wat met die term *standaardtaal* geïmpliseer word, dui Van den Berg (2000: 147-158) aan dat daar wel by linguïste in die algemeen eenstemmigheid oor die volgende aspekte heers:

- Die standaardvariëteit beklee 'n besondere statusposisie binne 'n bepaalde taalgemeenskap.
- Die standaardvariëteit het algemene gebruikswaarde oor die hele taalgebied.
- Standaardtale ontstaan meestal vanweë nietaalkundige faktore, byvoorbeeld as gevolg van politieke of ekonomiese oorheersing deur 'n deel van die taalgemeenskap.

Vir die doel van hierdie studie, word standaardtaal (bv. Standaardafrikaans) beskou as die variëteit van 'n taal (bv. Afrikaans) wat algemeen gebruiklik is. Dit word algemeen deur die taalgebruikers aanvaar en voldoen aan die kommunikasievereistes van die breë taalgemeenskap deurdat daar 'n konvensie bestaan oor die gebruik daarvan. Dit is nie 'n rigiede vorm van taalgebruik nie en besit subvariëteite (Carstens, 1994: 240) wat gebruik word na gelang van die situasie.

Subvariëteite van standaardtaal bevorder die natuurlike en pragmatiese gebruik van die taal, aangesien die konteks van gebruik in ag geneem word. "Standaardtaal" impliseer ook dat daar taalgebruiksvorme bestaan wat nie noodwendig standaard is

nie. Carstens (1994: 242) onderskei tussen twee tipes niestandaardvorme, naamlik omgangsvariëteite en registervariëteite<sup>22</sup>.

Onder **omgangsvariëteite** word gelys:

- geografiese dialekte (geolekte)
- sosiale dialekte (sosiolekte)
- etniese dialekte (etnolekte).

Onder **registervariëteite** word verwys na:

- beroepsgroepe
- sleng
- godsdiensgroepe
- geheimgroepe
- stokperdjiegroepe, ensovoorts.

Webb (1985: 79) meld dat alle variëteite van Afrikaans genormeer is, alhoewel sommige taalkundiges die mening huldig dat slegs standaardtaal genormeer is. Van den Berg (2000: 148) ondersteun hierdie stelling, maar dui aan dat alle variëteite egter nie gekodifiseer is nie, met ander woorde “die grammatika, leksikon, uitspraakvorme van sodanige variëteite is nie in woordeboeke en grammatikaboeke omskryf nie.” Hierdie kodifisering moet gestalte vind in taalnorme as taalreëls, en normeringsinstansies en -persone (byvoorbeeld leksikograwe) moet ook gesag aan hierdie taalnorme verleen. Die rede waarom variëteite van Afrikaans genormeer is, is om die pragmatiese gebruik van Afrikaans te bevorder, met ander woorde, om die gebruiksmoontlikhede van Afrikaans in verskillende kontekste uit te brei. Die navorser is van mening dat baie variëteite van Afrikaans genormeer is, maar dat die standaardvorm waarskynlik die sterkste genormeer en gekodifiseer word, omdat dit die *standaard* is.

---

<sup>22</sup> Kyk ook Van den Berg (2000: 138-139) vir 'n kort oorsig oor onder andere De Villiers (1985) se onderskeiding tussen *Standaardafrikaans*, *Omgangsafrikaans* en *Registerafrikaans*.

Volgens die navorser moet die norm van wat korrekte taalgebruik is, nie suiwer vanuit 'n sosiolinguistiese of 'n situasioneel-gebonde perspektief beskou word nie, aangesien dit dan moeilik sal wees om taalstandaardisering (kyk paragraaf 5.3) toe te pas. Dit kan dan moontlik lei tot taalverswakking. Volgens die navorser kan standaardtaal as die norm vir byvoorbeeld Afrikaanse gebruik dien, aangesien standaardtaal voorsien in die behoefte aan 'n universele kommunikasienorm. Volgens Carstens (1994: 236) en Van den Berg (2000: 191-192) is in die vroeëre Afrikaanse literatuur byvoorbeeld na Algemeen-Beskaafde Afrikaans verwys. Dit hou egter 'n negatiewe konnotasie in vir gebruikers van afwykings van Algemeen-Beskaafde Afrikaans, aangesien kategorisering kan plaasvind: die sosiale opvoedingsvlak van die gebruiker word noodwendig aan sy taalgebruik gekoppel. Daar is wel 'n interaksie tussen sosiale klassifisering en taalgebruik, maar daar is nie 'n noodwendige verwantskap soos deur die term “Algemeen-Beskaafd” geïmpliseer word nie.

### **5.8 Vlakke waarop normering gedoen word**

Verskillende vlakke van taal, in teenstelling met taal as 'n eenheid, word genormeer. Volgens Skorge (1985: 516) word taal op die volgende vlakke genormeer:

- Fonologiese vlak (normering oor die uitspraak van woorde)
- Grafiese vlak (normering oor spelling en interpunksie)
- Morfologiese en sintaktiese vlakke (dit is die grammatikale norm)
- Stilistiese en tekssoortvlakke (normering oor taalgebruikstyl)
- Pragmatiese en taalgebruiksvlakke (normering oor die gepastheid van taaluitinge in konteks)

Wanneer taalfoute/taalafwykings aangedui word, word dit op een van die bogenoemde vlakke aangedui. Volgens die navorser het norme soms 'n beperkte lewensduur. Neem byvoorbeeld “tot siens” (as twee woorde gespel), wat in die verlede die norm was.<sup>23</sup> Later is “totsiens” (as een woord gespel) ook as norm aanvaar. Op grafiese vlak heers daar dus nie meer 'n norm wat bepaal dat “tot siens”

---

<sup>23</sup> Kyk bespreking onder “Doeltreffendheid van norme” op bl. 41.

as twee woorde gespel *moet* word nie. Die aanvaarbaarheid van beide spellingvorme is die nuwe norm.

## 5.9 Universele, interne en eksterne norme

Die teksversorger moet bedag wees daarop dat verskeie tipes norme in verskillende situasies van toepassing kan wees. Carstens (1994: 26) maak byvoorbeeld ook melding van die volgende tipes norme:

**Universele norme** is norme wat vir alle tale geld. Dit behels norme soos die uitkakeling van dubbelsinnigheid en die nastreef van so effektief moontlike kommunikasie.

**Interne norme** is norme wat struktuurgebonde is binne (’n bepaalde) taal. Hierdie norme kom dus nie noodwendig in ander tale voor nie. Die fonologie van verskillende tale word verskillend genormeer. Dieselfde opeenvolging van letters (bv. “gate”) word in verskillende tale verskillend uitgespreek as gevolg van verskillende fonologiese norme. In Engels sal “gate” as [gəit] uitgespreek word, terwyl dit in Afrikaans as [xa:tə] uitgespreek word.

**Eksterne norme** handel oor die pragmatiese korrektheid van uitings. Hierdie norme is konteksgebonde.

## 5.10 Die taalgebruikmoniteringsplig van die taalkundige<sup>24</sup>

*“Alle nadenke oor norme begin by die eenvoudige onderskeiding tussen wat mense doen en wat hulle sê hulle glo behoort gedoen te word.”*

- Joubert (1985: 3)

Die bogenoemde aanhaling, alhoewel in `n sosiologiese konteks gebruik, kan op die taalkunde ook toegepas word deurdat dit aandui dat “verwagting” en “werklikheid” (byvoorbeeld in taalgebruik) nie altyd dieselfde is nie. Die “verwagting” is dat daar aan die taalnorme voldoen moet word. Die “werklikheid” is dat daar nie altyd aan die taalnorme voldoen word nie.

Die taalkundige het `n groot rol te vervul in die normering van taalgebruik. Soos reeds gesê<sup>25</sup>, geskied normering uit die taalkundige se oogpunt hoofsaaklik deur die beskrywing van taalgebruik. Hierdie beskrywing word die norm vir taalgebruik, en moet in `n mate voorskrywend wees<sup>26</sup>. Indien geen voorskrywing plaasvind nie, sal daar nie leiding aan die groei van taal gegee kan word nie. Deur voorskrywing word taalgebruikers aangeraai om sekere vorme van taalgebruik bo andere te besig. Nuwe vorme van taalgebruik (bv. taalafwykings, neologismes, ens.) kan deur die taalkundige goedgekeur of afgekeur word. Indien taalkundiges merk dat die breë taalgemeenskap geneig is om dieselfde taalkundige fout te begaan, moet dit aan die taalgemeenskap oorgedra word deur bv. koerant- en tydskrifartikels, taalhandboeke en radiopraatjies. Anton Prinsloo behartig die rubriek “**Taalkruie**” in *Volksblad*, waarin taalvrae beantwoord word en algemene taalprobleme bespreek word. In *Volksblad* (4 Oktober 2002: 9) bespreek Prinsloo byvoorbeeld die foutiewe gebruik van die term “weersgewys” as verwysing na “wat die weer betref”.

---

<sup>24</sup> Kyk in hierdie verband ook 5.5 **Wie lê norme neer? - Deskriptiwiteit vs. preskriptiwiteit.**

<sup>25</sup> Kyk 5.5 **Wie lê norme neer? - Deskriptiwiteit vs. preskriptiwiteit.**

<sup>26</sup> Hier word verwys na “`n mate”, aangesien `n bepaalde vorm van taalgebruik nie summier voorgeskryf mag word sonder die inagneming van ander vorme van taalgebruik nie. Deur ander vorme van taalgebruik in ag te neem en as norm daar te stel indien die taalgebruikers dit sodanig besig, groei taal.

Heiberg (1985: 392) verwys ook in 'n mate na die taalmoniteringsplig van die taalkundige in sy verwysing na taaldokters. Hy sê dat die woord “taaldokter” as algemene term kan dien vir elkeen wat betrokke is by die herstel van “olikhede” in die taal, en dit wel doen deur die voorskrywing van 'n spreek- en skryftaal – gewoonlik standaardtaal – wat dan aan gebruikers en potensiële gebruikers van die taal voorgehou word. Daar word dan van onder andere die sosiolek- en dialeksprekers verwag om sover moontlik die standaardtaal te volg.

In die bogenoemde verband meld Steyn (1985: 24-39) dat die taalpraktisyn voor 'n paar probleme te staan kom in die uitvoering van sy taalkundige pligte. Soms heers daar by die taalpraktisyn onsekerheid oor bestaande norme sowel as nuwe probleme soos nuwe terminologie en verandering in taal as gevolg van byvoorbeeld taalkontak. Steyn (1985: 25) meen dat die taalnormeerder in die bogenoemde gevalle die taalpraktisyn van hulp en advies moet voorsien.

Verder meld Steyn (1985: 27-32) dat grammatikaliteit en pragmatiese korrektheid soms die werk van die normeerder (en gevolglik ook die taalkundige) bemoeilik:

- Soms word grammatikareëls doelbewus oortree ter wille van kommunikasie. Hy (1985: 27) verwys na kommunikasie as die “hoogste norm”, en dui aan dat die kommunikatiewe sukses van 'n teks belangriker as die grammatikale korrektheid van 'n teks is.
- Taalnorme (1985: 28) kan ook verander, wat onsekerheid by taalgebruikers (en ook taalkundiges) laat oor “reg en verkeerd”. Normering moet in hierdie geval aanpas by die verandering in taal.
- 'n Derde probleem vir taalnormeerders (en gevolglik taalkundiges) is die verskeidenheid in taal (dialekverskille en verskille in taalgebruik met betrekking tot die taalgebruiker se sosiale posisie, leeftyd, geslag en soms godsdiens of etniese groep). Steyn (1985: 29) dui aan dat die normeerder in gedagte moet hou dat sommige norme vir alle groepe in alle situasies geld, maar dat daar ook norme is wat net op spesifieke taalvariëteite van toepassing is.

- `n Sin wat grammaties korrek is, is nie noodwendig pragmaties korrek nie. Die taalnormeerder (en taalkundige) kan die korrekte pragmatiese norme vir die taalgebruikers leer of inskerp, of poog om die bestaande pragmatiese reëls te wysig (byvoorbeeld om morele redes, byvoorbeeld die wysiging van etniese benamings op grond van toenemende politieke sensitiwiteit jeens bestaande benamings). (Steyn, 1985: 29-31)

Steyn (1985: 34) sê dat `n taalkundige `n taalfout (in `n sosiale of grammatikale konteks beskou) in geskrewe taal of voorbereide tekste as `n fout moet aandui. Indien hierdie moniteringsplig nie uitgevoer word nie, kan dit daartoe lei dat hierdie fout deur taalgebruikers as norm beskou word.

Carstens (1994: 19) meld dat die taalkundige se beskripsie van die taalgebruik van die volksmond, `n preskriptiewe funksie kan kry. As gevolg van die taalkundige se opleiding en ervaring, is hy die geskikte persoon om, met inagneming van die “*diachroniese en sinchroniese taalkundige beginsels en neigings*”, die volkstaalgebruik te monitor en te beskryf.

Die navorser beskou dit, opsommenderwys, as die taalkundige se plig om `n invloed uit te oefen oor die aanvaarding/nie-aanvaarding van nuwe/verkeerde taalgebruiksvorme, aangesien die taalkundige `n vakkundige op die gebied van die taalkunde behoort te wees en op hierdie wyse `n professionele leidende (dog nie dikterende nie) rol moet vervul. Die taalkundige is hoofsaaklik die persoon wat gemoeid behoort te wees met die monitering van die “verwagting” en “werklikheid” van korrekte taalgebruik. Taalgebruik word gemonitor en aanbevelings word gemaak. Die taalgebruiker verwag immers ook hierdie tipe leiding van die taalkundige (Carstens, 1994: 17). Dit is waarom taalkundiges gereeld geskakel word in verband met navrae oor die korrekte vertaling vir `n woord, die gebruikskonteks van `n uiting, die spelling van `n woord, ens. Die taalkundige is `n vakkundige in taal, en moet uit hoofde van hierdie posisie `n rol in taalgebruik en -ontwikkeling vervul.

### 5.11 Normering vir hierdie studie

Uit die bogenoemde besprekings (kyk ook **5.4 Taalfoute en taalafwykings**) blyk dit dat daar soms onenigheid in die literatuur heers oor watter taalnorme presies nagevolg moet word. Verskeie variëteite van taalgebruik word in sekere situasies as goed en gepas beskou. Die konteks/situasie van gebruik van hierdie variëteite bepaal watter spesifieke variëteit die geskikste vir gebruik is. Webb (1985: 100)<sup>27</sup> meld soos volg:

*“Alle variëteite van Afrikaans is gelykwaardig, en elk is gepas in sy eie konteks.”*

Vir doeleindes van hierdie studie word die variëteit standaardtaal as norm in teksversorging gebruik. Soos Carstens (1994: 7) tereg opmerk, is standaardtaal die variant in taalgebruik wat die meeste in geskrewe situasies gebruik word, kenmerkend is van die meerderheid openbare gesproke situasies en wat geld in die aanleer van `n taal. Dit is dus ook die taalgebruik wat deur taalhandboeke beskryf en aangemoedig word.

### 5.12 Adviesbronne vir taalnormering

Nadat norme vasgestel is, moet dit aan die taalgebruiker beskikbaar gestel word. Sodoende word die standaard van aanvaarde taalgebruik aan die taalgemeenskap beskikbaar gestel. Dit maak ook deel uit van die taalkundige se moniteringsplig. Die beskikbaarstelling van norme kan op velerlei wyses geskied, en onder andere op die volgende wyses:

- Taalhandboeke
- Naslaangidse
- Vaktydskrifte
- Navorsingstudies
- Konferensies, seminare, werkswinkels, ens.


---

<sup>27</sup> Kyk in hierdie verband ook na Webb (1989: 432), aangehaal op bl. 29.

- Woordeboeke (Algemene verklarende en vertalende woordeboeke, sowel as tematische verklarende, vertalende of andersins informatiewe woordeboeke, wat op 'n spesifieke, gespesialiseerde gebied van die woordeskat fokus, is beskikbaar.)
- Koerantrubrieke oor taal
- Radiopraatjies
- Amptelike aktes en staatsdokumente, en gebruik deur owerheidspersoneel
- Briefwisseling van die owerheid en openbare instellings
- Briefwisseling met die owerheid
- Aktes en dokumente met betrekking tot aankope deur die staat of openbare liggame, asook kontrakte waarby die owerheid betrokke is
- Instellings wat deur die staat gekontroleer en gesubsidieer word
- Onderwys, opleiding en wetenskaplike ondersoek.

Elke bron wat gebruik word, het sy eie identieke wyse van normering. Partye bronne normeer slegs standaardtaal, terwyl ander bronne ook aandag aan variëteite van standaardtaal skenk. Dit is belangrik om seker te maak of al die vorme in bronne as standaardtaal beskou word en of sekere van die vorme wat ingesluit word variëteite is waarvan die gebruik deur die konteks/situasie bepaal word.

(Aangepas uit Carstens, 1994: 27; Hauptfleisch, 1985: 204; Steyn, 1982: 62-63.)



### 5.13 Die hantering van taalnorme in teksversorging

Soos uit hierdie hoofstuk blyk, vervul taalnorme 'n kernrol in teksversorging. Aangesien daar dikwels onenigheid heers oor verskeie aspekte van taalnorme (bv. voorskrywing teenoor beskrywing; die erkenning van slegs standaardtaal teenoor die erkenning van variëteite van taalgebruik), moet taalnorme in teksversorging gevolglik ook baie versigtig gehanteer word. Webb (1985: 99) meld die volgende punte wat in hierdie verband in gedagte gehou moet word:

- (a) Die bepaalde kenmerke van standaardtaal is nie altyd presies wetenskaplik vasgestel nie.



- (b) Die gesag van bepaalde taalbronne moet nie sonder meer aanvaar word nie. Daar kan ook foute in taalbronne voorkom, aangesien hulle deur mense geskryf word en mense foute kan maak. Hierdie bronne (bv. woordeboeke en handboeke oor grammatika) kan egter as nuttige hulpmiddels ingespan word.
- (c) Indien veranderinge in 'n teks aangebring/aanbeveel word tydens teksversorging, moet die teksversorger in staat wees om rekenskap te gee van sodanige voorgestelde veranderinge.
- (d) Standaardafrikaans (en gewoonlik enige standaardtaal) is heterogeen, en dus is daar nie net een korrekte weergawe van taalgebruik in 'n betrokke taal teenwoordig nie.
- (e) Die persoon wie se teks versorg word, het buiten 'n referensiële behoefte (verwysing na idees/terme/ens.), ook stilistiese en sosiale kommunikatiewe behoeftes. Die uitlewing van laasgenoemde twee behoeftes kan 'n taal verryk.
- (f) Alle variëteite van standaardtaal is gelyk en sekere vorme daarvan moet nie as minderwaardig beskou word nie. Verskillende (alhoewel nie alle nie) variëteite van standaardtaal is gelykwaardig, maar nie in dieselfde situasie/konteks nie.
- (g) Taal verander, en die teksversorger moet op hoogte daarvan bly.
- (h) Die taalgebruik van 'n skrywer moet in konteks beoordeel en gehanteer word. Sy spesifieke skryfstyl moet gerespekteer word.

#### 5.14 Samevatting

Hierdie hoofstuk toon aan dat norme baie belangrik is vir die versorging van teks, aangesien norme die “waardestelsel” verskaf waarvolgens uitinge in teks as korrek/nie korrek nie/aanvaarbaar/onaanvaarbaar beoordeel kan word.

In die taalkunde bestaan daar egter dikwels verdeeldheid oor watter norme erken moet word, asook oor watter norme in watter situasie/konteks geld. Gesien die geheelbeeld dat standaardtaal die variëteit van taalgebruik is wat volgens literatuur die algemeenste gebesig word, volg dit dat standaardtaal as norm vir baie teksversorgingsaksies gebruik kan word. Die situasie/konteks van die uiting moet egter beslissend wees vir die norm van aanvaarding/nie-aanvaarding (en dus korrigerings) van 'n uiting, aangesien rigiede (puristiese) versorging van 'n teks, waar

talige (konteks) en buitetalige faktore (situasie) nie in ag geneem word nie, moontlik tot geïkete, oorformele of ongepaste taalgebruik kan lei.

Volgens die navorser moet die versorging van teks gebaseer word op die kernnorm van “kommunikatiewe geslaagdheid”. Die doel van teks is om ’n boodskap vanaf die tekspanner na sy gehoor oor te dra, en dus is dit die teksversorger se primêre plig om ondersteunend in hierdie strewende van die tekspanner op te tree.

## Pragmatiek en teksversorging

### 6.1 Inleiding

Pragmatiek is 'n wye veld in die linguistiek en is moeilik om te definieer. Gevolglik baken verskillende linguïste hul definisies verskillend af. Volgens Schiffrin (1994: 190) handel pragmatiek oor betekenis, konteks en kommunikasie, wat opsigself ook wye begrippe is om te definieer.

Sommige taalkundiges huldig die mening dat pragmatiek slegs betrekking het op uitinge, en nie op geskrewe werk nie. Hipkiss (1995: 38) maak byvoorbeeld die volgende stelling:

*“Pragmatics, strictly speaking, is supposed only to deal with utterances and not with written statements, but writing too takes place in physical, historical situations, and it contains, in its punctuation, elements of the speech act, which most often is the focus of the pragmatician.”*

Yule (1997: 127) omskryf pragmatiek as die studie van “intended speaker meaning”.

Die navorser definieer **pragmatiek** vir die doeleindes van hierdie studie as **die subveld van linguistiek wat fokus op die interpretasie van uitinge in konteks**. Die volgende woorde van De Villiers (1972) kan dien as 'n omskrywing van die doel van pragmatiek:

*“Die beste woord op die regte plek staangemaak, is 'n kosbare ding.”*

Sinclair (1992: 66) meld dat die rol van konteks in die interpretasie van uitinge of diskoerse (meer algemeen) baie verder strek as die domein van die teoretiese linguïstiek. Elke taalkundige wat te doen het met die doeltreffende gebruik van taal in kommunikasie, is op die een of ander wyse gemoeid met die vraag oor wat konteks is en hoe dit werk. Die teksversorger moet dus ook kennis dra van konteks en die rol wat dit speel in taaluiting.

## 6.2 Konteks

Die bedoelde betekenis van 'n uiting kan nie altyd uit die linguïstiese betekenis van die samestellende linguïstiese eenhede van die uiting afgelei word nie. Let op die volgende sin:

**T11:** “Waar kom die punt?”

Alleenstaande is dit moeilik om hierdie sin te interpreteer. Geen konteks<sup>28</sup> word vir die bogenoemde sin verskaf nie en dit moet gevolglik buite konteks geïnterpreteer word. Taaluiting word egter selde buite konteks geïnterpreteer. Die woord “punt” kan onder andere verwys na die punt van 'n voorwerp of die punt in 'n afkorting. Voeg die volgende sinne by:

**T12:** Spreker 1: “Rol asseblief die mat oop.”

**T13:** Spreker 2: “Enige tyd. Waar kom die punt?”

Spreker 1 verskaf die konteks vir Spreker 2 se uiting en skep die konteks waarbinne die versoek en die vraag geïnterpreteer moet word. Dit vraag “Waar kom die punt?” is dan meer suksesvol interpreteerbaar (in terme van die spreker se veronderstelde betekenis). Konteks speel dus 'n belangrike rol in die interpretasie van uitinge, en is as sodanig baie belangrik vir suksesvolle kommunikasie. Dit is belangrik om die konteks van uitinge tydens teksversorgingsaktiwiteite vas te stel om seker te maak van die bedoelde betekenis van die teks.<sup>29</sup>

---

<sup>28</sup> Linguïstiese konteks.

<sup>29</sup> Kyk Hoofstuk 8 oor praktiese wenke vir teksversorging.

Sinclair (1992: 67-83) is van mening en redeneer dat konteks nie gedefinieer kan word as slegs die situasie van 'n uiting, die konteks van 'n uiting of die “*conversational common ground*” nie, en dat verduidelikings op hierdie gronde leemtes laat vir 'n omvattende uiteensetting van die rol van konteks in die interpretasie van uitinge. Sy meld dat die relevansieteorie<sup>30</sup>, 'n teorie van pragmatiek wat in die tagtigerjare deur D Sperber en D Wilson ontwikkel is, deur sommige taalkundiges voorgehou word as 'n goeie verduideliking van die rol van konteks in die interpretasie van uitinge. Volgens die relevansieteorie is die konteks vir die interpretasie van 'n uiting die stel aannames wat die hoorder/leser gebruik in die interpretering van die teks. Die bron van die aannames wat die hoorder/leser kan kies om as konteks te funksioneer in die interpretasie van 'n uiting, is die hoorder/leser se kognitiewe omgewing. Die kognitiewe omgewing bestaan uit al die aannames wat die hoorder/leser van die wêreld maak op enige bepaalde tydstep.

Schiffrin (1994: 362-385) redeneer dat daar verskillende benaderings tot die definiëring van konteks is, asook verskillende sienings van die verband tussen teks en konteks. In terme van spraakhandelingeorie word konteks deur kennis of situasie bepaal – die kennis waaroor beide die spreker/hoorder oor die bepaalde onderwerp/spraakhandelings tipe of in die spesifieke situasie beskik. Die gedeelde voorafkennis wat elkeen besit, help om die woord wat in konteks gebruik word, korrek te interpreteer. Verder kan konteks (in terme van variasie-analise) ook beskou word as beide situasie en teks, en volgens gespreksanalise as kennis, situasie en teks.

Carstens (1997: 21) maak die volgende stelling ter aanduiding van die belangrike rol wat konteks in taal vervul: “Taal is dus slegs taal in 'n besondere konteks.” Hy (1997: 390-392) dui verder aan dat daar verskillende definisies vir, en benaderings tot die omskrywing van, die term “konteks” bestaan, en redeneer (1997: 393) dat “konteks” eerder 'n dinamiese as 'n statiese begrip is, aangesien die konteks aangepas kan word na gelang van die deelnemers aan die kommunikasiesituasie en hul “agtergronde, voorbehoude, houdings, kennis, en so meer.” Op grond van gebruikers

---

<sup>30</sup> “Sperber and Wilson’s (S&W) theory (1986) may be seen as reducible to the theorem that to understand an utterance is to prove its relevance.” - Grundy (1995: 141)

se kennis van 'n verskeidenheid van faktore (byvoorbeeld die vertel/skryf van 'n storie) neem hulle aan kommunikasiesituasies deel en is hulle in staat om mekaar te verstaan. Hierdie konteks wat taalgebruikers besit, dra dus by tot die skep van 'n konteks vir die (korrekte) interpretering van uitinge, soos Carstens (1997: 403) tereg aandui: “Die **konteks** wat gevolglik ter sake is vir die suksesvolle interpretasie van taaluitinge, is die **somtotaal van alle moontlike kennis (dit wil sê verbaal én pragmaties) waaroor die taalgebruiker beskik.**”

Verskillende benaderings bestaan dus ten opsigte van die definiëring van konteks en verskillende aannames word gemaak oor watter aspekte van konteks relevant is tot die skep en interpretasie van uitinge/teks. **Vir die doel van hierdie studie beskou die navorser “konteks” as enige stel relevante, talige faktore op 'n gegewe tydstip wat 'n invloed op die interpretasie/skep van 'n uiting/teks het en wat as sodanig deur beide spreker/hoorder en skrywer/leser in aanmerking geneem moet word.**

Die teksversorger moet in aanmerking neem dat die konteks waaroor hy ten opsigte van die teks beskik, van die konteks van die leser/skrywer kan verskil, aangesien baie faktore betrokke is by die skep van konteks. Elke persoon se kognitiewe ontwikkeling en samestelling verskil van 'n ander s'n, en moet in gedagte gehou word by die interpretasie en korrigering van teks. Situasies word in terme van die voorgenoemde ook verskillend geïnterpreteer en teks word deur verskillende persone verskillend gesien. Carstens (2000: 13) meld in verband met kontekstualiteit dat alle moontlike kennis wat 'n invloed kan uitoefen op die interpretasie van 'n teks, ter sake is by die bepaling van die geslaagdheid van 'n teks in/vir 'n spesifieke gebruikskonteks. Die navorser hou dus voor dat die konteks van 'n teks nie slegs gebonde is aan die linguistiese omgewing van die teks of die persoon wat by die teks betrokke is (in watter hoedanigheid ook al) nie, maar ook afhang van die kognitiewe omgewing van die persoon.<sup>31</sup> Elke persoon skep dus 'n konteks wanneer hy met 'n teks te doen kry. Volgens hierdie “model” sal suksesvolle kommunikasie plaasvind wanneer die konteks wat die skrywer en die leser aan 'n teks koppel, ooreenstem.

---

<sup>31</sup> Kotze (1998: 47) onderskei in hierdie verband tussen *skrywer*-, *leser*- en *gebruikskonteks*.

### 6.3 Intensionaliteit (bedoelde betekenis)

Intensionaliteit is die betekenis wat die skepper van 'n teks deur middel van die teks wil oordra. Vir die teksversorger speel intensionaliteit 'n belangrike rol, aangesien die teksversorger moet weet watter betekenis die skrywer van die teks wil oordra, sodat dit in ag geneem kan word tydens teksversorging. Soos Kotze (1998: 134) tereg aandui, kan die teksversorger nie summier die skrywer (of tekspleger) se teks wysig "bloot omdat dit beter klínk nie". Enige wysiging moet gemotiveer kan word. Indien daar voldoende motivering bestaan vir die wysiging van die tekspleger se teks, kan die kommunikasieproses bevorder word deurdat dit wat die skrywer wil oordra en dit wat die leser interpreteer, deur die tussenkoms van die teksversorger in ooreenkoms gebring kan word (indien dit sou verskil). Koch (1988: 260) meld dat 'n afwyking in taalgebruik soms deur die taalgemeenskap as 'n fout, en soms as 'n vonds, bestempel word, afhangend van "die seggingskrag daarvan, die spreker en sy status." Die teksversorger help dus die skrywer om sy boodskap oor te dra en die leser om die korrekte boodskap (in terme van die skrywer se bedoeling) te interpreteer.<sup>32</sup> Hierdie siening word ook vervat in die woorde van Verschueren (1999: 47):

*"Successful communication, or the successful transfer of meanings, is thus seen as a process by which a state of mutual knowledge of a communicative intention is attained, with the help of (intentionally applied) principles of co-operation."*

Hierdie "principles of co-operation" verwys na die konvensies wat heers in kommunikasie (wedersydse ooreenkoms tussen gebruikers van 'n taal oor die betekenis van uitinge – klanke, woorde, frases, sinne – in konteks<sup>33</sup>). Die teksversorger moet 'n kundige wees in verskeie aspekte van die taalkunde, veral oor die semantiek en pragmatiek. Hy moet vertrou wees met die betekenis van uitinge (semantiek), asook die invloed van konteks op die interpretasie/skep van teks/uitinge (pragmatiek).

---

<sup>32</sup> Kotze (1998: 44) meld dat hierdie tussenkoms van die teksversorger nie alleen kommunikasie bevorder nie, maar ook die geloofwaardigheid van die skrywer (tekspleger) beskerm.

<sup>33</sup> Die sogenaamde konvensionele aard van taal.

## 6.4 Implisiete betekenis en vooronderstelde betekenis

’n Verdere faset van pragmatiek wat aandag verdien, is implisiete en eksplisiete betekenis. Implisiete betekenis is betekenis wat verder strek as slegs dit wat deur die taalvorm verstrekkend word of wat letterlik gesê word. Eksplisiete betekenis is moeilik om presies te omskryf, maar kan breedweg (volgens Verschueren, 1999: 27) omskryf word as verteenwoordigings van implisiete vorme van betekenis. Word daar na implisiete betekenis gekyk, word dit duidelik dat volledige eksplisiete betekenis nie moontlik is nie. Kyk na die volgende twee sinne:

**T14:** “Ek was gister by dié wynkelder in ons geweste. Was jy al daar?”

Om die bogenoemde vraag te beantwoord, sal baie voorveronderstellings verg, byvoorbeeld: Die persoon aan wie die vraag gestel word, sal naby genoeg moet wees aan die persoon wat die vraag stel om te kan hoor, moet normale gehoor hê, die taal verstaan, weet wat ’n wynkelder is, weet wat beteken “dié” (in teenstelling met “die”), weet na watter wynkelder verwys word, weet waar hulle hulself op die stadium wat die vraag gestel word, bevind, weet watter geweste na verwys word, ensovoorts.

Die teksversorger moet seker maak dat die implisiete betekenis wat die skrywer aan die leser wil oordra, wel korrek oorgedra word. Die teksversorger kan dit vermag deur aandag te skenk aan die voorveronderstellings wat by die skrywer sowel as die leser van die teks betrokke is. Soos ook Kotze (1998: 47) aandui, moet die teksversorger seker maak dat die teks geslaagd is vir ’n bepaalde gebruikskonteks. Indien ’n hoogs tegniese teks byvoorbeeld opgestel word, neem die skrywer aan dat (heers die voorveronderstelling by die skrywer dat) die leser op hoogte is van die betekenis van die tegniese terme in die teks. Die teksversorger moet seker maak dat hierdie aanname geregverdig is, sodat die boodskap wat die skrywer wil oordra, suksesvol is. Die teenoorgestelde is ook waar: die teksversorger moet (indien moontlik) ook seker maak dat die skrywer van die teks voldoende beheer het oor en begrip het van die vakgebied en relevante terminologie.

Die proses waardeur die leser van ’n teks na aanleiding van bepaalde voorveronderstellings en deur middel van voorafkennis en die konteks/situasie die

implisiete betekenis van `n uiting aflei, word **inferensie** genoem. Deur inferensie word aannames of afleidings oor die teks/uiting gemaak. Dit is die teksversorger se plig om (te poog om) seker te maak dat die teikengroep/gebruiker van die teks nie foutiewe afleidings of aannames kan maak nie. Weereens word gefokus op die teksversorger se strewe om die bedoelde betekenis van die tekspleger oor te dra.<sup>34</sup>

`n Eienskap van taal wat sterk na vore kom in die bespreking van implisiete betekenis, is die bondigheid/ekonomie van taal. Daar word voortdurend daarna gestreef om met die minste aantal woorde die meeste betekenis oor te dra. Die krag en ontwikkeling van `n taal word ook dikwels gemeet aan hoeveel betekenis met so min as moontlik linguistiese eenhede oorgedra word. Volgens hierdie standpunte van die navorser word daar gevolglik voortdurend voorveronderstel/aangeneem en word meer implisiete betekenis met dieselfde hoeveelheid woorde oorgedra. Neem die volgende sin:

**T15:** “Hy is tipies van baie klein mannetjies: hy wil gedurig baklei en kompeteer met die geringste aanmoediging.”

Hierdie sin kan met die volgende sin vervang word:

**T16:** “Hy lei aan `n tipiese klein-mannetjie-sindroom.”

**T16** is `n baie korter sin as **T15** en dra die dieselfde implisiete betekenis oor, *mits* die voorveronderstelling korrek is dat die betekenis van “klein-mannetjie-sindroom” universeel (asook aan die leser) duidelik is. Dit is baie belangrik dat die teksversorger hierdie (dikwels verskuilde) voorveronderstellings in ag neem en seker maak van hul geldigheid ten einde die kommunikasieproses te bevorder.

---

<sup>34</sup> Kyk ook Hoofstuk 7 in verband met dubbelsinnigheid.

## 6.5 Kohesie

Die navorser hou die volgende aanhaling voor ter omskrywing van die term “kohesie”:

*“The label **cohesion** is generally used to designate the overt marking of relations within a discourse or text (which is then often called the **co-text** of the discourse or text fragment under consideration).”*

- Verschueren (1999: 104)

Halliday en Hasan (1976: 4) meld dat kohesie na die betekenisverhoudinge verwys wat binne `n teks bestaan, en (1976: 299) help om semantiese kontinuïteit tussen dele van `n teks te bewerkstellig. Deur die skep van kontinuïteit tussen verskillende dele van `n teks, help kohesie die teksgebruiker om die bedoelde boodskap van die tekspleger af te lei. Carstens (1997: 121) dui aan dat kohesie eintlik die resultaat is “van `n proses wat met behulp van `n aantal metodes in die taal gerealiseer word”, waaronder verwys word na kohesiekettings. Kohesiekettings (1997: 121) skakel verskillende dele van `n teks aan mekaar, en word geïdentifiseer deur middel van kohesiemerkers.

Verschueren (1999: 104-106) meld die volgende kohesiemerkers wat in (kohesiewe) tekste kan voorkom:

- **Voegwoorde/verbindingswoorde** (“conjunctions”), soos “en” en “sowel as” in: “Die minister *en* sy vrou, *sowel as* die Sekretaris en sy metgesel, het die verrigtinge vroeg verlaat.”
- **Anaforiek**. Dit is die verskynsel van terme wat na dieselfde entiteit as `n ander term vroeër in dieselfde teks verwys, en wat dus vorme van koreferensie daarstel. Voorbeelde (in skuinsdruk): “Die man *wat* daar loop ...”; “Griep en longontsteking was die oorsaak van die meeste afwesighede. *Hierdie siektes* moet ...”; “Die kardioloog moet *sy* bevinding ...”.
- **(Verwagte) selfverwysing**, soos in “*Hierdie* maatskappye sal hulself beskikbaar stel ...”

- **Jukstapositionering**, waar uitinge langs mekaar gestel word: “Die instelling steun op nuwe denke in die toekoms – die sakebelange van die instelling moet op vernuwende wyses uitgebrei word.”
- **Toeligting met voorbeelde**, waar gebruik gemaak word van woorde soos “byvoorbeeld” of “soos” om verdere uitbreiding in te lei.
- **Verduideliking** van voorafgaande uitings deur byvoorbeeld van die hakies, die komma of die aandagstreep gebruik te maak: “My vlug (SAL 1086) is ongelukkig vertraag weens gure weersomstandighede.”
- **Logiese verbande** wat tussen uitinge getref word: “Die reën het uitgesak en reistoestande gevaarlik gemaak. *Gevollik* is die dagtoer afgestel.”
- **Weglating van woorde wat veronderstel kan word (ellips)**: “Daar is verskeie redes waarom die aanval geloods is. Die eerste [rede] is dat ...”
- **Getalle**, byvoorbeeld “eerste”, “tien”.
- **Uitligting** deur terme byvoorbeeld tussen aanhalingstekens of in vetdruk/skuinsdruk te plaas, of deur eksplisiete benoeming met die gebruik van frases soos “wat ons sal noem” of “om meer presies te wees”.
- **Kontrastering**, byvoorbeeld die vergelyking tussen “eerste” en “tweede” in uitings.
- **Vergelyking** deur die gebruik van frases soos “soortgelyk aan”, “net soos” en “anders as”.
- **Vorme van herhaling** (waar elemente van kontrastering, vergelyking en ellips dikwels geïnkorporeer word), byvoorbeeld waar `n paar keer na die “Technikon Vrystaat” verwys word in `n teks, en daarna op verskeie plekke slegs na die “Technikon”.
- **Vorme van vervanging**, waar byvoorbeeld na die “Technikon Vrystaat”, die “Technikon Pretoria” en “Technikon RSA” as “technikons” verwys word.
- **Strukturele ikonisiteit**<sup>35</sup>, waar dit wat konseptueel naby mekaar is vir die doel van die huidige deel van die teks, naby mekaar geplaas word, byvoorbeeld in “studente- en personeelkaarte” en “onderrig en leer in hoër onderwys”.

---

<sup>35</sup> *Ikonisiteit* is `n algemene term om die nie-arbitrêre aspekte van taalvorm te beskryf. – Verschueren (1999: 106)

Yule (1997: 141) maak die volgende stelling:

*“Analysis of these cohesive links within a text gives us some insight into how writers structure what they want to say, and may be crucial factors in our judgement on whether something is well-written or not.”*

Carstens (2000: 11) meld dat teksversorgers vertrouwd moet wees met die gebruik van kohesieskakels, en sê (2000: 12) die volgende: “Kennis van kohesiemiddele en -tegnieke stel die teksversorger dus in staat om die oopervlakstruktuur van `n teks behoorlik te versorg (sintakties en semanties) sodat die *regte skakels* tussen woorde en sinne merkbaar is.” Hy meld verder (2000: 12) dat die bogenoemde kennis die teksversorger in staat sal stel om meer genuanseerd taalprobleme te identifiseer en `n oplossing daarvoor te bied.

Carstens (1997: 133) waarsku dat kohesie nie as die vernaamste beginsel van tekstualiteit beskou moet word nie, en dat kohesie slegs `n middel tot `n doel<sup>36</sup> is (Hartnett, 1986: 152, in Carstens, 1997: 132). Wanneer `n teks byvoorbeeld onsamehangend lees, kan die probleem by onvoldoende kohesieskakels lê. Neem die volgende teks:

**T17:** “Die Technikon Vrystaat het hoë inskrywingsyfers vir die jaar gehad. `n Technikon moet vir die toekoms voorsiening maak. Subsidiebedrae mag moontlik afneem.”

Die bogenoemde teks is onsamehangend, en kan deur teksversorging meer samehangend gemaak word. Deur aandag te skenk aan die kohesieskakels in die teks, en dit in te voeg of te wysig waar nodig, kan die teks meer samehangend gemaak word:

---

<sup>36</sup> Die daarstel van `n kommunikatiewe teks – Carstens (1997: 132).

**T18:** “Die Technikon Vrystaat het hoë inskrywingsyfers vir die jaar gehad. Die Technikon moet *egter* vir die toekoms voorsiening maak, *aangesien* subsidiebedrae moontlik mag afneem.”

Die bogenoemde paragraaf met die kohesieskakels “die”, “egter” en “aangesien” is meer samehangend as die paragraaf sonder hierdie skakels en kan kommunikasie tussen die skrywer en die leser verbeter, aangesien die bedoelde betekenis van die skrywer duideliker aan die leser oorgedra word.

## 6.6 Koherensie<sup>37</sup>

Koherensie, soos kohesie, handel oor die netwerkverhoudinge wat heers in die organisering van teks. Carstens (1997: 475) dui aan dat koherensie “’n redelike moeilike begrip [is] om te definieer”, en haal verskeie definisies (1997: 477-479) vir hierdie begrip aan. Vir die doeleindes van hierdie studie word Baker (1996: 218) se onderskeid tussen kohesie en koherensie aangeneem as basis vir verdere besprekings rondom koherensie:

*“... cohesion is the network of surface relations which link words and expressions to other words and expressions in a text, and coherence is the network of conceptual relations which underlie the surface text. ... In the case of coherence, they [stretches of language] are connected by virtue of conceptual or meaning dependencies as perceived by language users.”*

Koherensie is van belang in die interpretasie van teks, deurdat verskillende dele van ’n teks aan mekaar verbind word. In die geval van kohesie word verskillende dele van ’n teks aan mekaar verbind (om sin te maak) deur gebruik te maak van kohesieskakels wat leksikaal en grammatikaal van aard is. Linguistiese faktore bepaal kohesie in teks, wat deur semantiese skakels teweeggebring word. Carstens (2000: 11) meld dat, indien ’n teksversorger nie sy taalkunde ken nie (byvoorbeeld die korrekte gebruik van kohesiemerkers), kan hy nie hierdie middele inspan om

---

<sup>37</sup> Kyk ook Hoofstuk 8.

samehangendheid in die teks te bewerkstellig nie. In die geval van koherensie word die verskillende dele van 'n teks aan mekaar verbind deur die leser (en oorspronklik die skrywer) se kennis/siening van die wêreld. Pragmatiese skakels kan dus 'n invloed uitoefen op die koherensie van teks. Carstens (1997: 472-473) meld dat koherensie afhanklik is van konseptuele skakeling, en dui aan dat konseptuele skakeling grotendeels berus op deelnemers (aan die kommunikasiesituasie) se gedeelde agtergrondkennis, hulle vermoë om relevante en gepaste afleidings binne 'n sekere konteks te maak, en die verwagtinge waarmee hulle aan 'n kommunikasiesituasie deelneem.

Begrip van 'n teks in geheel hang (soos hierbo aangedui) nie net van die kohesie in die teks af nie. Let op die volgende paragraaf:

**T19:** “Die man wat daar loop, het verskeie besighede. Die besigheid toon 'n negatiewe tendens, wat nie goeie vooruitsigte voorspel nie. Ek voorspel 'n oorwinning vir die tuisspan. Dit gaan voorwaar aangenaam wees.”

Daar is baie kohesieskakels in T19, byvoorbeeld “wat” in “wat daar loop”, herhaling van “besigheid” in die tweede sin, “wat” in “wat nie goeie vooruitsigte”, herhaling van “voorspel” in die derde sin, en die gebruik van anaforiek: “dit” in “Dit gaan voorwaar”. Tog vorm T19 nie 'n verstaanbare geheel nie. Die “gapings” wat tussen die sinne heers, kan deur die leser oorbrug word op grond van sy kennis/siening van die wêreld. Verskillende lesers sal egter die “gapings” verskillend oorbrug as gevolg van hul verskillende kennis/sienings van die wêreld. Dit beteken dat daar verskillende interpretasiemoontlikhede vir die teks bestaan, en die oorspronklike doel van die teks sal waarskynlik nie bereik word nie (die bedoelde boodskap sal waarskynlik verlore gaan). Die teks is nie koherent genoeg vir duidelike, ondubbelsinnige kommunikasie nie. Dit is die teksversorger se plig om verskillende interpretasiemoontlikhede van die teks in ag te neem, en om die teks sodanig te wysig dat die waarskynlikste (en sover moontlik enigste) interpretasie van die teks die bedoelde betekenis is. Let egter op die volgende stelling van Charolles (1983: 95; in Baker, 1996: 219):

*“No text is inherently coherent or incoherent. In the end, it all depends on the receiver, and on his ability to interpret the indications present in the discourse so that, finally, he manages to understand it in a way which seems coherent to him – in a way which corresponds with his idea of what it is that makes a series of actions into an integrated whole.”*

Dit is belangrik om te beseef dat die suksesvolle begrip van `n teks op baie wyses deur die skepper van die teks bevorder of vergemaklik kan word, maar desondanks al sy pogings, uiteindelik van die leser afhang. Die leser kan as gevolg van sy kennis, sienings en ervaring die teks anders interpreteer as wat die skrywer bedoel het. Die teks kan uiteindelik koherent vir die leser wees, maar die bedoelde boodskap is nie korrek oorgedra nie. Neem die volgende situasie: `n Werktuigkundige help `n leek op die gebied van gereedskap om sy motor te herstel. Die werktuigkundige uiter die volgende sin: “Gee asseblief die bobbejaansleutel aan. Dit lê by die ander gereedskap wat ek saamgebring het.” In hierdie twee sinne behoort die hoorder nie `n probleem te ervaar met die interpretasie van die spreker se boodskap op grond van die betrokke kohesie- en koherensieskakels nie. Indien die hoorder nie vertrou is met die term “bobbejaansleutel” nie, kan dit egter die spreker se bedoelde boodskap negatief beïnvloed. In hierdie geval het die agtergrondkennis van die hoorder `n invloed op sy begrip van die spreker se boodskap.

Soms maak teksplegers gebruik van taalgebruik wat net in sekere kontekste as gepas ervaar of verstaan word. `n Ervare hengelaar, wat `n jong seuntjie met `n visstokkie by die see “Stywe lyne!” toewens, se boodskap van “voorspoedige vangs”, mag dalk nie deur die seuntjie verstaan word nie.

Een oplossing vir die moontlike verkeerde interpretasie van uitinge is die suiwering van die taalgebruik in sodanige uitinge. Vervolgens word purisme in taalgebruik bespreek.

## 6.7 Taalpurisme<sup>38</sup>

Purisme is die poging om iets suiwer te hou – taalpurisme handel oor die (soms ekstreme) strewe om taal suiwer te hou. Die groot vraag wat in hierdie afdeling gevra word, is die volgende: *Waarom is dit nodig om taal suiwer te hou, en wanneer word hierdie poging oordoen?*

*“This has been going on for a long time. Warnings about the imminent collapse of English are almost as old as the language itself. Writers urge us to sustain the “purity” of the language, to protect it from contamination. But where is the “pure” language from which we are declining? [...] I am not worried about the future of the language. I am worried about our use of the language.”*

- Gorrel (1994: xii)

Voordat suiwerheid in taalgebruik verder bespreek word, moet daar eers na die doel van taal gekyk word. Taal moet in die kommunikasiebehoeftes van die taalgebruikers voorsien. Hieruit lei ons af dat taal tred moet hou met die ontwikkeling van die behoeftes van sy gebruikers. Een van die wyses waarop taal kan bly voorsien in die taalgebruikers se behoeftes, is byvoorbeeld om nuwe terminologie/uitdrukkingswyses in `n taal toe te laat. Die navorser is van mening dat taalpurisme in sommige gevalle taal skade kan berokken, deurdat dit juis die ontwikkeling van die kommunikasiëkrag van `n taal kan rem deur té nougeset op te tree in `n “suiweringspoging”, byvoorbeeld by die erkenning/nie-erkenning van nuwe terminologie/uitdrukkingswyses. Koch (1988: 157) ondersteun hierdie stelling deur die volgende te meld: “Uiterste purisme hou die gevaar in van taalverarming en gevolglike taalbruikbaarheid.” Die pragmatiek van kommunikasie moet in aanmerking geneem word, en die praktiese doeltreffendheid van `n taal moet nie benadeel word deur (onoordeelkundige) purisme nie. Let op die volgende aanhaling:

---

<sup>38</sup> Kyk ook *Taalsuiwerheid* op bl. 20.

*“Obviously a language reflects the society that creates it. Societies choose words and frame grammars to meet particular needs, to name something, describe actions, express feelings. Not all societies have the same needs, as a comparison of different languages reveals.”*

- Gorrell (1994: 1)

Gorrell spreek hierbo ook die mening uit dat taalgebruik sodanig moet ontwikkel (en aanvaar word) dat dit tot kommunikatiewe voordeel van die betrokke taalgemeenskap strek.

Purisme in taal het wel 'n belangrike rol te vervul in die standaardisering van taalgebruik. Die standaardisering van taalgebruik bied aan die taalgemeenskap hoofsaaklik die voordeel dat suksesvolle kommunikasie bemagtig word (konvensie in taalgebruik bevorder begrip). Purisme ten bate van kommunikasie word volgens die navorser as aanvaarbaar en belangrik beskou. Indien taal “suiwer” gehou word deur alle leenwoorde, leenvertalings, ens. uit 'n taal te verban op gronde van die “onsuiwerheid” van sodanige taalontwikkelings, kan dit die ontwikkeling van 'n taal meer skaad as beskerm.<sup>39</sup>

## **6.8 Samevatting**

Sinclair (1992: 83) maak die stelling dat pragmatiek nie finale, beslissende antwoorde vir taalkundiges kan verskaf oor die rol van konteks in die interpretasie van uitinge nie, en dat dit ook nie vooraf uitgewerkte antwoorde lewer op die praktiese probleme wat die taalkundige teëkom nie. Pragmatiek kan egter wel aan die taalkundige 'n waardevolle insig gee in die rol van konteks in die interpretasie van uitinge.

---

<sup>39</sup> Vgl. bespreking onder **Taalsuiwerheid** (bl. 20).

Levinson (1992: 376) meld die volgende:

*“Pragmatics has potential application to all fields with a stake in how utterances are understood. ... But they also include fields that are primarily concerned with solving problems in communication, and it is here that the applications of pragmatics are likely to be of direct practical importance.”*

Die oordra van betekenis speel in pragmatiek `n belangrike rol. In hierdie hoofstuk is onderskei tussen intensionaliteit, implisiete betekenis en veronderstelde betekenis, en daar is ook kortliks gekyk na die verskillende faktore wat `n invloed op elk van hierdie begrippe uitoefen. Kohesie en koherensie in teks word op verskeie wyses bewerkstellig, en dit strek vir die teksversorger tot voordeel om kennis te neem van die betrokke skakels in hierdie verband, asook die rol wat hulle vervul. Laastens is gekyk na taalpurisme en die wenslikheid/al dan nie daarvan.

Pragmatiek is volgens die navorser veral van wesenlike belang vir die teksversorger indien die volgende kernrol van taal in die wyer konteks van teksversorging erkenning geniet:

**Taal dien in die kommunikasiebehoeftes van `n taalgemeenskap.**

## Semantiek en teksversorging

### 7.1 Inleiding

As inleiding tot hierdie hoofstuk word enkele definisies van semantiek en betekenis aangehaal ter verskaffing van 'n grondslag vir verdere besprekings rakende semantiek en teksversorging.

Frawley (1992: 2) maak die volgende stelling:

*“Linguistic semantics is concerned with literal, decontextualized meaning that, furthermore, is associated with the grammatical structure of language. Grammatical structure, like literal meaning, exists outside of the contexts in which it is used.”*

Cann (1993: 1) definieer semantiek soos volg:

*“... the study of those aspects of meaning encoded in linguistic expressions that are independent of their use on particular occasions by particular individuals within a particular speech community.”*

Semantiek is 'n deel van die groter studie van tekens (**semiotiek**) en handel oor die betekenis van woorde: woorde as tekens (simbole) en taal as 'n stelsel van tekens (woorde as simbole). Woorde is simbole en het self geen betekenis nie; wat woorde beteken, hang af van die verband tussen hulle en ons persepsie van dinge, waarvoor dit volgens ons ervaring staan (Hipkiss, 1995: ix-10).

Carstens (1994: 97) meld die volgende in verband met betekenis:

*“Een van die kernprobleme met die begrip ‘betekenis’ is juis die feit dat mense geneig is om dit as konkrete feit te wil definieer. Dit is naamlik nie moontlik nie, want hier word eerder gewerk met `n tipe ‘teorie’ as met `n feit; dus eerder met `n abstrakte<sup>40</sup> as `n konkreetheid. ... Met die oog op die gebruik in die taalkunde (as vakgebied) is dit wel sinvol om `n soort werkdefinisie te hê. Van Schalkwyk en Kroes (1982: 96) se omskrywing van die betekenis van `n woord as ‘... die gemeenskaplike wete wat die gebruikers van `n taal heg aan `n bepaalde woord’ beantwoord aan hierdie doel.”*

Gevolgtik definieer die navorser **semantiek** in die taalkunde kortliks as **die studie van die (letterlike) betekenis van woorde of uitdrukkings**.

## 7.2 Hoe ontstaan betekenis?

Die bogenoemde vraag is `n kwessie wat moeilik beantwoordbaar is, soos tewens reeds in 1969 deur Reichling (1969: 9) aangedui is: “De term ‘betekenis’ is de nachtmerrie van de taalkunde ...” Uit die voorafgaande kan ons aflei dat betekenis deur elke persoon self geskep kan word, aangesien elke individu `n unieke ervaring het van betekenis (binne die perke van `n “gemeenskaplike wete”). Deur die toepassing van die bogenoemde konvensie van gemeenskaplike wete word kommunikasie moontlik gemaak. Indien die mens egter wil kommunikeer, moet hy dit wat hy ervaar/weet in `n boodskap omsit, hetsy in liggaamstaal, geskrewe of mondelinge kommunikasie. Persoon 2 moet weet waarna persoon 1 se gebare/skriftelike of mondelinge kommunikasie verwys. Dit is egter nie moontlik indien elke persoon sy eie gebare/woorde/klanke aan spesifieke idees/konsepte toeken nie, want dan sal die ontvanger van die boodskap nie weet waarna die sender van die boodskap verwys nie.

---

<sup>40</sup> Hierdie stelling word ondersteun deur Van Jaarsveld (1985: 11): “`n Verdere probleem met betekenis lê in die **abstrakte** aard daarvan.”

Hierdie tekens/simbole wat persoon 1 aan 'n spesifieke idee/konsep toeken (in die skep van gebare/woorde/klanke), moet dus dieselfde wees as dié van persoon 2, sodat persoon 2 duidelik sal verstaan waarna persoon 1 verwys. Dit bring ons by die konvensionele aard van taal, wat bepaal dat daar ooreenstemming tussen gebruikers van 'n spesifieke taal bestaan oor die interpretasie van bepaalde tekens/simbole (Odendal, s.j.: 9). Hierdie konvensie van taalgebruik is die beginsel waarop suksesvolle kommunikasie berus. Dit is van toepassing op uitings binne sowel as buite konteks/situasies.

Betekenis van uitinge word dus tot stand gebring deur die konvensionele toekenning van sekere tekens/simbole (gebare/woorde/klanke) aan konsepte. Die woord “pen” het self geen betekenis nie, maar kry wel betekenis indien dit toegeken word aan die konsep van 'n voorwerp wat gebruik word om mee te skryf, gewoonlik met ink. Daar is geen verwantskap tussen die fisiese tekens of klanke van “pen” en dit waarna die woord verwys nie. Dit verwys weereens na die arbitrêre aard van taal<sup>41</sup>, aangesien die woord “pen” net sowel na 'n dier kon verwys het. Daar is wel sekere woorde waar daar 'n verband is tussen die klank van die woord en dit waarna verwys word, byvoorbeeld by klanknabootsende woorde. Die Hoep-hoep se naam hou verband met die klank wat die voël waarna verwys word, soms maak. Hierdie nabootsing van klanke en weergee daarvan in (geskrewe) woorde word onomatopée genoem (Fromkin & Rodman, 1993: 7; Odendal, s.j.: 9). By die meeste woorde is daar egter geen verband tussen die vorm en klank van die woord en dit waarna die woord verwys nie.

### 7.3 Betekenistoepassing

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat betekenis nie geskep word deur taal nie. Taal word slegs gebruik om klank, vorm en oordraagvermoë aan betekenis (wat in en tussen individue gesetel is) moontlik te maak. In hierdie verband kan daar tussen konjunkte, disjunkte en ajunkte betekenistoepassing onderskei word. (Aangepas uit Carstens, 1994: 102-104:)

---

<sup>41</sup> Kyk Fromkin & Rodman, 1993: 7; Yule, 1997: 21-22; Odendal, s.j.: 8.

Met **konjunkte betekenistoepassing** word die verband tussen die woord en die saak waarna die woord volgens konvensie verwys, gehandhaaf, en word die tersaaklike betekenisfaset (indien meer as een betekenisfaset aan een woord gekoppel kan word), soos uit die konteks/situasie blyk, geaktiveer. Kyk na die volgende voorbeeld:

**T20:** Die opgestopte *aapkop* in die laboratorium lyk lewendig.

**T21:** Die *aapkop* (rooihaakdoring) groei ruig ten die rant.

Volgens konvensie bestaan daar meer as een betekenisfaset vir die woord “aapkop”, en in beide **T20** en **T21** word een van die “gewone” (konvensionele) betekenis van die woord en die saak “aapkop” geaktiveer. Die konteks dui telkens aan watter betekenisfaset geaktiveer word.

By **disjunkte betekenistoepassing** van `n woord verwys die woord na `n saak waarop dit nie gewoonlik van toepassing is nie:

**T22:** Hierdie ou *aapkop* van my verstaan nie hierdie berekening nie!

In **T22** verwys die woord “aapkop” na `n saak waarop dit gewoonlik nie van toepassing is nie. Die woord word dus disjunk gebruik omdat slegs een moment in die betekenis van die woord “aapkop”, naamlik domheid, in hierdie konteks geaktiveer word. Die ander momente is ontoepaslik (metaforiese taalgebruik).

Met **ajunkte betekenistoepassing** word `n woord sodanig gebruik dat die betekenis wat ons gewoonlik daaraan heg, glad nie verband hou met die betekenis wat ons uit die gebruiksituasie aflei nie:

**T23:** Ja, hy is `n regte *engeltjie*. (Sarkasties gesê van `n onnutsige kind.)

Die gewone betekenis van “engeltjie” hou glad nie verband met die betekenis waarna die woord in hierdie konteks verwys nie, maar die situasie maak die betekenis van “engeltjie” duidelik. Hier is geen toepaslike moment nie.

Uit die bogenoemde voorbeelde blyk dit dat die betekenisfasette wat gewoonlik in 'n woord vervat is, nie die enigste betekenisfasette is wat deur die betrokke woord oorgedra kan word nie. Semantiek moet dus nie slegs op woordvlak bestudeer word nie, aangesien die sinskonteks en die situasie 'n invloed kan hê op die betekenis wat aan woorde geheg word.

#### 7.4 Denotatiewe en konnotatiewe betekenis

Die denotatiewe<sup>42</sup> betekenis van 'n woord sluit in alle kernbetekenisse waarna die woord kan verwys. Dit sal byvoorbeeld die woordeboekbetekenisse van 'n woord insluit<sup>43</sup>. Woorde denoteer dikwels verskillende sake wat min of meer dieselfde betekenis het, waarna gevolglik as sinonieme verwys word. Die woord “kop” kan byvoorbeeld as selfstandige naamwoord die volgende betekenisgebruike hê:

*“s.nw. kop, koppie, hoof, hofie, boonste verdieping, voorkop, agterkop, slaap, kruin, kuifkop, borselkop, knopkop, bles, bleskop, pankop, doodskop, skedel 385, bol, helm, klapperdop, horing, bokhoring, horingdop, ramshoring, rimpel, tak, aupkop, perdekop, koedoekop, slangkop, ...”*

De Stadler (1994: 136)

Dit is duidelik dat “kop” na baie uiteenlopende sake kan verwys. Vir die teksversorger hou dit twee belangrike fasette in. *Eerstens* moet die teksversorger seker maak dat die korrekte denotasie in die teks toegepas word. Die regte betekenisfaset van 'n woord moet dus uitgelig word. *Tweedens* toon bogenoemde voorbeeld aan dat meer spesifieke betekenisfasette vir sommige woorde bestaan. Onder “voertuig” kan meer spesifieke beskrywings resorteer, byvoorbeeld “motor”, “bakkie” en “vragmotor”. Die woorde “motor”, “bakkie” en “vragmotor” word **hiponieme** van mekaar genoem, en “voertuig” hul **superordinaat** (of hiperniem). Dit

---

<sup>42</sup> Die sogenaamde *denotatumteorie* wat deur Lazlo Antal gepostuleer is.

<sup>43</sup> Die woord “insluit” word gebruik omrede 'n woordeboek nie noodwendig 'n alomvattende weergawe van die betekenisse van woorde bied nie.

is in sekere tekste (byvoorbeeld regsverklarings) belangrik om baie spesifiek betreffende betekenis-oordrag te wees. Kyk na die volgende voorbeeld:

**T24:** “Die aangeklaagde het kneuswonde aan sy kop opgedoen.”

**T25:** “Die aangeklaagde het kneuswonde aan sy voorkop opgedoen.”

In `n moordsaak kan die verskil tussen **T24** en **T25** uiteindelik die verskil tussen skuldigbevinding en onskuldigbevinding beteken. Dit is baie belangrik dat die teksversorger let op die duidelikheid en spesifisering van inligting, aangesien dit `n groot verskil aan die boodskap en trefkrag van die teks kan maak. Die teksversorger moet ook let op ander wyses van betekenis-spesifisering en -beskrywing, bv. die gebruik van gepaste byvoeglike naamwoorde. Veral emotiewe tekste word gekenmerk deur die gebruik van byvoeglike naamwoorde. In die teksversorging van hierdie tipe tekste speel die gevoelswaarde van woorde `n groot rol.<sup>44</sup> Hierdie gevoelswaarde van `n woord word na verwys as sy konnotatiewe betekenis, met ander woorde daar kan `n positiewe of negatiewe konnotasie aan (emotiewe) woorde geheg word.

Die konnotatiewe betekenis van woorde is moeilik om presies te omskryf, en word gewoonlik ook nie in woordeboeke aangedui nie. Hierdie gevoelswaarde wat aan woorde geheg word, dien dikwels as die bepalende faktor in die keuse van `n spesifieke woord vir `n spesifieke (deel van `n) teks. Die teksversorger moet vertrou wees met die gevoelswaarde van die woorde wat in die teks gebruik kan word, en seker maak dat die gevoelswaarde van die woord wat in die teks gebruik word, in lyn is met die boodskap wat die skrywer wil oordra. Lees die volgende woorde van `n politieke kandidaat:

**T26:** “Ons sal ons kiesers op `n hardegat wyse verteenwoordig.”

**T26** kan `n negatiewe boodskap oordra as gevolg van die waarskynlike negatiewe (pejoratiewe) gevoelswaarde van die woord “hardegat”, en kan moontlik die sukses

---

<sup>44</sup> Omvattende besprekings rakende skryfstyl val nie binne die bestek van hierdie studie nie.

van die kandidaat en party negatief beïnvloed. Vergelyk die volgende sin met die bogenoemde sin:

T27: “Ons sal ons kiesers op `n beginselvaste wyse verteenwoordig.”

T27 sal waarskynlik `n baie meer positiewe (melioratiewe) boodskap oordra as gevolg van die konnotasie wat aan “beginselvaste” in vergelyking met “hardegat” geheg word.

Konnotasie speel `n belangrike rol in ooredende tekste, byvoorbeeld advertensies. Vergelyk T26 en T27 met mekaar, en let op die ooredende krag wat in taalgebruik met `n positiewe konnotasie (vir `n moontlik negatiewe eienskap!) lê.

T28: “Hierdie motor mag dalk nie plek hê vir skoonma nie, en is net reg vir vrouliet. Ekonomies en klein – net die ding vir die stad!”

T29: “Hierdie motor mag dalk nie plek hê vir skoonma nie, en is net reg vir vrouliet. ‘Ekonomies’ en ‘maklik hanteerbaar’ – net die ding vir die stad!”

Deur te let op die gevoelswaarde van uitdrukkings, kan die teksversorger ondersteunend tot die doel van die teks optree, of dit nou is om `n produk te verkoop, of om `n omvattende en presiese karakterskets van die hoofkarakter in `n spanningsdrama te maak. Die teksversorger moet in gedagte hou dat die gevoelswaarde wat die skrywer en die leser aan `n uitdrukking koppel, kan verskil, en dus die teks op sodanige wyse versorg dat kommunikasie tussen die leser en die skrywer nie benadeel word as gevolg van die (moontlike) interpretasieverskil tussen die skrywer en die leser nie.

## 7.5 Homonieme en homofone

**Homonieme** is woorde in dieselfde taal wat dieselfde spelling- en klankvorm besit, maar verskillende betekenis het, bv. *blokhuis* (“Huisie van houtblokke of boomstamme.”) en *blokhuis* (“Versterkte klip-huisie met skietgate om die spoorweg te beskerm.”) (Verklarings uit die *HAT*, 1988: 100). `n Verwante term, wat ook daarna

verwys dat 'n woord meer as een betekenisfaset kan hê, is **polisemie**. Saeed (1987: 64) meld dat daar tradisioneel in leksikologie onderskeid getref word tussen homonimie en polisemie. Onderskeid word getref op grond daarvan dat in terme van polisemie die verskeie denotatiewe betekenis van 'n woord aan mekaar verwant is. Hieronder volg 'n voorbeeld van polisemie en homonimie, aangehaal uit die *HAT* (1988: 65):

“**bank**<sup>1</sup>, (-e). 1. Meubel met of sonder leuning vir meer as een persoon om op te sit: *`n Bank in die sitkamer, op die stoep, in die tuin, in `n motor.* 2. Werktafel van `n ambagsman: *`n Skaafbank.*”  
“**bank**<sup>2</sup>, (-e). I s.nw. 1. Plek waar geld bewaar, uitbetaal en uitgeruil kan word: *Geld in die bank stort.* 2. Plek vir kansspele: *Die bank van Monte Carlo.*”

Die lemmas<sup>45</sup> “**bank**<sup>1</sup>” en “**bank**<sup>2</sup>” is 'n voorbeeld van homonimie. Die woorde het dieselfde spelling- en klankvorm, maar het twee heeltemal verskillende betekenis.

Die woordeboekinskrywings onder “**bank**<sup>1</sup>” en “**bank**<sup>2</sup>” dien in elke geval as 'n voorbeeld van polisemie.

Die teksversorger moet bedag wees op watter betekenisfaset van 'n woord die skrywer fokus, voordat hy met die teksversorging voortgaan. Indien die skrywer/teksversorger die verkeerde betekenisfaset van 'n woord aksentueer, kan dit kommunikasie belemmer. Let op die volgende teks (navorsers se eie voorbeeld):

**T30:** “... Gevolglik het ek 'n bietjie meer navorsing oor hierdie omgewing en sy geheimsinnige agtergrond gedoen. Die oorspronklike eienaar van die plaas Stilvlei (wat in 1948 as 'n dorp verklaar is) was 'n ene Jan Bekker. Hy het blykbaar 'n swaar begin gehad: het die eerste 15 jaar in 'n blokhuis gebly, en daarna met gespaarde vellegeld vir hom 'n groot sandsteenhuis gebou. Verder is daar nie veel inligting oor sy doen en late beskikbaar nie. Voor hom het

---

<sup>45</sup> Die terme “lemmas” en “woordeboekinskrywings” word gebruik soos per definisie in Gouws (1989: 36-37).

daar tog ontwikkeling plaasgevind, met die spoorlyn en al. Maar niemand kan enige lig werp op waar die spoorlyn geloop het nie. Dit bly `n geheim.”

In bogenoemde paragraaf maak die skrywer die afleiding dat “blokhuis” na `n versterkte kliphuis met skietgate vir die beskerming van `n spoorlyn verwys. Verdere inligting in die paragraaf dui egter daarop dat die skrywer moontlik `n verkeerde aanname gemaak het. Hierdie tipe foute (en moontlike foute) moet deur die teksversorger vermy en opgespoor word. Fromkin en Rodman (1993: 130) meld dat daar onderskei kan word tussen leksikale en strukturele dubbelsinnigheid.

**Leksikale dubbelsinnigheid** dui op dubbelsinnigheid wat spruit uit dubbelsinnige woorde wat in `n uiting/sin teenwoordig is:

**T31:** Waar is die kool? (“kool” kan verwys na braaivleiskole of die eetbare plant)

**Strukturele dubbelsinnigheid** dui op dubbelsinnigheid as gevolg van twee of meer strukture onderliggend aan dieselfde stel woorde (dieselfde uiting/sin/teks):

**T32:** Kyk vir die man met die verkyker.

**T32** kan as twee verskillende opdragte geïnterpreteer word – *Opdrag 1:* “Kyk vir die man wat die verkyker by hom het.”; *Opdrag 2:* “Gebruik die verkyker om vir die man te kyk.”

Dit is belangrik dat die teksversorger op die bogenoemde vorme van dubbelsinnigheid let en dit uit tekste verwyder waar dit nie doelbewus gepleeg is (om byvoorbeeld stilistiese redes) nie, aangesien dit `n negatiewe effek op kommunikasie kan hê. Metodes waarvan die teksversorger gebruik kan maak, is om meer eksplisiete inligting te verskaf (byvoorbeeld in die geval van **T31:** “Waar is die vuurkool?”), en/of om strukturele wysigings aan te bring (byvoorbeeld in die geval van **T32:** “Gebruik die verkyker en kyk vir die man.”).

Kempson (1992: 132-138) tref verder onderskeid tussen dubbelsinnigheid en **vaagheid**. I et op die volgende sin:

**T33:** Dit is `n *goeie* bakkie.

In **T33** kan “goeie” verskeie betekenismomente aktiveer, byvoorbeeld “sterk”, “betroubaar”, “brandstofekonomies”, ens. Daar is dus verskillende meer spesifieke terme/frases beskikbaar ter beskrywing van “bakkie”. Alhoewel “goeie” dus nie dubbelsinnigheid tot gevolg het nie, dien die woord as `n vae omskrywing, en sodanige vaagheid moet liewers vermy word indien `n meer spesifieke boodskap vanaf die tekspleger verlang word.

Vir die teksversorger hou die onderskeid tussen vaagheid en dubbelsinnigheid die implikasie in dat teks soms nie dubbelsinnig is nie, maar wel `n minder akkurate/spesifieke boodskap kan oordra (in die geval van vaagheid).<sup>46</sup>

**Homofone** is woorde wat dieselfde klink, maar verskillend gespel word, bv. “raat” en “raad”. Die teksversorger sowel as die skrywer is blootgestel aan die gebruik van verkeerde woord as gevolg van die klankooreenkoms tussen die korrekte woord en die woord wat in sy plek gebruik word. Neem **T34** as voorbeeld:

**T34:** “Dokter Van der Merwe se raat het my genees.”

Gestel **T34** is deel van `n verklaring wat afgelê is as deel van die ondersoek na die bekwaamheid van `n mediese praktisyn, dr. Van der Merwe, wat aangekla word van ongeoorloofde mediese praktyk. Indien die persoon wat die verklaring aflê, verkeerdelik die woord “raat” in plaas van “raad” gebruik, kan dit beduidende gevolge in die geregtelike ondersoek hê. Die navorser merk uit persoonlike waarneming en ondervinding dat, wanneer die teksversorger hoofsaaklik op spelfoute konsentreer, verkeerde woordgebruik makliker deurglip.

---

<sup>46</sup> Sien bespreking oor hiponieme en superordinate *supra*.

## 7.6 Idiomatiese taalgebruik

Die teksversorger moet daarvan kennis neem dat die tekspleger verskillende vorme van idiomatiese taalgebruik kan inspan om 'n boodskap aan die teksgebruiker oor te dra. Sensitiwiteit jeens en inagneming van idiomatiese taalgebruik behoort die teksversorger in staat te stel om 'n beter bydrae te lewer tot die sukses van die teks.

### 7.6.1 Die metafoor

*Chambers's Etymological English Dictionary* (1950: 395) verklaar “metaphor” as:

*“a figure of speech by which a thing is spoken of as being that which it resembles, not fundamentally, but only in a certain marked characteristic, or marked characteristics”*

Daar word ook dikwels na die metafoor as 'n beknopte vergelyking verwys, aangesien vergelykende woorde soos “net soos”, “soos”, “soos 'n” uitgelaat word en die onderwerp en die predikaat aan mekaar gelyk gestel word:

**T35:** Die man is 'n buffel.

**T35** meld dat die man soos 'n buffel is (om watter rede ook al). Die vergelykende woord “soos” word uitgelaat en die woord “buffel” word metafoories met “die man” verbind (disjunkte taalgebruik).

### 7.6.2 Paradoks

Volgens Cloete (red.) (1992: 369) verwys 'n paradoks na “'n uitspraak wat aanvanklik lyk of dit 'n teenstrydigheid bevat, maar by nader beskouing tog versoenbaar is”. Voorbeelde van paradoks as stylmiddel (om 'n denkpatroon op 'n ongewone wyse oor te dra) kan dikwels in die klassieke retoriek gevind word, en sluit voorbeelde in soos “koue vuur”.

### 7.6.3 Oksimoron

Die *HAT* (1988: 746) verklaar `n oksimoron soos volg:

*“Stylfiguur waarby twee teengestelde begrippe met mekaar verbind word, bv. onnosele slimkop, ou nuus.”*

Die konteks waarbinne die oksimoron voorkom, sal bepalend wees vir die begrip van die boodskap wat daarmee gewens oorgedra te word.

### 7.6.4 Ironie

Ironie is moeilik om te definieer, aangesien dit verskillende dinge vir verskillende mense beteken. Een definisie van ironie, naamlik om na iets anders/die teenoorgestelde te verwys as wat jy bedoel, is veral vir die teksversorger van belang. Hierdie stylfiguur kan van groot waarde in kreatiewe skryfkuns benut word, mits dit korrek benut/versorg word. (Cloete (red.), 1992: 190)

### 7.6.5 Sarkasme

Cloete (red.) (1992: 463) verklaar sarkasme as “`n bytende, fel spottende en dikwels honende uitlating. Dit is altyd persoonlik en is bedoel om seer te maak.” Daar moet onderskei word tussen die (waarskynlik) sagter stylfiguur, naamlik ironie, en die bitsigheid van sarkasme.

### 7.6.6 Litotes

Die *HAT* (1988: 657) verklaar litotes soos volg: “Stylfiguur waardeur iets beklemtoon word deur die ontkenning van die teenoorgestelde, of deur verkleining of versagting”. Voorbeeld: “My SLK Mercedes’ie ry darem nie te sleg nie.” – Hier word van verkleining en ontkenning gebruik gemaak om die teenoorgestelde te intensiveer.

Uit al die bogenoemde vorme van idiomatiese taalgebruik is dit duidelik dat die idiomatiek sterk konteksgebonde is. Sonder die konteks waarbinne die bogenoemde stylfigure gebesig word, sal dit waarskynlik moeilik wees om die bedoelde betekenis van die teks (wat die stylfiguur insluit) te verstaan.

### **7.7 Semantiek en die teksversorger – Samevatting**

Soos in hierdie hoofstuk aangedui is, handel semantiek oor betekenis. Woorde dien as tekens van betekenisoordrag, maar het opsigself geen betekenis nie. In die taalkunde heers daar dus bepaalde konvensies rakende betekenis (van linguïstiese eenhede). Betekenisoordrag geskied op grond van hierdie konvensies in taalgebruik.

Dit is van groot waarde en belang vir die teksversorger om kennis te neem van hierdie konvensies wat in die semantiek heers ten einde ingeligte keuses uit te oefen ter versorging van tekste. Aspekte waaraan aandag geskenk is in hierdie hoofstuk, is konjunkte, disjunkte en ajunkte betekenis-toepassing, asook denotatiewe/konnotatiewe betekenisoordrag, polisemie en idiomatiese taalgebruik.

Konteks vervul 'n sentrale rol in betekenisoordrag. Indien semantiese eenhede buite konteks aangebied word, kan dit baie moeilik interpreteerbaar word, en kan selfs verkeerde interpretasies gemaak word. Die teksversorger moet tekste dus evalueer op grond van die konvensies van semiotiek in die taalkunde, sowel as die konteks waarin hierdie tekens oorgedra word.

Wanneer die bogenoemde aspekte in meer besonderhede bespreek word, is dit vir die navorser duidelik dat betekenis (semantiek) en betekenisoordrag 'n veld in die taalkunde is wat deeglike bestudering/inagneming van die teksversorger verg, aangesien semantiek sentraal tot kommunikasiekunde staan.

## **Praktiese wenke**

### **8.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word op 'n bondige wyse praktiese notas weergegee vir die versorging van teks. Die navorser stel dit duidelik dat hierdie notas nie alomvattend is nie en slegs 'n samevatting is van punte wat aangeraak is in hierdie studie, asook gedagtes van verskeie kundiges (soos na verwys in hierdie hoofstuk) op die gebied van teksversorging. Die navorser fokus verder ook nie in hierdie hoofstuk op linguistiese leiding soos gevind sou word in taaladviesbronne en woordeboeke nie, maar hoofsaaklik op die praktyk van teksversorging.

### **8.2 Teksvorsorgingsvaardighede**

Soos Anderson (1990: 17) meld, kan leesvaardighede nie sinoniem aan teksvorsorgingsvaardighede gestel word nie. Sy meld verder dat die volgende vaardighede wel deur die teksvorsorger ontwikkel kan word:

- Die regte gesindheid/benadering: Baie druk word op teksvorsorgers geplaas en hulle moet voorbereid/in staat wees om dit te hanteer. Hulle moet waak teen uitputting en verveeldheid.
- Leesvaardighede: Die teksvorsorger moet seker wees van die instruksies deur die tekspleger aan hom opgedra, en sistematies, stadig en ritmies deur die teks lees.
- Weet waarvoor om te kyk: Ondervinding speel 'n groot rol in die ontwikkeling van die vaardigheid om te weet vir watter tipe foute (gereelde foute) om op die uitkyk te wees. Lees vir formaatfoute kan dalk geskei word van die lees vir taalfoute. Stel 'n lys van algemene foute op (byvoorbeeld name wat verkeerd gespel word, woorde of frases wat

dubbel getik is, woorde of dele van woorde wat uitgelaat word, spelfoute, ens.).

- Onthou wat gelees is: Daar kan van 'n stylblad<sup>47</sup> of stylboeke gebruik gemaak word. Besluit op 'n vaste formaat (spelling, koppeltekens, nommers, interpunksie, ens.).
- Verstaan skrywer se taal: Leer ken die tekspleger se skryfstyl en ontwikkel diskresie betreffende wat bevraagteken moet word en hoe om dit te doen.
- Gee duidelike instruksies: Maak gebruik van teksversorgingstekens<sup>48</sup> wat die tekspleger sal verstaan. Hierdie aspek kan in 'n gesprek vooraf tussen die tekspleger en die teksversorger uitgeklaar word.

Die bogenoemde vaardighede omvat bykans die hele spektrum van teksversorgingsaktiwiteite. Dit is duidelik dat teksversorging in geheel 'n vaardigheid en 'n aanleg is wat onder andere deur onderrig, ondervinding en persoonlike noulettendheid ontwikkel word. Du Plessis & Carstens (2000: 59-74) betoog in hierdie verband die implementering van 'n stewige linguistiese raamwerk met 'n deeglik gefundeerde teoretiese basis vir die teksversorgingspraktyk. Hierdie teoretiese grondslag behoort gebaseer te word op 'n deeglike kennis en implementering van die volgende linguistiese subdissiplines: taalgebruikskunde/taalbeheersing, tekslinguistiek en normering. Hulle kom tot die gevolgtrekking (2000: 72) dat die taalversorger (en vir die doeleindes van hierdie studie, die teksversorger) “oor 'n *grondige linguistiese kennis* moet beskik om die suksesvolle versorging van 'n talige teks te kan doen.” Judd (1982: 14-17), O'Connor (1986: 78) en Bowles, Borden & Rivers (1993: 5-6) (in Kotze, 1998: 130) maak melding van die volgende eienskappe (karakteristieke) wat 'n teksversorger (behoort te) besit:

- 'n Goeie aanvoeling vir, 'n kennis van, en liefde vir die taalkunde.
- Bewustheid en noulettendheid op die teikengroep van die teks.
- Noukeurigheid en objektiwiteit (wat betref die hantering van foute en die oordeel oor foute).

---

<sup>47</sup> 'n Georganiseerde lys punte wat in gedagte gehou moet word tydens die lees van 'n dokument.

<sup>48</sup> Kyk ook Hoofstuk 9.

- Geduld en konsentrasie.
- Wye belangstelling in verskeie vakgebiede.
- Nederigheid en erkenning van eie tekortkominge.
- Takt, diplomاسie en `n sin vir humor.
- Goeie organisatoriese vermoëns.
- Logika.
- Buigbaarheid en aanpasbaarheid, en die insig om te onderskei tussen foute van die tekspleger en die persoonlike styl van die tekspleger.
- Selfversekerdheid en `n persoonlike teksversorgingstyl.
- Kennis van die kopiereg en lasterreëls.

Verskillende taalkundiges (vgl. besprekings hierbo en Du Plessis, 1997: 103-108) ken dikwels verskillende eienskappe aan teksversorgers toe, maar stem soms ook saam oor watter karakteristieke deur `n goeie teksversorger tentoongestel word. Uit die bogenoemde literatuur blyk dit dat daar hoë (persoonlike en professionele) vereistes aan `n teksversorger gestel word, soveel so dat Kotze (1998: 136) die vraag vra: “**Is die teksversorger `n professionele persoon?**”. Die navorser lei uit die bestudering van Kotze (1998: 136-138) af dat die teksversorger wel as `n professionele persoon beskou kan word, indien hy die karaktertrekke tentoonstel wat tiperend is van `n goeie teksversorger (soos onder andere hierbo uiteengesit).

### **8.3 Benodighede vir die teksversorgingsaksie**

Wanneer die teksversorger `n teks aanpak, is daar meer as kundigheid nodig om die taak te verrig. Die teksversorger benodig sekere fisiese middele (afhangende natuurlik van die tipe teks wat versorg word), waaronder die volgende (aangepas uit Souder & White, 1995; Anderson, 1990):

- Rekenaar met die nodige sagteware.
- Internetverbinding vir soektogte.
- Sakrekenaar.
- Penne/merkpenne in verskillende kleure; uitveër en potlood; deurskynende liniaal.

- Vergrootglas.
- Naslaanbronne (tesourusse, woordeboeke, taalhandleidings, tegniese bronne/woordeboeke, teksversorgingshandleiding, ens.).
- Verwyderbare selfkleefnotas.
- Poskodegids.
- Telefoongids (vir die naslaan van die korrekte spelling van vanne en plekname).

Normaalweg sal al die bogenoemde items/fasiliteite nie vir elke teks benodig word nie. Die tipe teks sal bepalend wees van wat benodig word. Byvoorbeeld, in `n teks waar baie berekenings voorkom, maar geen verwysings na vanne nie, sal daar waarskynliker `n sakrekenaar benodig word en nie `n telefoongids nie.

#### **8.4 Voordat met die teksversorging begin word**

Wanneer `n teksversorger gereed is om met die teksversorging te begin, stel die navorser voor dat hy homself `n paar vrae afvra, byvoorbeeld: Wanneer is die beste tyd om te werk? Wat is daar nog om aan aandag te skenk voordat daar met die teksversorging begin word? Die doel van hierdie vrae is om `n laaste keer oorweging te skenk aan alle voorbereidings vir die teksversorgingsaksie, waarna die teksversorger sy volle aandag, kundigheid en hulpbronne kan toespits op die taak op hande. Smith & Sutton (1994: 7-8) maak die volgende voorstelle ter voorbereiding vir `n teksversorging:

- ⇒ Begin werk wanneer jy op jou wakkerste is.
- ⇒ Verwyder/vermy enigiets wat jou aandag kan aftrek.
- ⇒ Hou alle belangrike hulpmiddels byderhand (byvoorbeeld naslaanmiddels).
- ⇒ Maak seker van die sperdatum van die betrokke teks.
- ⇒ Sit in `n gemaklike stoel met die regte hoogte, gebruik voldoende beligting en handhaaf `n goeie postuur.
- ⇒ Indien vir lang tydperke teksversorging gedoen word, neem kort breuke.

- ⇒ Rus jou oë vir 30 sekondes elke 10 tot 15 minute, en neem ligte maaltye soos nodig.

### 8.5 Sistematiese benadering tot die versorging van `n teks

Wanneer `n teks versorg word, is dit raadsaam om `n sistematiese benadering te volg. Sodoende word struktuur aan die aksie gegee en stel dit die teksversorger in staat om die teks as `n logiese geheel, maar ook die verskillende aspekte in diepte, te benader.

Afhangende van die tipe teks en die doel van die teks, stel die navorser voor dat die teksversorger `n gepaste teksversorgingsmodel ontwikkel. `n Vereenvoudigde voorbeeld soos deur die navorser saamgevat, sou soos volg daar uitsien:

- ⇒ Lees die teks aandagtig deur. Waar haalbaar, kan die teks meer as een maal gelees word. Sodoende word `n goeie geheelbeeld van die teks gevorm.
- ⇒ Versorg die teks deur in gedagte te hou dat daar op meer as een aspek (byvoorbeeld inhoud, grammatika, interpunksie, formaat) op `n gegewe oomblik gefokus moet word.
- ⇒ Lees die teks `n laaste keer deur om seker te maak dat die teks `n logiese samehang vorm.

Verskillende “teksversorgingsmodelle” word in die literatuur aangeteken (Stepp, 1989: 97; Plotnik, 1982: 38-44; O’Connor, 1986: 2-5), en die teksversorger kan een van hierdie modelle aanpas by sy spesifieke teksversorgingsomstandighede en -behoefte. Kotze (1998: 128-130) kategoriseer byvoorbeeld die teksversorgingsproses (aangepas uit O’Connor [1986: 2-5] op die Christelike uitgewery) in die volgende drie fases:

- ⇒ *Die administratiewe teksversorgingsproses:* Enige korrespondensie (erkenning van ontvangs, die terugstuur van, en die hantering van navrae oor, onsuksesvolle manuskripte, ens.) wat die redaksionele proses mag voorafgaan.

⇒ *Die kreatiewe teksversorgingsproses:* In hierdie fase word die aanbiedingswyse van die teks geëvalueer, en aanbevelings word gemaak om die teks meer leesbaar en afgerond te maak. Vir 'n Christelike teks behels kreatiewe teksversorging die volgende: hoofstuktitels word toegeken, verander en verkort, kerngedagtes word uitgelig, feite word gekontroleer, opskrifte en subopskrifte word ingevoeg, kritiese ontleding van logika en ordening geskied, irrelevante en oortollige teks word uitgehaal.

⇒ *Die tegniese teksversorgingsproses:* Styl- en taalversorging<sup>49</sup>, sowel as tipografiese versorging, word in hierdie fase gedoen.

## 8.6 Norme in teksversorging<sup>50</sup>

*“In hierdie stuk probeer ek aantoon dat die taalpraktisyn op die kruispunt staan: op een as van die kruis staan hy tussen die ‘hoëpriester’ (tradisionele grammatikus) en die ‘ikonoklas’ (linguis), en op die ander staan hy tussen skrywer en leser. Tussen hoëpriester en ikonoklas probeer hy die middeweg vind waarvolgens aanneemlike tekste geproduseer kan word; tussen skrywer en leser tree hy as ‘ruisfilter’ op sodat die teks doeltreffend kan wees en op eie pote kan staan --- sodat die leser sover moontlik teksonbewus kan bly en hom dus ten volle in die skrywer (of die teks) se betekeniswêreld kan en wil inleef.”*

- Schutte (1985: 292)

In Hoofstuk 5 het die navorser aangetoon dat daar in die normatiek dikwels verskil word oor die rol wat norme in taal speel/behoort te speel, asook hoe norme vasgestel word. Daaruit spruit dan dat daar in die teksversorgingsgemeenskap verskil sal word oor:

---

<sup>49</sup> Vgl. Kotze (1998: 63) se omskrywing van wat taalversorging in kort behels op bl. 3.

<sup>50</sup> Kyk ook paragraaf 5.13.

- hoe normering geskied;
- watter norme van toepassing in gegewe kontekste/situasies sal wees; en
- hoe norme hanteer moet word.

Volgens die navorser is die belangrikste norm vir teksversorging die volgende:  
**Versorging van teks ter bevordering van die kommunikatiewe sukses daarvan.**

Die bogenoemde norm bied die teksversorger die vryheid om volgens diskresie die taalnorme, soos reeds vasgelê/voorgestel in verskeie bronne, toe te pas. Die teksversorger kan dus self (op verantwoordelike/kundige wyse) besluit watter rol konteks/situasie in uitinge speel, en tot watter mate van norme (byvoorbeeld standaardtaal) afgewyk kan word om stilistiese/ander redes. Die produk van sodanige werkswyse behoort 'n teks te wees wat aan die kommunikatiewe behoeftes van die tekspleger voldoen. Koch (1988: 382) som die plig van die taalversorger (vir die doeleindes van hierdie studie, die teksversorger) soos volg op: “Die inset van die taalversorger moet daardie mate van **duidelikheid, verstaanbaarheid en versorgdheid** oplewer wat die oorspronklike outeur ontwyk het, maar wat deur die konteks en situasie vereis word.”

### **8.7 Konteks in teksversorging**

In Hoofstukke 6 & 7 is aangedui dat konteks 'n belangrike rol speel in die interpretasie van uitinge en gevolglik dan ook in teksversorging. Indien die teksversorger 'n breuk neem van sy werk, en hy keer terug, moet hy steeds bewus en seker wees van die konteks van die teks waar hy sy teksversorgingsaktiwiteite gaan voortsit. Wanneer 'n teksversorger byvoorbeeld besig was om 'n paragraaf te versorg, en hy word voor die einde van die paragraaf onderbreek, is dit aan te beveel dat die teksversorger, wanneer hy weer sy aandag na die teks wend, weer die deel van die paragraaf lees wat reeds gelees is, om sodoende die geheelbeeld/strekking van die paragraaf in gedagte te hou. Sodanige werkswyse kan konsekwentheid/korrektheid in teksversorging bevorder.

Die kennis wat 'n teksversorger van 'n spesifieke studieveld het, het ook 'n groot invloed op sy begrip en interpretasie van die teks, en dus ook sy vermoë om die teks te versorg. Hierdie kennis wat die teksversorger besit oor die onderwerp van die teks, beïnvloed sy interpretasie van die teks. Carstens (2000: 13) meld byvoorbeeld dat die teksversorger se eie kontekstuele agtergrond 'n rol speel by sy oordeel van die geslaagdheid van 'n gegewe teks in 'n spesifieke gebruikskonteks. 'n Teksversorger wat 'n geologiese teks versorg, maar nie 'n kundige op die gebied van geologie is nie, mag dalk die gebruikskonteks van sekere terme verkeerd interpreteer. Verskillende betekenisfasette mag dalk vir een term in 'n woordeboek aangedui word, en as gevolg van die teksversorger se (gebrek aan) agtergrondkennis, mag hy dalk onkundig wees in sy keuse van watter betekenisfasette in 'n bepaalde situasie/konteks van toepassing is. Hy kan ook van mening wees dat 'n term verkeerd gebruik word en die term wysig volgens sy niespesialiskennis, wat moontlik verkeerd sal wees. Aan die ander kant kan die teksversorger foute in 'n teks miskyk/oorsien omrede hy voel dat hy nie die spesialis op die studieveld is nie en die skrywer se mening onbevestigd vertrou. Indien 'n teksversorger twyfel oor die korrektheid/aanvaarbaarheid van 'n uiting, moet hy 'n aantekening maak en die geval met die tekspanner bespreek.

## 8.8 Koherensie

In Hoofstuk 6 is aangedui dat aandag aan die teikengroep geskenk (en daadwerklik gefokus) moet word by die skep van teks. Tydens teksversorging moet die teksversorger gevolglik ook die teks evalueer in terme van die teikengroep. Verwysing na 'n Sesotho-gesegde tydens 'n toespraak in die Vrystaat, waar Sesotho-moedertaalsprekers teenwoordig is, behoort suksesvol te wees. Indien dieselfde toespraak in Kaapstad gelewer word, waar Xhosa-moedertaalsprekers teenwoordig is, sal die Sesotho-gesegde met 'n soortgelyke Xhosa-gesegde vervang moet word, indien moontlik.

Verskeie faktore<sup>51</sup> van die teikengroep moet in gedagte gehou word tydens teksversorging, bv. hul ouderdomsgroep, taalvermoë, vlak van geleerdheid,

---

<sup>51</sup> Hierdie faktore sal van groep tot groep verskil.

belangstellingsveld, kulturele agtergrond, doel van hul blootstelling aan die teks, ensovoorts. Buiten vir die bogenoemde faktore, moet die teksversorger ook sorg dra dat samehang in die teks voorkom<sup>52</sup>, soos deur Kotze (1998: 44) aangedui word: “`n Tema moet deurlopend en logies deurgevoer word, en opeenvolgende sinne en paragrawe sinvol by mekaar ineenskakel, sodat die leser nie voel dat daar hiate in die gedagtegang en logiese opeenvolging is nie.”

## 8.9 Vermeende taalfoute

Anderson (1990) maan dat herhalende foute in `n teks dalk nie foute is nie. Die teksversorger moet seker maak of sodanige foute wel foute is. Die herhalende voorkoms van dieselfde/soortgelyke vermeende foute in teks moet `n rooi vlaggie by die teksversorger laat opkom, aangesien dit daarop kan dui dat die vermeende fout nie noodwendig `n fout is nie. Indien dit nie `n fout/foute is nie, kan dit om verskeie redes wel so voorkom, byvoorbeeld:


- ⇒ die tekspeler wyk om stilistiese redes (op `n aanvaarbare wyse<sup>53</sup>) van die taalnorm af;
- ⇒ die teksversorger is nie `n kundige op die betrokke terminologiedomein nie;
- ⇒ die teksversorger het die eerste keer wat `n spesifieke gedeelte teks voorkom, dit as `n fout geklassifiseer – die korrektheid/aanvaarbaarheid van die opvolgende voorkoms word nie geëvalueer nie, maar aan die hand van die eerste beslissing summier as foutief beskou;
- ⇒ die teksversorger maak van `n ander norm/norme gebruik in die evaluering van die teks as waarvan die tekspeler gebruik maak.

Koch (1988: 288) meld dat die taalversorger (en vir die doeleindes van hierdie studie, die teksversorger) selfs by vakkundige tekste, in `n veld waarin hy `n leek mag wees (byvoorbeeld kernfisika), `n belangrike rol kan vervul. Die taalversorger (teksversorger) kan steeds aan verskeie ander aspekte van die teks aandag skenk,

---

<sup>52</sup> Vgl. 6.6 Koherensie.

<sup>53</sup> Kyk paragraaf 5.4.



byvoorbeeld spelling, interpunksie, styl, grammatika, ensovoorts. Alhoewel die navorser van mening is dat die vakkundige beheersing van die studieveld vir die teksversorger van groot waarde kan wees, dui Koch (1988: 288) aan dat geen persoon (en dus ook nie die teksversorger nie) alle dissiplines ten volle kan beheers nie. Wanneer daar onsekerheid oor die korrektheid van `n deel van die teks heers, kan die teksversorger die onsekerheid met die outeur, wat uiteraard die vakkundige op die betrokke gebied is, bespreek.

Die teksversorger moet verder in gedagte hou dat daar tussen taalfoute en taalafwykings onderskei word. Soos Schutte (1985: 293) tereg meld, is daar wat taalgebruik betref, nie altyd `n duidelike skeidslyn tussen “korrek” en “verkeerd” nie. Tog is die teksversorger `n linguistiese kundige en moet as sodanig die teksversorging benader. Vir verdere notas in hierdie verband, kyk paragraaf 5.4.

### **8.10 Gereelde foute**

Anderson (1990) meld dat die teksversorger spesifieke aandag aan die volgende verskynsels in teks moet skenk, aangesien daar `n geneigdheid onder teksversorgers bestaan om foute in die volgende tipes tekste mis te kyk:

- Kopie wat deur die teksversorger self geskryf of getik is.
- Hersiende kopie.
- Lang, getikte reëls.
- Kort, getikte reëls.
- Dubbele konsonante (byvoorbeeld in “onmiddellik”) of vokale (byvoorbeeld in “spieël”).
- `n Reeks dun letters (byvoorbeeld “ill” in “rille”).
- Woorde wat heel gekapitaliseer is of groot opskrifte.
- Sier- of swartlettertipes.
- Sans serif-lettertipe.
- Kursiewe letters.
- Getalle: desimale punte, kommas, totale, ens.
- Pare van hakies, aanhalingstekens, aandagstrepe, ens.

Smith en Sutton (1994) meld die volgende plekke ook as slaggate vir die teksversorger:

- teks aan die begin of die einde van `n reël;
- spelling van eiename;
- lang woorde;
- teks naby die begin of einde van `n bladsy;
- nommerkombinasies;
- titels en opskrifte; en
- name.

Na aanleiding van `n groot getal voorbeelde van taalprobleme wat versamel is, verdeel Koch (1988: 289-290) taalprobleme in die volgende ses hoofgroepe:

- **Spelling**  
Foute met konsonante, vokale/diftonge, hoofletterprobleme, ens.
- **Enkele grammatika-kwessies**  
Skryfwyse (los of vas), getalsaanduiding, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, ens.
- **Taalsuiwerheid en -korrektheid (die idiomatiese in die taal)**  
Anglisismes, selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde, byvoeglike naamwoorde, ens.
- **Logika en styl**  
Onvanpaste woordkeuse, omslagtigheid, meerduidigheid, lomp uitdrukking, ens.
- **Sinstruktuur**  
Woordvolgorde, woorddoortoligheid, lomp konstruksie, ens.
- **Interpunksie**  
Lees- en skryftekens.

Souder en White (1995) meld dat teksversorging vanaf `n rekenaarskerm `n moeilike kuns is om te bemeester, aangesien die beeld op die skerm nie skerp is nie; slegs `n

deel van die dokument is sigbaar en die menslike oog is net in staat om 'n deel van die skerm op 'n slag te kan waarneem. Hulle beweer dat selfs meer ervare teksversorgers minder akkuraat vanaf 'n rekenaarskerm teksversorg. Smith en Sutton (1994) maak die volgende aanbevelings ten opsigte van teksversorging vanaf 'n rekenaarskerm:

- Wanneer die teks die eerste keer gelees word, moet die teksversorger reël vir reël lees, of 'n liniaal gebruik om te verhoed dat sy oë dwaal.
- Wanneer vanaf 'n rekenaarskerm gewerk word, vergroot die lettergrootte.
- Maak van 'n speltoets en 'n grammatikatoets gebruik.
- Om die akkuraatheid van die teksversorging te verhoog, druk 'n dubbelgespasieerde kopie van die teks uit en doen die teksversorging vanaf die drukstuk.

As gevolg van die huidige beperkinge op die akkuraatheid van proeflees-/teksversorgingspragrammatuur vir rekenaars (byvoorbeeld dat hulle nie konteks in ag neem by die speltoetsing van homofone nie), kan sodanige programme<sup>54</sup> slegs as hulpmiddels beskou word.

Du Plessis (1997: 117) het in 'n vraelys waarop 81 taalversorgers<sup>55</sup> gereageer het, onder andere gevra wat die mees tipiese taalfoute is wat deur taalversorgers in Suid-Afrika<sup>56</sup> op mikrovlak (spelling en interpunksie) en makrovlak (grammatika) teëgekomp word. Die reaksie van die respondente was soos volg:

*Foute op mikrovlak:*

1. Foutiewe spelling (42,3%).
2. Foutiewe leestekengebruik (31,6%).
3. Foutiewe afkortings (24,3%).
4. Foutiewe meervoudsvorme (24%).
5. Foutiewe skryftekens (20%).
6. Foutiewe hooflettergebruik (18,4%).

---

<sup>54</sup> Byvoorbeeld die speltoets van Microsoft® Word 97 en "Spell Checker" van CorelDRAW 9.

<sup>55</sup> Hoofsaaklik Afrikaanse taalversorgers, maar ook Engelstalige taalversorgers, is by die studie betrek.

<sup>56</sup> Een respondent uit Kanada is by die studie betrek.

7. Foutiewe skryfwyse: los/vas (10,4%).

*Foute op makrovlak:*

1. Algemene sinsvolgorde (33,3%).
2. Posisie van die werkwoord (30,6%).
3. Afwyking na “dat” (24,6%).
4. Foutiewe voorsetselgebruik (23,3%).
5. Foutiewe lidwoordgebruik (22,5%).
6. Anglisismes (20,6%).
7. Foutiewe ontkenning (19,1%).

In `n soortgelyke studie onderneem deur Kotze (1998), is `n vraelys aan Afrikaanse teksversorgers wat binne die Christelike uitgewersmaatskappye werksaam is, gestuur (Kotze, 1998: 6). Op `n vraag oor waarmee die teksversorgers die meeste probleme ondervind by die versorging van tekste, het die respondente opsommenderwys soos volg in elk van die volgende kategorieë gereageer (uitgedruk as `n gewig uit `n moontlike punt van 3):

*Spelling en interpunksie:*

1. Los-en-vas-skryfwyse (2.83).
2. Skeiding van woorddele (2.75).
3. Korrekte gebruik van leestekens (2.73).
4. Skryftekens (2.67).
5. Hooflettergebruik (2.58).

*Styl en taalsuiwerheid:*

1. Vae en lomp taal (2.62).
2. Woordherhaling in opeenvolgende sinne (2.54).
3. Omslagtigheid (2.54).
4. Hoogdrawendheid (2.54).
5. Geykte taal (2.46).

*Sintaksis en morfologie:*

1. Betreklige voornaamwoorde (2.38).

2. Die vorm met “self” (2.31).
3. Onnodige gebruik van voegwoorde (2.23).
4. Die refleksief (2.23).
5. Meervoudsvorming (2.23).

*Semantiek:*

1. Verkeerde woordsoortlike gebruik (2.46).
2. Geykte beeldspraak (2.46).
3. Foutiewe betekenisgebruik (2.31).
4. Toutologie en pleonasmes (2.31).
5. Modewoorde (2.23).

Die bogenoemde profiele van tipiese taalfoute mag tussen tale verskil as gevolg van die verskil tussen die strukture en reëls van verskillende tale, en kan ook tussen verskillende teksversorgingsopsette (byvoorbeeld `n akademiese instelling in teenstelling met `n Christelike uitgewery) verskil. Nietemin dien die bogenoemde as `n nuttige aanduiding van tipiese taalfoute binne spesifieke kontekste.

### **8.11 Etiek in teksversorging**

Blaauw en Boets (2000: 243-267) meld dat daar reeds vir `n geruime tyd in Suid-Afrika die behoefte bestaan aan die professionalisering van onder andere die praktyk van teksversorging, en voortspruitend daaruit, die ontwikkeling van `n gedragskode vir teksversorgers. Taalkundiges het self tot die besef gekom dat een of ander vorm van regulering van die bedryf nodig is. Ten opsigte van die professionalisering van taalpraktyk in Suid-Afrika, het veral SAVI (Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut) en PANSAT (Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad) die vernaamste rol vervul. Kotze & Verhoef (2001: 87) meld dat daar in die Suid-Afrikaanse konteks verwarring heers oor die taakoms krywing van mense wat teksversorging doen, en dat daar skeptisisme onder die breë publiek heers oor die teoretiese verantwoordbaarheid van teksversorging. Volgens hulle (2001: 87) noodsaak hierdie situasie `n deeglike ondersoek na die professionalisering van die taalindustrie.

Blaauw en Boets (2000: 250-251) sê verder dat, alhoewel navorsing op die gebied van vertaling redelik aktief is, slegs 'n paar artikels en enkele meestersgraadstudies nog oor teksversorging verskyn het. Daar heers dus 'n duidelike behoefte aan 'n sistematiese benadering tot navorsing op die gebied van taalpraktyk, en spesifiek teksversorging. Dit word in die vooruitsig gestel dat 'n teksversorgingshandleiding saamgestel sal word vir al die subprojekte van elk van die betrokke tale.

Wat betref professionele erkenning vir taalpraktisyns (in Suid-Afrika), het pogings tot op hede gefokus op eksterne regulering, byvoorbeeld wetgewing en akkreditering. Terwyl wetgewing afgedwing kan word en akkreditering verpligtend gemaak kan word, sal vrywillige lidmaatskap tot 'n professionele liggaam en akkreditering by so 'n liggaam meer op persoonlike keuse berus. Dit kan dus in 'n mate as 'n vorm van interne beheer beskou word as gevolg van die vrywillige aard van onderwerping aan hierdie vorm van kontrole.

Blaauw en Boets (2000: 263, 267) stel 'n gedragskode voor vir aanneming deur SAVI en enige toekomstige regulerende liggaam – kyk Bylaag I.

Aanvullend tot die bogenoemde bespreking rakende etiek in teksversorging, kan die volgende praktiese notas oor etiese norme in die algemeen, vir die teksversorger van waarde wees.

Wanneer 'n teksversorger genader word met 'n opdrag, moet hy ingelig word wat sy pligte behels, met ander woorde, watter van die volgende take uitgevoer moet word:

- ⇒ spelfoute moet gekorrigeer word;
- ⇒ taalgebruiksfoute moet gekorrigeer word;
- ⇒ die uitleg van die teks (buitetalige faktore) moet versorg/gekorrigeer word;
- ⇒ die taalgebruik wat in die teks gebesig word, moet verbeter word;
- ⇒ die teks moet oorgeskryf word vir 'n spesifieke teikengroep<sup>57</sup>; of
- ⇒ kombinasies van bogenoemde opdragte.

---

<sup>57</sup> In hierdie geval word daar gewoonlik verwys na kopieskryf, wat meestal 'n aksie is wat buite die bestek van die teksversorger se pligte val.

Dit is belangrik dat die kliënt/opdraggewer sal bepaal wat die omvang van die teksversorger se pligte sal wees. Kotze (1998: 135) ondersteun hierdie stelling en meld dat 'n teksversorger se werksomskrywing presies afgebaken moet word voordat 'n opdrag of pos aanvaar word. Sodoende kan konflik en misverstande vermy word. Sekerheid van sy opdrag stel die teksversorger ook in staat om sy opdrag na die beste van sy vermoë binne die gestelde riglyne uit te voer.

Die navorser het verder by verskeie gevalle waar teksversorging gedoen is, opgemerk dat sommige teksversorgers “reg in eie hande neem” en (meesal oënskynlik onbewustelik) hul persoonlike menings op teksversorgings afdwing. Hiermee word bedoel dat hulle wysigings aan teks aanbring deur hul eie skryfstyl op die teks te forseer, in plaas daarvan om slegs op foute te konsentreer. Le Roux (1968: 200) het in 1968 al verwys na hierdie onaanvaarbare praktyk:

*“Ons dink hier net aan die persklaarmakers wat nie skroom om die taal van 'n manuskrip ook daar te verander waar dit glad nie gaan om besliste taalfoute nie, maar bloot om 'n ander manier van te skrywe. Hierdie tipe persklaarmaker is nie een wat korrigeer, d.w.s. verbeter nie, maar een wat verander waar hy nie mag verander nie.”*

Veranderings aan teks wat 'n verandering aan die skryfstyl van die tekspleger is, moet eers met die tekspleger bespreek word. Volgens die navorser het die teksversorger nie net die taak om teks te wysig (op grond professionele kundigheid) nie, maar ook om wysigings aan teks **voor te stel**.

Soms kan daar meer as een ekwivalent vir 'n spesifieke woord in 'n uiting gebruik word. Indien 'n ander ekwivalent/sinoniem beter is (om stilistiese/taalkundige redes) as die woord wat tans in die teks voorkom, kan sodanige woord met die beter ekwivalent/sinoniem vervang word. Hierdie ekwivalent kan volgens Ross-Larson (1982: 9) “beter” wees, aangesien dit meer geskik is vir die teikengroep, dit 'n meer spesifieke idee vir die teksgebruiker uitlig, of omrede dit die meeste van die tyd deur die meeste goeie skrywers verkies word (weereens het ons hier te make met 'n

verwysing na 'n tipe konvensie). In ander gevalle weer is die oorspronklike woord gepas in die spesifieke situasie/konteks en is dit nie nodig om die woord met 'n ander ekwivalent te vervang nie.

## 8.12 Samevatting

Uit hierdie hoofstuk blyk dit duidelik dat die praktyk van teksversorging 'n baie omvangryke en komplekse wetenskap is. *Verskeie vaardighede is nodig vir die doeltreffende versorging van 'n teks, en dit kan deur ervaring (en opleiding) ontwikkel word.*

Wanneer die teksversorger die teksversorging wil aanpak, is daar verskeie dinge om in gedagte te hou: sekere *benodighede* moet beskikbaar wees, daar moet sekere *voorbereidings* getref word, ens. Wanneer die teksversorger al die bogenoemde stappe deurgegaan het, begin die teksversorging.

Die proses van teksversorging is 'n sistematiese en noukeurige proses. Daar word van die teksversorger verwag om aan verskeie aspekte van die taalkunde aandag te skenk, bv. norme, konteks, koherensie, ens. Tydens teksversorging moet die teksversorger sy *kundigheid* toepas om keuses uit te oefen oor korrektheid en aanvaarbaarheid van uitinge.

In die laaste plek het die hoofstuk gekyk na spesifieke slaggate waarvoor die teksversorger moet oplet. Weereens dui dit op die opbou van ervaring en die toepas van reeds verworwe kennis om 'n goeie teksversorgde kopie te lewer.

Aandag is kortliks geskenk aan die rol van etiek in die praktyk van teksversorging. Alhoewel regulerende maatstawwe ten opsigte van 'n gedragskode vir teksversorgers in Suid-Afrika nog verdere ontwikkeling benodig, kan die teksversorger self etiek in die praktyk van teksversorging toepas deur aan sekere norme, soos hierbo na verwys, te voldoen. Teksversorgers het 'n groot bydrae te lewer tot die professionalisering van die teksversorgingspraktyk en behoort dan ook 'n toenemende rol in sodanige ontwikkelingsaksies te vervul.

Soos vroeër gemeld, het hierdie hoofstuk slegs enkele praktiese gedagtes oor die proses van teksversorging bespreek. Ruimte word gelaat vir 'n in-diepte- (deskriptiewe en preskriptiewe) studie oor die praktyk van teksversorging.

## Teksversorgingstekens<sup>58</sup>

### 9.1 Inleiding

Alle tekste wat versorg word, word nie noodwendig klaar gekorrigeer (sonder om foute aan te dui nie) voordat dit aan die tekspleger/opdraggewer terugbesorg word nie. Soms is net `n geskrewe/gedrukte weergawe van `n teks beskikbaar (in teenstelling met `n elektroniese weergawe), wat hardekopieversorging sal noodsaak. In sodanige gevalle word teksversorging op die kopie aangedui. In nog gevalle mag dit gebeur dat

- 1) die tekspleger wil weet watter tipe foute gemaak is,
- 2) foute van taalaanleerders duidelik in teks aangebring moet word vir leerdoeleindes,
- 3) drukkers duidelik wil weet waar foute op manuskripte voorkom sodat dit presies gekorrigeer kan word, ens.

Wat ook al die rede is waarom daar besluit word om teksversorging op die harde kopie te doen, geskied dit wel dikwels op hierdie manier. Wanneer hardekopieteks versorg word, moet vroeë/voorstelle/verbeterings/korreksies in die teks aangedui word. Daar word van tekens in die teks gebruik gemaak om hierdie voorstelle van die teksversorger aan te dui. Hierdie tekens word die **teksversorgingstekens** genoem. Dit is van belang dat die tekspleger en die teksversorger van dieselfde stel teksversorgingstekens gebruik maak om na opdragte/voorstelle in sodanige tekste te verwys. Sodoende vergemaklik dit die kommunikasieproses tussen tekspleger en -versorger.

Daar word wêreldwyd van verskillende stelsels teksversorgingstekens gebruik gemaak. Hierdie hoofstuk gaan kortliks na `n paar voorstelle deur verskillende teksversorgers (/proeflesers) kyk, waarna voorstelle van die navorser volg.

---

<sup>58</sup> Weens die beperking van die term “proefleestekens” tot die gebied van “proeflees”, verwys hierdie studie na “teksversorgingstekens”, en omsluit ook die betekenis van die term “proefleestekens”.

## 9.2 Model 1 – EP du Plessis (1979: 235-237)

### Kyk Bylaag II.

Du Plessis, soos verskeie ander vakkundiges/modelle deur vakkundiges daargestel, onderskei tussen `n **teksteken** en `n **kantlynteken**. Die teksteken dui die gedeelte in die teks aan waar die wysiging aangebring moet word, terwyl die kantlynteken die (uitbreidende) opdrag bevat.

## 9.3 Model 2 – Souder & White (1995: 5, 8, 14, 20, 26)

### Kyk Bylaag III.

## 9.4 Model 3 – Smith & Sutton (1994: 19)

### Kyk Bylaag IV.

## 9.5 Bespreking, en ontwikkeling van eie model

Pigott en Smith (1986: 60) meld dat *The British Standard Institution* `n lys vrystel van proefleessimbole (tekstversorgingssimbole) wat internasionaal aanvaar word. Hierdie lys staan bekend as “British Standard BS 5261: *Part 2 1976 Copy preparation and proof correction*”<sup>59</sup>. Alhoewel hierdie lys nie noodwendig die standaardlys vir alle tekstversorgers vorm nie, dien dit as `n goeie bron van verwysing. Uit die bogenoemde aangehaalde modelle is dit ook duidelik dat verskillende tekstversorgers/proeflesers dikwels van dieselfde stelle tekens gebruik maak, maar verskil ten opsigte van die omvang van die aantal tekens wat gebruik word. Tekstversorgers kan ook gebruik maak van die inhuistekens wat in spesifieke opsette van toepassing is (byvoorbeeld by `n sekere drukkery of `n bemarkingsonderneming).

Die kern van `n stel tekstversorgingstekens is dat dit voldoende moet wees ter aanduiding van die wysigings wat aan `n teks aangebring moet word. Soms word van

---

<sup>59</sup> Die navorser kon nie `n afskrif van hierdie lys bekom nie.

kantlyntekens sowel as tekstekens gebruik gemaak, terwyl daar in ander gevalle slegs van tekstekens gebruik gemaak word.

Indien die persoon vir wie die teksversorging gedoen word (kliënt) moontlik nie vertrou is met die teksversorgingstekens wat gebruik word nie, sal die teksversorger se voorstelle van minder/geen waarde vir sodanige persoon (kliënt) wees nie. Die teksversorgingstekens moet verstaanbaar wees om misverstande oor voorgestelde wysigings te voorkom. Die navorser stel voor dat die teksversorger na 'n paar bladsye (in die geval van 'n lang dokument) of by die voltooiing van die teksversorging, met die kliënt in gesprek tree. Tydens hierdie gesprek word die teksversorgingstekens wat gebruik is en die benadering wat deur die teksversorger gevolg is, aan die kliënt verduidelik. Verder lees die teksversorger dikwels nie weer die teks nadat die persoon vir wie die wysigings aangedui word, die wysigings aangebring het nie. Die teksversorger sal gevolglik nie seker wees of sy teksversorgingstekens korrek geïnterpreteer is nie. Dit is dus raadsaam vir die teksversorger om die nodige voorsorgmaatreëls te tref sodat die korrekte wysigings aangebring word.

Wanneer 'n persoon nie op hoogte is van enige model van teksversorgingstekens nie, kan die teksversorger van 'n vereenvoudigde vorm van teksversorging gebruik maak. Hieronder volg 'n voorbeeld (slegs 'n voorstel deur die navorser) van hoe sodanige vereenvoudigde model ontwikkel kan word:

In die kantlyn word vir alle tipes wysigings 'n kruisie gemaak om aan te dui dat daar 'n korreksie/voorstel in daardie spesifieke reël voorkom. Binne die teks word dan van 'n eenvoudige (uniforme) stel tekens gebruik gemaak. Die teksversorger kan self so 'n stel tekens ontwikkel en standaardiseer vir die werk wat deur hom verrig word vir persone wat onkundig is met meer formele stelle teksversorgingstekens. Teksversorgingstekens binne die teks kan byvoorbeeld soos volg vereenvoudig word:

<i>Opdrag</i>	<i>Teken in kantlyn</i>	<i>Teken in teks</i>	<i>Gekorrigeerde teks</i>
skuif van teks	X	hy het (geloop) hier ↘	hy het hier geloop

skryf in vetdruk	X	<sup>vetdruk</sup> in <u>elke</u> opening	in <b>elke</b> opening
skryf in hoofletters	X	<sup>Hoofletter</sup> mnr. Verwoerd	Mnr. Verwoerd
haal letter uit	X	die spieël <del>el</del> toon	die spieël toon
voeg komma/punt in	X	rugby tennis, ens.	rugby, tennis, ens.
vervang letter	X	die gro <sup>e</sup> ne	die groene

Dit is belangrik dat die model wat die teksversorger self ontwikkel, konsekwent is en konsekwent toegepas word. Wanneer die teksversorger 'n versorgde teks aan die persoon wat die wysigings aanbring, oorhandig, is dit wenslik dat die teksversorger aan die hand van voorbeelde uit die teks verduidelik op watter stelsel die versorging gedoen is. Indien die teksversorger 'n dokument kan opstel ter verduideliking van die teksversorgingstekens wat in die versorging toegepas word, sal dit van groot waarde wees vir die persoon wat die wysigings gaan aanbring.

## 9.6 Samevatting

Teksversorgingstekens maak 'n integreerende deel van die teksversorgingsproses uit. Indien verwarring heers oor/misverstande voorkom as gevolg van die (verkeerde) gebruik van teksversorgingstekens, kan dit die kwaliteit van die teksversorgingsproduk beïnvloed. Die persoon wat die voorgestelde wysigings aanbring, moet presies weet wat die bedoeling van elke teken is, sodat die korrekte wysigings aangebring kan word.

Verskillende organisasies/individue maak van verskillende teksversorgingstekens gebruik. Daar is volgens die navorser nie een stel tekens wat as die standaard moet heers nie. Tog is dit van groot belang dat die tekens gestandaardiseer word vir 'n stel/reeks take/opdragte wat vir dieselfde persoon voltooi word. Sodoende word

eenvormigheid toegepas ten opsigte van die wyse waarop teksversorgingsvoorstelle gemaak word en word verwarring geminimaliseer.

Indien teks versorg word vir persone wat nie met enige model van teksversorgingstekens vertrou is nie, kan die teksversorger 'n vereenvoudigde model ontwerp en toepas. Sodanige model behoort eenvoudig en maklik verstaanbaar te wees. Dit is ook nuttig indien die teksversorger saam met 'n versorgde teks 'n model kan voorsien ter verduideliking van die teksversorgingstekens wat gebruik is. Op hierdie wyse word bygedra tot suksesvolle kommunikasie tussen die teksversorger en die persoon wat die voorstelle/wysigings aanbring.

## Samevatting

Die grondslag vir hierdie studie het berus op die volgende taak van die teksversorger: *die versorging van 'n teks op so 'n wyse dat dit bydra tot die suksesvolle oordrag van die bedoelde boodskap van die tekspleger aan die teksgebruiker.* Om hierdie doel te bereik, moet die teksversorger van verskeie beginsels/vaardighede bewus wees en dit toepas. Eerstens moet die teksversorger besluit volgens watter norme/standaarde die teks versorg gaan word.

In Hoofstuk 5 is die rol van norme in teksversorging bespreek. Daar is kortliks gekyk na verskillende sieninge oor normering (op watter gebiede dit geskied, wie in beheer van hierdie normeringsaksies staan, en watter norme in watter situasies van toepassing is). Normering van wat korrek is, impliseer indirek ook die normering van wat nie korrek is nie (taalfoute). Met die evaluering van teks as korrek/nie korrek nie, moet die teksversorger waak teen die evaluering van taalafwykings as taalfoute. 'n Afwyking is nie noodwendig sinoniem aan 'n fout nie. Ander aspekte wat aangeraak is, is onder andere die deskriptiewe/preskriptiewe aard van norme, eienskappe van taalnorme, standaardtaal as 'n norm in teksversorgingspraktyk, en die hantering van taalnorme in teksversorging.

Pragmatiek (Hoofstuk 6) is van belang in die interpretering van teks in konteks. Die konteks waarbinne teks figureer, beïnvloed betekenisoordrag (ook bespreek in Hoofstuk 7). Daar is gekyk na bedoelde, implisiete en vooronderstelde betekenis. Kohesie en koherensie in teks word ook op verskeie maniere bewerkstellig en moet deur die teksversorger in gedagte gehou word. Saam vervul kohesie en koherensie 'n belangrike rol in die korrekte interpretasie van teks. Die suiwering van taalgebruik (in die praktyk) moet versigtig benader word. Indien taalgebruik op sodanige wyse gesuiwer word dat dit die "lewendige" gebruik van taal inperk (met ander woorde op 'n oordrewe/puristiese wyse), kan dit ook kommunikasie negatief beïnvloed. Konteks vervul dus 'n belangrike rol in waarde-oordele oor die aanvaarbaarheid/nie-aanvaarbaarheid van uitinge/teks.

In Hoofstuk 7 is semantiek deur die navorser gedefinieer as “**die studie van die (letterlike) betekenis van woorde of uitdrukkings**”. Betekenis is ’n moeilike begrip om te definieer. Uit die bespreking in die studie het dit geblyk dat betekenis deur elke persoon self geskep kan word. Die vraag is: wat veroorsaak dat betekenis verskillend deur verskillende persone geskep word? Die antwoord tot hierdie vraag is gesetel in die feit dat die gemeenskaplike wete (van taal) wat verskillende taalgebruikers het, ’n invloed kan uitoefen op die interpretasie van tekens/simbole van taal. Met inagneming daarvan dat die semantiek sentraal tot die kommunikasiekunde staan, is dit duidelik dat die teksversorger bewus moet wees van die wyses waarop semantiek ’n invloed uitoefen in die oordra van betekenis (tussen tekspleger en teksgebruiker).

Hoofstuk 8 het gekyk na praktiese wenke in die versorging van teks. Verskeie wenke is aan die hand gedoen en voorstelle gemaak. Die omvang van die praktyk van teksversorging laat egter ruimte vir ’n omvattender en meer gefokusde studie as ’n hoofstuk in hierdie navorsingspoging. Ten spyte van verskeie beskikbare modelle vir teksversorging, berus dit steeds by die teksversorger om ’n eie model te ontwikkel. In die Suid-Afrikaanse konteks bevind die studie van teksversorging hom nog in ’n vroeë ontwikkelingsfase. Deur die professionalisering van die praktyk van teksversorging (byvoorbeeld deur die ontwikkeling en implementering van ’n gedragskode vir teksversorgers), sal meer standaardisering op hierdie gebied in Suid-Afrika toegepas word.

Laastens het hierdie studie kortliks gekyk na die gebruik van teksversorgingstekens in die versorging van teks. Verskillende stelle tekens is beskikbaar, en drie modelle is ook aangehaal. Dit is belangrik dat die teksversorger gebruik maak van ’n stel tekens wat aan die tekspleger bekend is. Indien ’n eie stel tekens ontwikkel word, moet die teksversorger seker maak dat die tekspleger dit verstaan.

Hierdie studie het ’n kort blik gegee op die onderliggende (semanties-pragmatiese) beginsels tot die praktyk van teksversorging. Terwyl dit die teksversorger se plig is om waarde-oordele oor die aanvaarbaarheid/nie-aanvaarbaarheid van (dele van) teks te maak, is daar nie altyd ’n duidelik norm vir die evaluering van teks as korrek/nie korrek nie. Verskeie talige faktore is betrokke by die bogenoemde waarde-oordele,

wat op verantwoordelike wyse deur die teksversorger uitgeoefen moet word met inagneming van die relevante faktore.

Die navorser moedig die teksversorger aan om op die volgende grondbeginsel teksversorgingsaksies uit te oefen:

***Versorg teks op sodanige wyse dat dit bydra tot kommunikatiewe sukses!***

**Bylaag I – Gedragskode vir teksversorgers: Afskrif uit Blaauw & Boets (2000: 267)**

**APPENDIX B: CODE OF ETHICS (2<sup>nd</sup> AND FINAL DRAFT)**

As a professional text editor I undertake to adhere to the following code:

1. In fulfilling my obligations at all times to maintain the highest professional standards and to refrain from any action which may harm the profession, the client or the reader.
2. Continuously to endeavour rendering work of the highest quality and to strive for self-improvement by keeping up to date with developments in my field.<sup>1</sup>
3. Only to accept work for which I am competent regarding the language, subject matter and time limitations, and should this not be possible, to accept such work only after communicating constraints to my client, or to refer it to another competent person after consultation with my client.
4. To accept responsibility for all work which I undertake, subject to such terms as agreed with my client.
5. To respect the rights of my client and to regard all work I undertake as confidential, not to disclose anything in respect of it to any person and not to use knowledge acquired through it for my personal advantage, except as agreed with my client.
6. To negotiate remuneration beforehand for the work that I undertake, on a fair and equitable basis, taking into account prevailing market trends.
7. Wherever reasonable, to share professional knowledge with other members of the profession, without prejudicing confidentiality.
8. To accept no work which appears to be or is clearly intended for illegal or dishonest purposes.
9. In the execution of my duties always to strive, in consultation with the parties involved, for a product which meets the communicative requirements not only of my client but also of the reader of the text.

---

<sup>1</sup> Based on the final round of feedback received on the second draft of the code, clause 2 was amended from "Continuously to endeavour rendering work..." to read: "Continuously to endeavour to render work...".

Bylaag II – Afskrifte uit EP du Plessis (1979: 235-237)

## Proefleestekens

<i>Opdrag</i>	<i>Teksteken</i>	<i>Kantlynteken</i>
Skryf verbetering in kantlyn		
Verwyder en laat spasiof voeg spasio in	Skrap letters, ens. wat verwyder moet word	
Verwyder en sluit aan	 bo en onder letters wat verwyder moet word	 /
Laat bly soos gedruk	 onder letters of woorde wat behou moet word	
Set kursief	 onder letters of woorde wat verander moet word	
Verander na klein-kapitaal	 onder letters of woorde wat verander moet word	
Verander na kapitaal	 onder letters of woorde wat verander moet word	
Gebruik kapitaalletters vir aanvangsletter en kleinkapitaal vir die orige deel van woorde	 onder aanvangsletters en  onder die orige deel van woorde	
Verander na vetletters	 onder letters of woorde wat verander moet word	
Verander na onderkas-letter	Trek regafstreep deur letters wat verander moet word.	

<i>Opdrag</i>	<i>Teksteken</i>	<i>Kantlynteken</i>
Verander na romein	Onderstreep woorde wat verander moet word	<i>Rom</i>
Verkeerde lettertipe	Kring letter wat verander moet word	<i>wf.</i>
Draai setsel om	Kring letter wat verander moet word	<i>o</i>
Vervang beskadigde letters	Kring letter wat vervang moet word	<i>x</i>
Vervang of voeg letters of tekens in waaronder hierdie merk geplaas is in bostandige posisie	/ deur letter of / waar vereis	<i>y</i>
Vervang of voeg letters of tekens in waaronder hierdie merk geplaas is in bostandige posisie	/ deur letter of / waar vereis	<i>~ / ~</i>
Onderstreep woord of woorde	— onder betrokke woorde	<i>Onderstreep</i>
Gebruik koppelletter (bv. ffi) of tweeklank (bv. OE)	o omsluit letters wat verander moet word	o sluit in koppelletter of tweeklank vereis
Sluit aan – verwyder spasio tussen letters	o oor letters wat aangesluit moet word	o
Voeg spasio in	/	<i>#</i>
Maak spasio eweredig tussen woorde	/ tussen woorde	<i>   #</i>
Verminder spasio tussen woorde	/ tussen woorde	<i>minder #</i>
Ruil om	u tussen letters of woorde, nommer indien nodig	<i>ts</i>

Opdrag	Teksteken	Kantlynteken
Skuif setsel na regs	⌞ op linkerkant van setsel wat geskuif moet word	⌞
Skuif setsel na links	⌟ op regterkant van setsel wat geskuif moet word	⌟
Begin nuwe paragraaf	⌞ voor eerste woord van nuwe paragraaf	up.
Nie nuwe paragraaf nie	z tussen paragrawe	loop aan
Voeg weggelate kopie in	∧	Uit, Sien kopie
Vervang met of voeg komma (of komma-punt) in	/ ∧	,/
Vervang met of voeg punt (of dubbelpunt) in	/ ∧	⊙
Voeg koppelteken in	∧	-
Voeg afkappingstekens in	∧	⌞
Voeg aanhalingstekens in	∧	⌞

### Voorbeeld van tekens op proef aangebring

s/ Die oomblik toe ~~ser~~ant Crowley by Linda se kantoor-  
Kop deur instap, voel dit vir haar of 'n ~~keer~~ wind deur haar  
wf waai, want crowley se hele houding is dié van 'n bloed-  
wf hond wat sy prooi in 'n ~~hoek~~ vasgekeer het.

wf Nadat hy 'n ruk lank hot en haar geblaai het, maak  
wf hy hard keel skoon en deurboor haar met sy staalgrys  
wf oë.

wf „Om terug te keer tot u ~~er~~klaring van die aand van  
wf die sewentiende Februarie, suster Verwey. . . Toe het u  
wf aan my gesê dat u verloofde vir ú kom kúier het – dit  
wf was nie moontlik nie.//

wf „Maar, Sersant, u het hom tog self hier gekry! Hoe  
wf kan u nou beweer dat dit nie moontlik was nie?“

## Proofreaders' Marks

Proofreaders' symbols are used to mark errors in copy, and, through the years, a set of standard proofreading marks has evolved. By mastering and using these marks, a proofreader ensures that other employees will be able to correct the copy if the original proofreader is unable to do the revision.

CHART 1.1

ACTION	SYMBOL	MARKED TEXT	CORRECTED TEXT
Transpose letter (change the order)	~	the	the
Transpose words		in the	in the
Stet (leave as original)	.....	<del>June 12, 1992</del>	June 12, 1992
Editor's query (ask the editor)	ed?	Tuesday at 9 p.m. Tuesday at 9 a.m.	Tuesday at 9 p.m.
Boldface	~~~~~	Cheryl Smith	<b>Cheryl Smith</b>
Paragraph	#	hope you will be able to attend the ceremony. I have also been invited.	hope you will be able to attend the ceremony. I have also been invited.
Capitalize a letter	≡	wednesday	Wednesday
Capitalize an entire word	≡≡≡	Planning	PLANNING
Lowercase a letter	/	Average	average
Lowercase an entire word	┌	ESSENTIALLY	essentially
Run in, no return	~	I would like to send you	I would like to send you
Spell out	o	Nov.	November

Chapter 1 Proofreading Skills and Symbols










**CHART 1.2**

ACTION	SYMBOL	MARKED TEXT	CORRECTED TEXT
Insert letter	X ^	ma <sup>i</sup> ing	mailing
Insert word	X X X X ^	the at time	at the time
Insert period	⊙	MrSmith	Mr. Smith
Insert required space	□	on April □ 21	on April 21
Insert comma	^	If we go, we will find	If we go, we will find
Insert semicolon	^	Sue Jane, president, Bill Combs, vice president	Sue Jane, president; Bill Combs, vice president
Insert colon	⊙	7:30 p.m.	7:30 p.m.
Insert a line space	# —	# Wilmington, Delaware Moretown, Texas	Wilmington, Delaware  Moretown, Texas
Insert space	# ^	# inthe	in the















**CHART 1.3**

ACTION	SYMBOL	MARKED TEXT	CORRECTED TEXT
Insert question mark	?	Will you call me?	Will you call me?
Insert exclamation mark	!	Caution!	Caution!
Insert hyphen	-	7-foot fence	7-foot fence
Insert dash	—	Red, blue, green, these colors will	Red, blue, green—these colors will
Insert quotation marks	" "	article entitled Never on Sunday	article entitled "Never on Sunday"
Insert underscore	<u>      </u>	The word <u>never</u> is never used.	The word <u>never</u> is never used.
Insert italics	<i>ital</i>	The word <i>never</i> is never used.	The word <i>never</i> is never used.
Insert parentheses	€ ≠	€ Can we afford the expense? €	(Can we afford the expense?)
Insert apostrophe	↓	it's	it's

**CHART 1.4**


ACTION	SYMBOL	MARKED COPY	CORRECTED COPY
Delete a character		where <sup>e</sup>	where
Delete a line		Washington University Davis College	Washington University Davis College
Delete a space		bed room	bedroom
Delete a word		the <del>very</del> helpful teacher	the helpful teacher
Delete an underscore		Atarsington, <u>Maine</u>	Atarsington, Maine
Delete a letter and substitute a new letter		Allen <del>G</del> <sup>y</sup>	Allen Grey
Delete a word and substitute a new word		with the help of <del>Davis</del> <sup>Marvin</sup> Nichols	with the help of Marvin Nichols
Delete space(s) but leave one space		at the <sup>e</sup> time	at the time
Delete and close up		Master <sup>e</sup> Plan	MasterPlan

**CHART 1.5**

ACTION	SYMBOL	MARKED TEXT	CORRECTED COPY
<b>Indent</b>		 Now is the opportunity we have all	Now is the opportunity we have all
<b>Move left</b>		 Otterbein College Smith College Muskingum College	Otterbein College Smith College Muskingum College
<b>Move right</b>		 Otterbein College Smith College Muskingum College	Otterbein College Smith College Muskingum College
<b>Center text</b>		 Red River Song	Red River Song
<b>Raise text (Superscript)</b>		 Footnotes are placed at the end of the text.	Footnotes are placed at the end of the text. <sup>1</sup>
<b>Lower text (Subscript)</b>		 Some elements are found in H <sub>2</sub> O.	Some elements are found in H <sub>2</sub> O.
<b>Align</b>		 Carter Training Center University of Kansas Allen Career Center	Carter Training Center University of Kansas Allen Career Center
<b>Single space</b>	SS	WORDS SS A Matter of Meaning	WORDS A Matter of Meaning
<b>Double space</b>	DS	WORDS DS A Matter of Meaning	WORDS A Matter of Meaning
<b>Triple space</b>	TS	WORDS TS A Matter of Meaning	WORDS A Matter of Meaning
<b>Quadruple space</b>	QS	WORDS QS A Matter of Meaning	WORDS A Matter of Meaning



### Proofreaders' Marks

	Delete the word or line	Delete the word <del>computer</del>
/	Strike through the misstroke; write the correct letter above	Observe good rol <sup>e</sup> / models.
# ^	Insert a space	The words ran <sup>#</sup> together.
⌋	Close up the space	Mar <sup>⌋</sup> keting goals were m <sup>⌋</sup> et.
↔	Transpose the word or letter	Was <sup>date</sup> the <sup>postponed</sup> ?
⊙ ↗ ↘	Insert punctuation	She left for the meeting⊙
^	Insert a word(s)	Her training <sup>was</sup> <sub>^</sub> excellent.
≡	Capitalize	<u>c</u> indy discussed her goals with <u>d</u> ebra and <u>h</u> elen.
lc	Put in lowercase letters	Submit your application for the lc Spring conference.
¶	Start a new paragraph	¶ We provide these services.
NO ¶	Remove the paragraph indent	NO ¶ The information was accurate.
○	Spell out	The③new members were present.
SS[	Single-space	SS [ Plan to order additional equipment for the office.
DS[	Double-space	DS [ We will hire two new staff members for accounting.
	Align vertically	TO: Patricia A. Ward FROM: Dr. S. Kramer
...	Stet (leave copy as it was originally)	<del>Sales</del> results were late.

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS). 1965. Sewende, verbeterde uitgawe, derde oplaag. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS). 1991. Agste, verbeterde uitgawe, tweede druk. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Anderson, L. 1990. Handbook for proofreading. Lincolnwood: NTC Business Books.

Baker, M. 1996. In Other Words: A coursebook on translation. London: Routledge.

Bartsch, R. 1982. "The concepts 'rule' and 'norm' in linguistics", *Lingua* 58: 51-81.

Bartsch, R. 1987. Norms of Language. Essex: Longman Group UK Limited.

Blaauw, J; Boets, E. 2000. "Towards a code of ethics for text editors." In Kruger, A (red.). **Language Matters Vol. 31**. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Blakemore, D. 1995. Understanding utterances. Oxford: Blackwell Publishers Ltd.

Bowles, DA; Borden, DL; Rivers, W. 1993. Creative editing for printing media. Belmont: Wadsworth.

Brown, G; Yule, G. 1991. Discourse analysis. Cambridge: Cambridge University Press.

Cann, R. 1993. Formal semantics. Cambridge: Press Syndicate

Carstens, WAM. 1992. “Die vertaler en sy kennis van taalnorme: teorie en praktyk”. Supplement 13, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, Desember 1992.

Carstens, WAM. 1994. Norme vir Afrikaans. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Carstens, WAM. 1995. “Standaarde in vertaling en taalversorging”. Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Jg. 33(4). Desember 1995. 11-13.

Carstens, WAM. 1997. Afrikaanse tekslinguistiek. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Carstens, WAM. 2000. “Tekslinguistiek en teksversorging”. Supplement 37, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, Desember 2000.

*Chambers's Etymological English Dictionary*. 1950. Great Britain: T. and A. Constable Ltd.

Charolles, M. 1983. Coherence as a principle in the interpretation of discourse. *Text* 3, 1: 71-97.

Chomsky, N. 1965. Aspects of the theory of syntax. Cambridge: M.I.T. Press.

Cloete, TT (red.). 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM-Literêr.

Clouse, BF. 1992. The student writer. Editor and critic. 3<sup>rd</sup> Edition. New York: McGraw-Hill, Inc.

De Stadler, LG. 1992. Groot Tesourus van Afrikaans. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.

De Villiers, A. 1985. Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans van Pretoria. Pretoria: UP. (Verhandeling – M.A.).

De Villiers, IL. 1972. Praatjie gelewer te FAK-jeugkongres by die Randse Afrikaanse Universiteit.

De Villiers, M. 1977. "Die plek van die normatiewe in die taalkunde." *Taalfasette* 22(3): 1-9.

Du Plessis, EP. 1981. Die KENNIS gids tot Moderne Afrikaans. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Du Plessis, HGW. 1995. Variasietaalkunde. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Du Plessis, A. 1997. Die teorie en praktyk van taalversorging in Afrikaans - 'n loodsondersoek. Potchefstroom: PUCHO (Verhandeling – M.A.).

Du Plessis, A; Carstens, WAM. 2000. "Taalversorging – teoreties gefundeer in die taalpraktyk?" *Literator* 21(3), Nov. 2000: 59-74.

Eksteen, LC. 1990. Afrikaanse Sinoniemwoordeboek met Antonieme. Pretoria: JL van Schaik (Edms.) Bpk.

Fielding, M. 1997. Effective Communication in Organizations. Kenwyn: Juta & Co., Ltd.

Frawley, W. 1992. Linguistic Semantics. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Fromkin, V; Rodman, R. 1993. An Introduction to Language. 5<sup>th</sup> Ed. Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Gorrel, RM. 1994. Watch your language! Nevada: University of Nevada Press

Gouws, RH. 1989. Leksikografie. Pretoria: Human & Rousseau (Edms.) Bpk.

Gouws, RH. 2001. Normatiewe leiding in woordeboeke: 'n Nuwe benadering. Die Internet: [www.twisted.co.za/](http://www.twisted.co.za/)

Grobbelaar, P (red.). 1993. Afrikaanse-Engelse Woordeboek van The Reader's Digest. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa Pty (Ltd).

Grundy, P. 1995. Doing Pragmatics. New York: St. Martin's Press, Inc.

Halliday, MAK; Hasan, R. 1976. Cohesion in English. Londen: Longman.

Hartnett, CG. 1986. "Static and dynamic cohesion: signals of thinking in writing". In: Couture (red.). 1986: 142-153.

Hauptfleisch, DC. 1985. "Taalnormering en woordeboeke: 'n praktykgerigte perspektief". In Botha, RP en Sinclair, M (reds.) **Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10**, 201-237.

Heiberg, LR. 1985. "Taaldokters". In Botha, RP en Sinclair, M (reds.) **Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10**, 392-416.

Hipkiss, RA. 1995. Semantics: defining the discipline. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Joubert, DD. 1985. "'n Sosiologiese konsepsie van norme". In Botha, RP en Sinclair, M (reds.) **Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10**, 1-12.

Koch, HJ. 1988. 'n Ondersoek na die uitwerking van bepaalde taalorganisasiehandelinge op Afrikaans. Bloemfontein: UOVS (Verhandeling – M.A.).

Kotze, A. 1998. Die teksversorger as spookskrywer: Christelike uitgewersmaatskappye as 'n gevallestudie. Potchefstroom: PUCHO (Verhandeling – M.A.).

Kotze, A; Verhoef, M. 2001. “Die teksversorger as spookskrywer: Die teorie en professie onder die loep” *Literator* 22(2), Aug. 2001: 77-90.

Le Roux, TH. 1968. Afrikaanse Taalstudies. s.l.: JL van Schaik Bpk.

Levinson, SC. 1992. Pragmatics. Cambridge: Cambridge University Press.

O’Connor, M. 1986. How to Copyedit scientific books and Journals. Philadelphia: ISI.

Odendal, FF. 1989. Wat is reg, wat is verkeerd? Enkele gedagtes oor norme in die taalkunde. Voordrag gelewer tydens die vergadering van die Komitee vir Taaladvies op 9 Augustus 1989 in die Piet Meyer-gebou, Auckland Park.

Odendal, FF (red.). 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT). Midrand: Perskor-Uitgewery.

Odendal, FF (red.). 2000. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT). Kaapstad: CTP Boekdrukkers (Edms.) Bpk.

Odendal, FF. s.j. Aspekte van taal. Kaapstad: Nasou Bpk.

Pigott, J; Smith, M. 1986. Office proofreading. Cheltenham: Thornes.

Plotnik, A. 1982. The elements of editing. A modern guide for editors and journalist. New York: Macmillan.

Posthumus, MJ. 1965. “Die taalgebruik van twee proefgroepe”. *Taalfasette* 1: 73-88.

Prinsloo, A. 2002. “*Het weerman dalk mis-getas?*” *Volksblad*, 4 Oktober 2002, bl. 9.

Reichling, A. 1967. Het Woord. W.E.J. Tjeenk-Willink. 1969. *Verzamelde studies over hedendaagse probleme der taalwetenschap*. W.E.J. Tjeenk-Willink. s.j. *Taalwetenschap*. P.J. de Villiers.

Ross-Larson, BC. 1982. Edit yourself: a manual for everyone who works with words. New York: Norton.

Saeed, JI. 1998. Semantics. Oxford: Blackwell Publishers Ltd.

Schiffrin, D. 1994. Approaches to discourse. Oxford: Blackwell Publishers Ltd.

Schutte, JS. 1985. “Die taalpraktisyn as kruispunt”. In Botha, RP; Sinclair, M. (reds.) **Norme vir taalgebruik**. **Spil Plus 10**, 292-320.

Sinclair, M. 1992. “The effects of context on utterance interpretation: Some questions and some answers”. In Botha, RP; Sinclair, M; Winckler, WK. (reds.) **Taalwetenskap vir die taalprofessies 1: deel b**. **Spil Plus 22**, 61-90.

Skorge, S. 1985. “Die hedendaagse siening van die normering van Duits: ‘n kort oorsig”. In Botha, RP en Sinclair, M (reds.) **Norme vir taalgebruik**. **Spil Plus 10**, 1-12.

Smith, DA; Sutton, HR. 1994. Powerful proofreading skills: tips, techniques and tactics. Menlo Park: Crisp Publications.

Smith, P. 1991. Simplified Proofreading. Alexandria: Editorial Experts.

Souder, SA; White, CC. 1995. Proofreading – skills for success. s.l.: Houghton Mifflin Company.

Sperber, D; Wilson, D. 1986. Relevance: communication and Cognition. Oxford: Blackwell.

Stepp, CS. 1989. Editing for today's newsroom. New perspectives for a changing profession. London: Lawrence Erlbaum.

*STET! Tricks of the Trade for Writers and Editors.* 1986. Alexandria: Editorial Experts.

Steyn, JC. 1980. Tuiste in eie taal. Kaapstad: Tafelberg.

Steyn, JC. 1985. "Algemene aspekte van taalnormering". In Botha, RP en Sinclair, M (reds.) **Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10**, 13-69.

*The Collins Paperback Thesaurus in A-to-Z Form.* 1992. s.l.: HarperCollins Publishers.

*The Concise Oxford Dictionary.* 1991. Oxford: Oxford University Press.

Van den Berg, M. 2000. Die konsep Standaardafrikaans: 'n kritiese oorsig en 'n Hallidayaanse perspektief. Potchefstroom: PUCHO (Proefskrif – Ph.D.).

Van Jaarsveld, GJ. 1985. Semantiek. Pretoria: Academica.

Van Schoor, JL. 1983. Die Grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad: Lex Patria.

Verschueren, J. 1999. Understanding Pragmatics. London: Arnold Publishers

Viviers, D; Van Schalkwyk, H. 1994. Sukses met Afrikaans en Kommunikasievaardighede. Kaapstad: Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk.

Webb, VN. (1985b). "Taalnorme en Afrikaans. 'n Geval van twyfel of vertwyfeling?" In Botha, R.P. en Sinclair, M. (reds.) **Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10**, 70-107.

Webb, VN. 1989. “Die Afrikaanse variasietaalkunde.” In Botha, TJR (red.)  
**Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde:** 412-435. Pretoria: Academica. .

Werkswinkel – Afrikaanse Taalversorging. PUCHO. Prof. WAM Carstens en mnr.  
JWH Blaauw. 15-16 Mei 1997.

Yule, G. 1997. The study of language. Cambridge: Cambridge University Press.